




JAARVERSLAG

2019/2020



We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.



Agri SA | Privaatsak X180 | Centurion | 0046
Inkwazi Kantoorpark | Blok A | Embankmentweg 1249 | Zwartkop X7

Telefoon +27 (0)12 643 3400
Faks +27 (0)12 663 3178
E-pos agrisa@agrisa.co.za

www.agrisa.co.za

Agri SA 2019/2020 JAARVERSLAG

Kopiereg 2020 © Agri SA

INHOUDSOPGAWE

VISIE EN MISSIE.....	4
VOORWOORD DEUR DIE PRESIDENT.....	6
OORSIG DEUR DIE UITVOERENDE DIREKTEUR	12
VERSLAG OOR AGRI SA SE ENTITEITE.....	22
FOTO'S.....	30
KONGRESVERSLAG 2019.....	32
SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID.....	56
Arbeid en Ontwikkeling.....	56
Ekonomie en Handel.....	60
Grond.....	82
Natuurlike Hulpbronne.....	86
Landelike Veiligheid.....	92
AGRI SECURITAS TRUSTFONDS.....	100
PERSONEEL.....	108
ORGANOGRAM.....	110
IN MEMORIAM.....	111
ERETOEKENNINGS.....	112
SAMESTELLING VAN DIE KONGRES	113
STRUKTURE WAARIN AGRI SA VERTEENWOORDIGING GENIET.....	114
VERKORTE FINANSIËLE STATE.....	116

VISIE

Eenheid oor landbou



MISSIE

Agri SA bevorder die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van landbou in Suid-Afrika deur sy betrokkenheid en insette op nasionale en internasionale beleid en die implementering daarvan.

VOORWOORD DEUR DIE PRESIDENT

“

The secret of change is to focus
all of your energy, not on fighting
the old, but on building the new.

- Socrates

”



Pierre Vercueil





'n Ewigveranderende politieke landskap

Verandering is onvermydelik. Hoe ons daarop reageer kan egter 'n groot verskil maak.

Die ontstaan van 'n demokratiese politieke bedeling in Suid-Afrika in 1994 het 'n nuwe ekonomiese, politieke en maatskaplike realiteit geskep. Almal moes daarvolgens aanpas. Ons Nasionale Grondwet bied 'n sterk fondament aangesien dit die waardes en ideale, regte en verantwoordelikhede en spesifieke verpligtinge omskryf waaraan die burgerlike samelewing, regering en sakesektor moet voldoen.

Agri SA en sy lede was ook, en is steeds, gekonfronteer met hierdie nuwe realiteit. Namens die landbousektor moes ons hierby aanpas om die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele welvaart van ons lede te bevorder. As hul mondstuk, moet ons die leiding neem om die belange van die kommersiële landbousektor binne 'n ewigveranderende ekonomiese en politieke omgewing te beskerm en te bevorder.

Agri SA is egter nie uniek in hierdie opsig nie. Soos menige ander internasionale georganiseerde landbou-groepeerings, het ons sekere sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings. Die mate waartoe ons hierdeur geraak word, verskil egter.

Agri SA se belangrikste sterkpunt is daarin geleë dat ons bereid is om die huidige politieke, maatskaplike, ekonomiese en kulturele realiteite die hoof te bied. Ons doen dit deur hoogs bekwame, professionele en toegewyde persone wat verbind is tot voortdurende en konstruktiewe skakeling met die regering en ander rolspelers in die breër politieke en ekonomiese arena in diens te neem. Ons moet in 'n posisie wees waar ons doelgerig binne die politieke en ekonomiese omgewing kan werk.

Erkenning van die huidige realiteite waarborg egter nie 'n gunstige uitkoms nie, maar dit kan verseker dat Agri SA in staat is om die belange van boere op die nasionale agenda te hou.

Vir Agri SA om suksesvol te wees te midde van al hierdie onstuimigheid, probeer ons voortdurend om ons

voorspraak-, ontleding-, navorsing-, kommunikasie-, mobilisering- en bestuursfunksies, maar veral ons intelligensierol, tot hoër vlakke te verhef. Om aan te pas by verandering is bloot één aspek hiervan want om veranderinge in 'n verskeidenheid omstandighede te bestuur terwyl veranderlikes en ideologiese veronderstellings voortdurend wissel, verg wysheid.

Onstuimigheid van 'n ander soort het vroeër vanjaar rondom die wêreld begin versprei. Die Covid-19-pandemie het die globale sowel as Suid-Afrikaanse ekonomie tot stilstand gedwing, met vernietigende gevolge.

Die landbousektor was gelukkig in die sin dat ons as noodsaaklike diens verklaar is. Die onwrikbare posisie ten opsigte van die verkoop van tabakprodukte en alkohol, ondersteun deur die ANC en kabinet, het egter 'n vernietigende uitwerking op tabakboere en produsente van ander rouprodukte vir die vervaardiging van wyn, bier en sterk drank gehad.

“ Die landbousektor was gelukkig in die sin dat ons as noodsaaklike diens verklaar is. Die onwrikbare posisie ten opsigte van die verkoop van tabakprodukte en alkohol, ondersteun deur die ANC en kabinet, het egter 'n vernietigende uitwerking op tabakboere en produsente van ander rouprodukte vir die vervaardiging van wyn, bier en sterk drank gehad.

Die Covid-19-pandemie en gepaardgaande beperkings het 'n nuwe ekonomiese en maatskaplike omgewing tot gevolg gehad. Die vernietigende ekonomiese impak op Suid-Afrika kan nog nie volledig bereken word nie. Die

ekonomie sal na verwagting vanjaar met 7,2% krimp. Miljoene werkgeleenthede is op die spel en miljoene huishoudings ly gebrek. Suid-Afrika se werkloosheid-syfer het met 1,0 persentasiepunt tot 30,1% in die eerste kwartaal van 2020 toegeneem in vergelyking met die vierde kwartaal in 2019.

Belastinginkomste-vooruitsigte het ook skerp afgeneem. Persoonlike inkomste het gekrimp aangesien werkgewers nie volle salarisse kon betaal nie.

“ Belastinginkomste-vooruitsigte het ook skerp afgeneem. Persoonlike inkomste het gekrimp aangesien werkgewers nie volle salarisse kon betaal nie.

Verder is Suid-Afrika se staatsfondse onder erge druk. Sonder dringende optrede sal dit 'n staatskuld krisis tot gevolg hê. Versuim om die astronomiese skuld en skuldterugbetalingskoste te beperk en die begrotingstekort te verminder, sal die land se langtermyn- ekonomiese vooruitsigte belemmer.

Alhoewel die landboubedryf voortgaan met produksie tydens die inperking, sal die sektor nie die ekonomiese en maatskaplike chaos wat deur die pandemie veroorsaak is, kan ontsnap nie. Die nuwe omgewing verg 'n verandering in strategie. Slegs 'n dieper begrip van die kompleksiteit van die landbouwaardeketting en 'n waardering vir die rol wat Agri SA speel, sal ons help om die vele uitdagings waarmee die ekonomie en die landbousektor gekonfronteer word die hoof te bied.

Agri SA is 'n landbou-organisasie wat die landbouwaardeketting as geheel dien. Dit sluit in beleid- en oplossingsgedrewe dienste aan boere wat grootliks verantwoordelik is vir primêre produksie; landbouondernemings wat saad, kunsmis, masjinerie ens. as insette vervaardig; landboumaatskappye wat verantwoordelik is vir die verwerking, berging,

verpakking en verspreiding, asook landbouverskaffers en kleinhandelaars wat produkte aan die verbruikersmark voorsien.

Hierdie is 'n komplekse dóg dinamiese en ewigveranderende waardeketting. As 'n diens- en netwerkorganisasie moet Agri SA nie bloot aanpas by die veranderinge nie maar ook al die uitdagings wat elke lid ervaar deur middel van spesifieke ekonomiese, politieke en sosio-ekonomiese ingrypings aanspreek.

Die Suid-Afrikaanse landbousektor voorsien nie slegs voedsel vir die land, ons buurlande en internasionaal nie, maar dien ook as bron vir grootskaalse werkskepping en menige ander ekonomiese aktiwiteite wat Suid-Afrika ekonomies bevoordeel.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Agri SA sedert verlede jaar begin het om 'n nuwe strategie te formuleer. Gegewe die ewigveranderende en uiters problematiese politieke en ekonomiese realiteite, is dit die taak van ons direksie en lede om 'n doeltreffende en veerkragtige landbou-organisasie te skep wat vir die volgende 100 jaar relevant in Suid-Afrikaanse en internasionale konteks sal bly. Die herstruktureringproses is daarop gemik om die organisasie se stel vaardighede te belyn met die ewigveranderende strategiese en operasionele behoeftes van ons korporatiewe, bedryfs- en provinsiale affiliasies.

Met dié vereistes is daar slegs een doel: om nie die dienste wat verskaf word af te water nie maar om die bestaande beleidsdienste so doeltreffend en volhoubaar as moontlik te lewer en oplossings te vind vir die uitdagings wat boere op 'n spesifieke tydstop ervaar. Agri SA kan dit slegs doen met die regte vaardighede wat die politieke en ekonomiese netwerke tot voordeel van boere kan ontsluit. Ons het persoonlikhede met 'n aktivistiese benadering nodig om die kommersiële landboubedryf te verdedig teen die politieke skietgoed van kwaadwillige politici.

In hierdie verband het ons regbank 'n kritieke en onafhanklike rol te speel om te verhoed dat enige Suid-Afrikaanse burger, soos omskryf in die Nasionale Grondwet, ondermyn word. Die menigte hofsake teen diegene wat versuim het om gehoor te gee aan die grondwetlike bepalings dien as bewys van politieke

bankrotskap in ons land. Die howe, vervolgingsgesag en burgerlike samelewing in die algemeen mag egter nie op hul louere rus nie.

Van kritieke belang is egter die feit dat regte soos omskryf in die Grondwet onseibaar is van ons pligte en verpligtinge teenoor ander. Ons vertrou op die howe om ons regte te beskerm, plaas ook 'n verantwoordelikheid op georganiseerde landbou om op te tree en te voldoen aan die volgende konstitusionele, politieke, maatskaplike en ekonomiese beginsels, waardes en ideale:

- Handhawing en bevordering van menswaardigheid, gelykheid, menseregte, vryheid, nie-rassigheid, geslagsgelykheid en, te alle tye, respek vir die oppergesag van die reg;
- Ons moet egter enige skending van die Grondwet uitwys en die skuldiges aanspreeklik hou;
- Vestiging en uitbou van konstruktiewe verhoudings met die regering, veral kabinetslede wat verbind is tot gedeelde besluitneming en vennootskappe;
- Politieke ideologie moet egter met wetenskaplike bewyse weerlê word. Ons gebruik die politieke, natuur- en ekonomiese wetenskappe en tegnologie as grondslag vir ingeligte besluitneming om volhoubare voedselproduksie, ekonomiese groei en ontwikkeling in die toekoms te verseker;
- Vestig die Suid-Afrikaanse landbousektor as 'n wêreldspeler;
- Ons moet egter nuwe geleenthede in die landbouwaardeketting as geheel identifiseer en opkomende entrepreneurs en nuwe boere help om sodanige geleenthede te ontsluit en te benut met die oog op 'n meer inklusiewe bedryf;
- Risiko's verbonde aan 'n pandemie soos Covid-19 moet aangespreek word en innoverende oplossings gebied word; en
- Covid-19 het egter 'n globale ekonomiese krisis van ongekende omvang ontketen. Dit verg 'n verandering in strategie en ingesteldheid om nuut te begin bou te midde van hierdie onsekere tye.

Socrates beweer die volgende: *"The secret of change is to focus all of your energy, not on fighting the old, but on building the new."* Hierin lê die geleentheid om 'n beter

toekoms te skep, nie slegs vir ons nie maar ook vir Suid-Afrika en al sy mense.

Ons sal sukses anders moet meet. Kom, laat ons uitwaarts kyk in nederigheid en opkyk in die wete dat God ons liefhet. Dit is belangrik om te hoop. Ons is veerkragtig en daarom sal ons nie geleenthede laat verbygaan om by te dra tot 'n beter landbousektor en Suid-Afrika nie.

“ Ons sal sukses anders moet meet. Kom, laat ons uitwaarts kyk in nederigheid en opkyk in die wete dat God ons liefhet. Dit is belangrik om te hoop. Ons is veerkragtig en daarom sal ons nie geleenthede laat verbygaan om by te dra tot 'n beter landbousektor en Suid-Afrika nie.



Pierre Vercueil
President



OORSIG DEUR DIE UITVOERENDE DIREKTEUR

“

The definition of insanity is doing the same thing over and over again and expecting different results.

- Albert Einstein

”



Omri van Zyl





Algemene oorsig

Die wêreld is op sy kop – Covid-19 is besig om ekonomieë uitmekaar te skeur, magsbalans skuif rond soos skaakstukke, mense is onseker en gaan dood – die swart swaan van die eeu is hier.

Landbou bly darem min of meer aan die gang, alhoewel die alkohol-, wild-, tabak industrieë baie swaar kry, en die res van die gemeenskap ly onder die direkte uitwerking van Covid-19 in ons land, 'n sukkelende regering, swak besluitneming, korrupsie en al die ander probleme waarvan ons reeds weet. Ons is besig met die Nasionale Landbou Meesterplan – Suid-Afrika is in diep moeilikheid.

Baie mense, nie almal nie, dink nog steeds in terme van ou denkrigtings. Omstandighede gaan nie môre normaal raak nie – dit is 'n nuwe normaal dié: een wat jou rondruk aan jou kraag, een wat totaal onsimpatiek is.

“ Baie mense, nie almal nie, dink nog steeds in terme van ou denkrigtings. Omstandighede gaan nie môre normaal raak nie – dit is 'n nuwe normaal dié: een wat jou rondruk aan jou kraag, een wat totaal onsimpatiek is.

Die ander ding wat ek wel weet is dat in dié tye ons net die uitdagings te bowe sal kom as ons saamwerk, en mekaar ondersteun en meer belangrik, vertou mekaar. Ons het geen ander ander keuse nie. In landbou geld dieselfde beginsel – as daar al ooit 'n tyd vir leierskap en samewerking was, is dit nou!

Dit was 'n moeilike jaar – met ons finansies onder geweldige druk, ons moes ons rieme sny. Ek voorsien dat dit nog moeiliker gaan raak. Ons het baie vir die bedryf bereik gedurende die Covid-tydperk en is dankbaar vir die toeweyding en samewerking wat ons in dié verband ontvang het. Ons het saam met al ons lede gewerk om

die spreekwoordelike wa deur die drif te trek. Ons het ook 'n nuwe strategie ontwikkel wat fokus op beleid en oplossings vir die sektor. In 'n falende staat sal dit van kritiese belang wees om te verseker dat ons 'n groter impak sal hê op die sektor se prioriteite deur dit wat ons doen.

Van ons grootste risiko's is ekonomiese verval, die likiditeit van die Land Bank, die verbod op die oordrag van waterregte, onteining sonder vergoeding, misdaad, om net 'n paar te noem. Ons sal hierdie risiko's beide strategies en takties moet aanpak om seker te maak ons bestuur en mitigeer die risiko's.

Laastens sal ons moet kyk na selfregulering om van ons huidige uitdagings te bowe te kom. Dit sluit in naspeurbaarheid, die registrasie van intellektuele kapitaal bates, om paar te noem. Ons gaan nuut en innoverend moet dink oor die toekoms van ons industrie.

'n Moeilike jaar vir die ekonomie en landbousektor

Sedert 26 Maart 2020 is Suid-Afrika onderhewig aan 'n algemene inperking weens die Covid19-pandemie, met die gevolg dat ekonomiese vooruitsigte vir die land dramaties verswak het. Voor die inperking het Suid-Afrika se ekonomie reeds gesukkel, met hoë werkloosheid, beleidsonsekerheid, korrupsie, stygende staatskuld, beperkte vraag na Suid-Afrikaanse produkte internasionaal, 'n moontlike kredietafgradering, 'n ver-swakkende rand teenoor belangrike internasionale geldeenheide, swak dienslewering en vele ander faktore.

Die Suid-Afrikaanse landbousektor het ook verskeie uitdagings in die gesig gestaar wat 'n negatiewe impak om boerdery-inkomste en ander ekonomiese veranderinge in 2019 gehad het. Die grootste uitdagings oor die afgelope jaar sluit in dieregesondheid, arbeidsaangeleenthede en klimaatsverandering. Die impak van dieresiektes en arbeidsaangeleenthede hou 'n geweldige bedreiging in vir volhoubare groei in uitvoere in die landbousektor.

Die droogte wat in die tweede helfte van 2018 'n aanvang geneem het, tesame met vroeër verlengde en ononderbroke droogtes (7 jaar) in sommige streke, het

gelei tot 'n dubbelsyfer-afname in oeste weens swak aanplanting van somer- en tuinbou-gewasse.

“ Die droogte wat in die tweede helfte van 2018 'n aanvang geneem het, tesame met vroeër verlengde en ononderbroke droogtes (7 jaar) in sommige streke, het gelei tot 'n dubbelsyfer-afname in oeste weens swak aanplanting van somer- en tuinbou-gewasse.

Laer inkomste en hoër uitgawes

Totale bruto boerdery-inkomste het met 9% per jaar oor die afgelope 15 jaar toegeneem tot R281,2 miljard in 2019, wat die belangrikheid van die landbousektor bevestig. Die bruto inkomste wat verkry is uit akkerbouproduksie het afgeneem met 1,5% tot R57,4 miljard in die jaar geëindig 31 Desember 2019. In die geval van tuinbouprodukte, was bruto inkomste ongeveer R2,2 miljard, of 2,5% laer as die vorige jaar, terwyl die ruilvoet versterk het vanaf 1,02 tot 1,05 in 2019 as gevolg van hoër produsentepryse. Die inkomste verdien uit diereproduksie, wat gekrimp het met ongeveer 1%, het R138,6 miljard bedra.

Gegewe die afname van R14,8 miljard in totale boerderywins in 2019, het reële boerderywins (teen konstante 2010-pryse) met nagenoeg 18% oor hierdie tydperk afgeneem. Netto boerderywins word bereken nadat die koste van produksie-insette afgetrek is. Oorhoofse koste moet ook afgetrek word, insluitend aspekte soos depresiasie en koste vir eie konstruksie en dienste.

Dit het 'n negatiewe invloed op belegging in trekkers, masjinerie en implemente gehad, met bruto belegging in hierdie items wat met 20,3% afgeneem het in 2019, in vergelyking met die vorige jaar.

Totale besteding aan intermediêre goedere en dienste het ongeveer R159,5 miljard in 2019 beloop. Dit was 6% meer as die ooreenkomstige syfer vir 2018. Arbeidskoste verteenwoordig steeds een van die grootste enkele koste-items en het R20,1 miljard in 2019 beloop.

Die sektor bly onderhewig aan stygende insetkoste, terwyl verhoogde elektrisiteits- en brandstofpryse verdere druk sal plaas op 'n bedryfsomgewing wat alreeds sukkel. Hierdie faktore sal ongetwyfeld oor die landbou-waardeketting heen resoneer.

Verswakkende finansiële posisie

Boerderyskuld het aanhou styg tot ongeveer R187,5 miljard in 2019. Totale boerderyskuld het met ongeveer 11% per jaar sedert 2010 toegeneem. 'n Aansienlike gedeelte van hierdie skuld het opgeloopt as gevolg van die droogte en ander beperkings wat boere onder geweldige finansiële druk geplaas het.

“ Boerderyskuld het aanhou styg tot ongeveer R187,5 miljard in 2019. Totale boerderyskuld het met ongeveer 11% per jaar sedert 2010 toegeneem. 'n Aansienlike gedeelte van hierdie skuld het opgeloopt as gevolg van die droogte en ander beperkings wat boere onder geweldige finansiële druk geplaas het.

Internasionale front

Op die internasionale front het Suid-Afrika 'n netto-uitvoerder van landbouprodukte gebly. Die handelsbalans vir die landbou was gemiddeld R18,0 miljard oor die afgelope 10 jaar (van 2010 tot 2019), met 'n ongekende hoogtepunt van R34,8 miljard in 2018 en 'n rekord-laagtepunt van R2,1 miljard in 2012. Nederland was

Suid-Afrika se top-uitvoerbestemming vir landbouprodukte, gevolg deur die Verenigde Koninkryk, China, die VSA en Maleisië met uitvoer ter waarde van R4,2 miljard.

Die totale waarde van landbou-invoer het met 5,3% tot R79,2 miljard in 2019 toegeneem. Rys, vleis en eetbare pluimvee-afval, koring, alkoholprodukte, palmolie en voedselvoorbereidings was verantwoordelik vir die hoogste invoere in terme van waarde.

Uitwerking van Covid-19 op die landbou

Met Suid-Afrika onder 'n nasionale inperking, kon boere voortgaan om voedsel te produseer en voedsel-sekerheid te verseker. Boerderybedrywighede is ongetwyfeld meer ingewikkeld gemaak as gevolg van die inperkingregulasies. Dit is egter belangrik om te fokus op die bestuur van jou aktiwiteite en om jou personeel te ondersteun gedurende hierdie tye. Terselfdertyd moet ons nie potensiële nuwe geleenthede mislyk nie

en eerder beplan om jou besigheid te posisioneer vir groei wanneer ekonomiese aktiwiteite hervat word.

Covid-19 se negatiewe gevolge in terme van menselewe en ekonomiese koste kan egter nie ontken word nie. Deur ons perspektief te verander, kan ons hierdie terugslag gebruik om sterker en beter geïmplementeer vir die toekoms te wees.

BEMARKING EN KOMMUNIKASIE

Agri SA skakel voortdurend met sy lede en belanghebbendes om te verseker dat sy boodskap en inligting korrek, volledig en so effektief moontlik oorgedra word. In ooreenstemming met die Vierde Industriële Revolusie en in 'n snelveranderende kommunikasiewêreld, veral wat digitale en sosiale media betref, is die kommunikasie- en beeldboufunksie direk belyd met die uitvoerende bestuur van Agri SA.

Agri SA se Finansiële Posisie

Belangrikste bewegings – Staat van finansiële posisie				
	2020	2019	Movement	%
Kapitaal en reserwes	R 211 132 002	R 215 840 385	(R 4 708 363)	(2,1)
Nie-bedryfsbates	R 46 207 561	R 45 977 903	R 229 658	0,5
Beleggings en lenings	R 166 205 985	R 170 931 413	(R 4 725 428)	(2,8)
Bedryfsbates	R 6 628 776	R 9 439 294	(R 2 810 518)	30
Bedryfslaste	R 6 966 104	R 10 508 225	R 3 542 121	(33)

Ons kapitaalhelpbronne word benadeel hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die beleggingswaarde van ons portefeulje-beleggings, met die gevolg dat ons kapitaalreserwes moes aanwend om die besigheid aan die gang te hou. Wat ander inkomstestrome betref, het ons 'n verbetering in vergelyking met vorige jare ervaar, met projekinkomste en addisionele borgskappe wat teen 'n konstante vlak toeneem.

Kommunikasiestrategie

Agri SA se kommunikasiestrategie is gerig op verskeie teikengehore, wat insluit lede, die publiek en media. Die verpakking van boodskappe vir elk van die teikengehore is baie belangrik sonder dat die gehalte en toepaslikheid van inligting verlore gaan.

Agri SA het hom oor tyd gevestig as 'n verantwoordelike stem en meningvormer deur die skep van oorspronklike inhoud in sy daaglikse omgang met beleid en ander prioriteit-aangeleenthede waarvan produsente graag wil hoor.

“ Agri SA het hom oor tyd gevestig as 'n verantwoordelike stem en meningvormer deur die skep van oorspronklike inhoud in sy daaglikse omgang met beleid en ander prioriteit-aangeleenthede waarvan produsente graag wil hoor.

Mediakanale word strategies gebruik om met die breër Suid-Afrikaanse publiek te skakel. In dié verband blyk veral sosialemedia-kanale besonder effektief te wees.

Bemarking- en befondsingstrategie

Agri SA se bemarkingstrategie se fokus is steeds om strategiese verhoudings te bou met bestaande vennote en om nuwe vennote te identifiseer, sodat projekte aangepak kan word wat voordelig is vir Suid-Afrikaanse landbou. Hierdie projekte het ten doel om 'n positiewe lig op landbouers en organisasies wat betrokke is in die landbouwaardeketting te skyn. So 'n projek was die 'Ons Boere, Ons inspirasie'-program, waar Agri SA hande gevat het met *Kyknet* en *Sarie*. Die program beklemtoon die impak wat landbouers maak in hulle omgewing, as ook hulle diversiteit. Dit weerspieël stories van omgee, hoop en bly glo deur verlies, en om vreugde vier.

Elk van die stories wat gebeeldsend is het in artikelformaat in *Sarie* verskyn. Agri SA het die geleentheid gebruik om deur die tydskrif die algemene publiek in te lig oor onder meer sy Droogterampfonds sowel as die Agri Securitas Trustfonds, wat talle landbouers ondersteun met plaasveiligheid. Die terugvoering van landbouers, lesers en die wyer publiek was oorweldigend en ons vertrou dat hierdie projek jaarliks sal voortgaan.

Die 2019-kongres, asook die damesdag wat daarmee saam gaan, was 'n reuse-sukces. Die kwaliteit van die sprekers, as ook die bederf van ons borge, dra by tot die sukses van so 'n geleentheid. Kongres bied 'n geleentheid vir uitstallers en borge om hulle voetspoor te vergroot en kongresgangers kon die netwerkgeleentheid benut. Die damesdag, wat gelyklopend op die eerste dag van kongres aangebied was, se tema was “#genoeg” en het in hierdie uitdagende tye waarin ons leef 'n oggend van inspirasie en bederf vir ons vroue in landbou gebied.

Dit bly 'n prioriteit om goeie verhoudings met Agri SA se lede te handhaaf en gedurende die verslagjaar is daar na lede uitgereik deur 'n “Winter warmer”-projek en aan die einde van die jaar het lede 'n voorskoot ontvang.

Die Korporatiewe Kamer het baie aandag geniet en dié kamer groei tot 57 lede. Deur lede van die kamer is daar saamgewerk op verskeie geleenthede en projekte. Waarde is toegevoeg deur die CEO-netwerk-inisiatief wat begin is. Deur die inisiatief word aktuele en tematiese gesprekke aangebied en 'n netwerkgeleentheid word geskep. Die eerste geleentheid het in die Kaap plaasgevind en verdere geleenthede word beplan.

Ander bemarkingsaksies wat deur die jaar plaasgevind het, sluit in:

- Agri SA korporatiewe klerereeks;
- Fondswerwing vir alle Agri SA-geleenthede, wat onder meer insluit kongres, bedryfskonferensie en damesdag;
- Bywoning van landbougerigte uitstallings en geleenthede;
- Ondersteuning tot die Sentrums van Uitnemendheid vir bemarkingsitems;
- Koördinerende en ondersteuning vangeleenthede soos die ambassade-geleentheid, watersimposium en uitstallings;
- Hanteer alle nuwe lidmaatskapversoeke; en
- Fondswerwing en bewusmakingsveldtogte vir uitdagende landboukwessies.

Om waarde vir Agri SA se lede bied, bly deurgaans noodsaaklik. Daarom word Agri SA se waarde-aanbieding gereeld geëvalueer en word die nodige verstellings gemaak om 'n waardevolle en omvattende proposisie aan lede en voornemende lede te lewer.

“ Om waarde vir Agri SA se lede bied, bly deurgaans noodsaaklik. Daarom word Agri SA se waarde-aanbieding gereeld geëvalueer en word die nodige verstellings gemaak om 'n waardevolle en omvattende proposisie aan lede en voornemende lede te lewer.

Mediablootstelling

Deur mediamonitoring kan Agri SA sy “mark-aandeel” beoordeel, en aanpassings maak om sy stem in die openbare debat te laat groei. Gedurende die verslagjaar het Agri SA mediamonitoringsdienste geniet vanaf Mei 2019 tot en met Januarie 2020, waarna die kontrak met die diensverskaffer uitgeloop het. Geen nuwe kontrak vir mediamonitoringsdienste is aangegaan nie weens kostebesparende maatreëls wat ingestel is.

Webblad en sosialemedia

Agri SA se webblad is 'n platform waar verskeie Agri SA-dokumente, wat onder meer insluit infogramme, verslae en voorleggings, gevind en gebruik kan word.

Die sosialemedia-platforms Facebook, Twitter, Instagram en YouTube word deur die kommunikasiespan bestuur met die oogmerk om sy gehoor en interaksie van maand tot maand basis organies te groei. Groot suksesse is in dié verband ervaar. LinkedIn is die plat-

form waar groei alle verwagtings oortref het deur geteikende plasings.

YouTube is steeds 'n platform wat gedurende die verslagjaar aktief gebruik is om video's op te plaas. Die inhoud van die video's het gewissel van boodskappe deur onder andere Agri SA se president, uitvoerende direkteur asook voorsitters en hoofde van die onderskeie sentrums van uitnemendheid.

Platform	Aantal Agri SA-volgelinge Mei 2020	Aantal Agri SA-volgelinge Mei 2019
Facebook	34 510	26 541
Twitter	20 900	15 300
Instagram	4 404	3 524
LinkedIn	26 401	10 574

Agri waarby ingelyf Die Boer/The Farmer

Die tydskrif Agri is Agri SA se tweemaandelikse tydskrif. Dit verskaf inligting oor beleid, wetgewing en programme wat vir landbouers van belang is. Dit verskaf ook raad, voorligting en nuus oor aktuele gebeure aan nagenoeg 28 000 boere, wat deur die onderskeie affiliasies lede van Agri SA is.

“ Die tydskrif Agri is Agri SA se tweemaandelikse tydskrif. Dit verskaf inligting oor beleid, wetgewing en programme wat vir landbouers van belang is. Dit verskaf ook raad, voorligting en nuus oor aktuele gebeure aan nagenoeg 28 000 boere, wat deur die onderskeie affiliasies lede van Agri SA is.

Die tydskrif word regstreeks versend en is ook as 'n elektroniese blaaiboek op Agri SA se webblad gepubliseer.

Die Januarie/Februarie 2020-uitgawe van Agri was die laaste gedrukte tydskrif wat gepos is. Weens die inperkings van Covid-19 is die Maart/April-uitgawe van die tydskrif in 'n digitale formaat uitgegee. Die digitale tydskrif sal deur GWK gekoördineer en bestuur word.

Agri se sirkulasiesyfers word op 'n halfjaarlikse basis deur die Audit Bureau of Circulations (ABC) geoudit.

Parlementêre skakeling

Daar is sowat 15 wetsontwerpe gedurende die tydperk onder oorweging deur die parlement gevoer. Hiervan was een, naamlik die Nasionale Minimumloonwet, van direkte belang vir die landbousektor. Die vyfde parlementsitting het ontbind voor die verkiesings in Mei 2019. In daardie stadium was daar nog 39 wetsontwerpe voor die parlement wat nie afgehandel was nie, en dus verval het. Hiervan is 30 egter weer ingedien voor die sesde parlementsitting.

Die mees kontroversiële onderwerp wat gedurende die tydperk onder oorsig voor die parlement gediens het, was die wysiging van artikel 25 van die Grondwet om voorsiening te maak vir die moontlikheid van nulvergoeding by onteiening. Agri SA se parlementêre verteenwoordiger het die vergaderings bygewoon en affiliasies op hoogte gehou – ook van reëlins met betrekking tot verhoor in die provinsies. Agri SA het deelgeneem aan twee werkwinkels van die ad hoc-komitees wat verantwoordelik is vir die wysiging van artikel 25 van die Grondwet. Agri SA het by beide geleenthede die organisasie se sterk teenkanting teen 'n Grondwetwysiging duidelik gestel.

Agri SA se parlementêre verteenwoordiger het ook ander komiteevergaderings bygewoon en parlementsêre verslae is op 'n gereelde grondslag aan Agri SA deurgestuurd. Daar is gerapporteer oor onderwerpe soos die strategiese planne en jaarverslae van staatsdepartemente en -instellings, die beheer van veesiëktes, vordering met grondhervormingsprosesse, en die begrotings van die departement van landbou, landelike ontwikkeling en grondhervorming, asook vordering met die vestiging van Operasie Phakisa, uitkomst en die droogte.

Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie

Die Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie word deur Agri SA onderskryf. In 2019 was dit die 16de jaar dat Toyota SA dié kompetisie geborg het met 'n Toyota-bakkie as hoofprys.

Agri SA is verantwoordelik vir onder meer die koördinering van die kompetisie tussen Toyota SA en die provinsiale affiliasies van Agri SA. Die waarde van die jongboer-kompetisie moet nie onderskat word nie om jong rolmodelle in die landbou te identifiseer wat as voorbeeld vir nuwe toetreders kan dien en sodoende die toekomstige dinamiek van die sektor te verseker.

“ Die waarde van die jongboer-kompetisie moet nie onderskat word nie om jong rolmodelle in die landbou te identifiseer wat as voorbeeld vir nuwe toetreders kan dien en sodoende die toekomstige dinamiek van die sektor te verseker.

Tydens 'n geleentheid in Kemptonpark op 7 November 2019 is Johan van der Schyff van Plettenbergbaai as wenner aangewys. Johan is 'n eierproducent en veeboer wat al 18 jaar op die plaas JJ van der Schyff en Seuns met angoras, merino's en stoetvee boer en ook skaapvoerkrale besit.

Die kompetisie bestaan sedert 2004 en die jaarlikse winners was soos volg:

- 2004: Jan Grey, Agri Mpumalanga
- 2005: Johan Furstenburg, Agri Limpopo
- 2006: Pieter Nortje, Agri Oos-Kaap
- 2007: Robert De Villiers-Graaff, Agri Wes-Kaap
- 2008: JB van den Berg, Vrystaat Landbou
- 2009: Tony Da Costa, Agri Gauteng

2010:	Jan Scheepers, Vrystaat Landbou
2011:	Gog van der Colf, Agri Noord-Kaap
2012:	Richard Ablort-Morgan, Agri Oos-Kaap
2013:	Attie Scholtz, Agri Noord-Kaap
2014:	Sakkie van Zyl, Agri Noordwes
2015:	Anthony Goble, Kwanalu
2016:	Jacques Beukes, Agri Wes-Kaap
2017:	Jaco Strauss, Agri Noord-Kaap
2018:	JP van den Berg, Agri Noordwes
2019:	Johan van der Schyff, Agri Wes-Kaap

Ander skakelaksies

Die kommunikasie en bemarkingspan was verantwoordelik vir die volgende aksies/geleenthede wat deur die loop van die jaar plaasgevind het:

- Koördinerings van inligtingsgeleenthede en besoeke van internasionale en plaaslike gaste;
- Agri SA se kongres, Bedryfskamer- en Korporatiewe Kamer-konferensie, verskeie media-inligtingsgeleenthede asook Nampo Oesdag;
- Agri SA se korporatiewe klerereeks;
- Koördinerings van Agri SA se jaarverslag;
- Saamstel en verspreiding van Agri SA se maandelikse nuusbriewe; en
- Bywoning van landbougerigte uitstallings en geleenthede.

NUWE KORPORATIEWE LEDE

Die deel van ons strategie wat waardeketting-integrasie ondersteun, sowel as die toevoeging van nuwe korporatiewe lede, was uiters suksesvol. Agri SA se korporatiewe ledebasis staan tans op 57 lede.

REKENINGKUNDIGE BELEID

Daar was 'n regstelling in die rekeningkundige beleid rakende IFRS 9 ten opsigte van die teboekstelling van gerealiseerde en ongerealiseerde winste uit Agri SA se belegging, wat nou as onder ander omvattende inkomste. Agri SA het ook IFRS 16 - Leases, wat in werking getree het vanaf 1 Januarie 2019, toegepas. Die rekeningkundige standaard is gemik om die nodige openbaarmaking te toon vir die oorblywende balanse rakende hurings en verhurings langer as 'n jaarkontraktermyn te kapitaliseer, met die uitwerking om die oorblywende huurtermynbalans reguitlynig

te depresseer in die toekomstige jare na die staat van ander omvattende inkomste.

Agri SA voldoen aan die "International Financial Reporting Standards" verslagdoening. Dit beteken alle bates moet waardeer word volgens hul billike waarde by jaareinde. Die herwaardasie van die gebou sal elke vier jaar gedoen word en die volgende beraamde datum is in 2022. Waardevermindering word afgeskryf oor die verwagte leeftyd van die bates en 'n residu-waarde is gekoppel aan elke bate, wat dan jaarliks hersien moet word.

VERANTWOORDELIKHEDE

Ingevolge Agri SA se grondwet is die direksie verantwoordelik vir die hou van rekeningkundige rekords en is ook verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting.

Hoewel die direksie primêr verantwoordelik is vir die finansiële state, word hulle ondersteun deur Agri SA se eksterne ouditeure. Laasgenoemde moet 'n onafhanklike mening uitspreek en daarvoor verslag doen. Die goedkeuring van die finansiële state berus by die direksie. Finansiële bestuur geskied ingevolge 'n bylae tot Agri SA se grondwet onder "*Delegering van magte*".

LOUDITEURE

Agri SA se ouditeure is The Ashton CA (SA) Group.

Die geouditeerde finansiële state vir 2020 is nog in proses om gefinaliseer te word en beoog om einde Augustus 2020 aan die direksie voorgehou en goedgekeur te word. Ingevolge die bepalinge van Agri SA se grondwet word die verkorte finansiële state aan die kongres voorgehou.

ERKENNING

Agri SA se groei- en waardekettingbenadering help die hele sektor en die organisasie het al gegroei tot 93 organisasies. Hierdie groei is te danke aan ons personeel en die uitstekende kwaliteit mense wat ons hier het.

Ek wil al ons rolspelers wat betrokke is, bedank vir hul onbaatsugtige werk. Aan my president en vise-presidente dankie vir julle ondersteuning en vertroue in my.

Laastens, wil ek jou laat om oor die volgende aanhaling te reflekteer:

“ *Never let the future disturb you. You will meet it, if you have to, with the same weapons of reason which today arm you against the present - Marcus Aurelius*



Omri van Zyl
Uitvoerende direkteur



VERSLAG OOR

AGRI SA SE ENTITEITE



Christo van der Rheede





AGRI SA ENTERPRISES

Agri SA se Algemene Raad het in 2015 besluit dat die organisasie 'n private maatskappy moet stig en dié taak is aan die Bestuurskomitee gedelegeer. Agri SA Enterprises (Edms) Bpk (2016/108808/07) verskaf kundige dienste aan die landbouwaardeketting as geheel asook verwante ondernemings deur gebruik te maak van persone, deur die Projekbestuurskantoor (PMO) met aansienlike kundigheid en ervaring op hul onderskeie terreine. Hierdie dienste sluit in, maar is nie beperk nie tot die volgende:

- Konsultante met kundigheid in landbouprojek-bestekopneming, voorbereiding, -ontwikkeling en -transaksies;
- Adviesdienste, met inbegrip van lewensvatbaarheidstudies, strategiese advies, markontleding, navorsing, ontwikkeling; en
- Nakoming van wetgewing wat van toepassing op die landbou is.

Vennootskap tussen Agri SA Enterprises en die Motsepe-stigting

- Agri SA Enterprises het in 2018 'n vennootskap met die Motsepe-stigting aangegaan om geleenthede te identifiseer wat geskik is vir kommersiële produksie;
- Dit behels landbougrond in die voormalige tuislande onder kuratorskap van tradisionele konings en koninginne;
- Agri SA Enterprises en die stigting het op 8 November 2018 afgeskop met die eerste fase van die projek;
- Gedurende fase een is 200 geleenthede geïdentifiseer;
- Ses projekte is as gesamentlike landbou-geleenthede (JAO's) gekortlys; en
- Op hierdie grondslag het Agri SA Enterprises en die Motsepe-stigting ooreengekom dat die PMO sal voortgaan met fase twee van die projek. Dit behels die volgende:
 - Belyning van projekte in samewerking met tradisionele leiers en skakeling met alle potensiele projekvennote;
 - Versameling van finansiële inligting en prestasiedata ten opsigte van die projekte;
 - Alle projekte word onderwerp aan 'n noulettendheidstudie;

- Ontwikkeling van tydskaal vir die projekte;
- Ontwikkeling van 'n projekplan per projek;
- Skakeling met mede-befondingspartye; en
- Ontwikkeling van finansieringsmemoranda vir verdere fondsinsameling per projek.

PROFESSIONAL FARMERS INSTITUTE

Agri SA het die Professional Farmers Institute (PFI) as 'n maatskappy sonder winsoogmerk ingevolge artikel 223 van die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008) geregistreer. Die PFI is 'n nuwingsgewende maatskappy sonder lede en moet al sy bates en inkomste aanwend ter bevordering van die doelwitte soos uiteengesit in sy Akte van Oprigting. Ten minste 75% van alle begunstigdes sal swart mense wees, soos omskryf in die Gewysigde Kodes vir Goeie Praktyk.

“ Die PFI is 'n nuwingsgewende maatskappy sonder lede en moet al sy bates en inkomste aanwend ter bevordering van die doelwitte soos uiteengesit in sy Akte van Oprigting. Ten minste 75% van alle begunstigdes sal swart mense wees, soos omskryf in die Gewysigde Kodes vir Goeie Praktyk.

Die doelwitte van die PFI is soos volg:

- Funksioneer as 'n koördinerende entiteit om opleidingsaktiwiteite in die landbou saam te snoer en te koördineer;
- Skep 'n nuwe groepering professionele boere om transformasie te bevorder;
- Doen aansoek vir befonding vir die opleiding van voornemende boere en plaaswerkers;
- Koördineer opleidingsprojekte en bevorder 'n

gekonsolideerde benadering tot opleiding onder Agri SA se affiliasies;

- Kommunikeer voorbeelde van beste praktyk en stel jaarliks 'n landboutransformasieverslag op;
- Bevorder landelike gemeenskapsontwikkeling deur middel van hoëgehalte- en praktiese agri-opleiding; en
- Opleidingverskaffers sal nasionaal aangewend word om opleiding en ontwikkeling aan te bied.

Die PFI het die volgende opleidings-programme geloods:

Landbouleierskap-ontwikkelingsprogram in samewerking met AgriSETA

- Die Landbouleierskap-ontwikkelingsprogram bied aan deelnemers 'n eksklusiewe geleentheid om hul bestuurs-, analitiese en kreatiewe besluitnemingsvaardighede in die landbousektor te ontwikkel deur spanbou-, onderhandeling-, aanbidding-, kommunikasie en leierskapsvaardighede op strategiese bestuursvlak op te skerp;
- Die program fokus spesifiek op strategiese denkwyses en leierskapsontwikkeling in 'n vinnig veranderende en mededingende agribesigheids-omgewing. Met die verloop van hierdie program sal deelnemers 'n beter begrip kry van huidige landbou-aangeleenthede en die uitdagings wat boere ervaar, asook hoe hierdie faktore pogings om 'n sterker en meer volhoubare landbousektor in Suid-Afrika en verder buite ons grense, beïnvloed; en

“ Die program fokus spesifiek op strategiese denkwyses en leierskapsontwikkeling in 'n vinnig veranderende en mededingende agribesigheidsomgewing.



- Die program volg 'n modulêre aanbiedingswyse en bywoning van alle sessies is verpligtend. Twee kontakssessies word geskeduleer oor 'n driemaande-tydperk. Die eerste kontakssessie het vanaf 2 tot 6 Maart 2020 plaasgevind. As gevolg van die inperking kon die tweede sessie nie tussen 4 en 8 Mei plaasvind nie. Dit is wel aanlyn via die ClickUP-stelsel van Enterprises UP vanaf 21 Julie tot 19 Augustus aangebied.

Die doel van hierdie program is om:

- Leierskap-, strategiese en bestuursvaardighede in en vir die landbou en agribesigheid te ontwikkel;
- Doeltreffende leiers te skep;
- Vermoë te ontwikkel om diversiteit en groepsdynamika te optimaliseer;
- Geleentheid wat benut kan word te identifiseer en uitdagings te oorkom;
- Riglyne te verskaf vir die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike begrip van die unieke uitdagings en dinamika van landbou in Suider-Afrikaanse en Afrika-konteks;
- 'n Gemeenskaplike visie te bewerkstellig, met geleentheid wat benut kan word, en om uitdagings aan te spreek;
- Te fokus op plaaslike sowel as internasionale landbou-aangeleenthede;
- Toegang tot markte en bewustheid van mededinging;
- Globaal te kan meeding;
- Skakeling met kliënte te bewerkstellig en suksesvol te onderhandel; en
- Menslike hulpbron-vaardighede te verbeter.

Lotus Gardens-gemeenskapsentrum se plantproduksie-opleidingsverslag

Hierdie program is deur die SAGE-stigting geborg. Die opleiding het op 22 Oktober 2019 by die Lotus Gardens-gemeenskapsentrum begin. Vyftien werklose benadeelde swart mense is in plantproduksie opgelei.

“ Hierdie program is deur die SAGE-stigting geborg. Die opleiding het op 22 Oktober 2019 by die Lotus Gardens-gemeenskapsentrum begin. Vyftien werklose benadeelde swart mense is in plantproduksie opgelei.

Die opleiding was prakties van aard en die kandidate het 'n geleentheid gehad om die teoretiese kennis wat hulle opgedoen het in die praktyk te implementeer.

Alle kandidate het die opleiding suksesvol voltooi en bywoningstifikate ontvang. Hulle wil baie graag hul vaardighede verder uitbrei en 'n sukses van hul tuine maak.

Ons wil graag namens Agri SA en die Lotus Gardens-gemeenskapsentrum die SAGE-stigting bedank vir hierdie uitstekende inisiatief.

Ramphulpsentrum

Die doelwitte van die Agri SA Ramphulpsentrum is soos volg:

- Om 'n fonds te stig en die inkomste en/of kapitaal aan te wend vir droogtehelp of in natuur-rampgebiede van die landbousektor in die Republiek van Suid-Afrika;



- Om veldtogte te loods vir droogtehulp en voedselvoorsiening aan gemeenskappe wat hongersnood ervaar of vir ander hulpprogramme;
- Om artikel 18-sertifikate uit te reik; en
- Artikel 18A maak voorsiening vir belastingbetalers wat 'n bona fide-skenking aan 'n PBO of sekere ander instellings gemaak het om 'n belastingkorting te eis.

Droogtehulp

Totale skenkings vir droogtehulp wat tussen 2016 en 2020 ontvang is, beloop R24 437 979.

Noordwes	R 3 739 474,00
Vrystaat	R 3 439 474,00
Limpopo	R 714 934,63
KwaZulu-Natal	R 148 185,44
Wes-Kaap	R 4 280 000,00
Gauteng	R 372 975, 00
Mpumalanga	R 31 380,00
Noord-Kaap	R 6 198 421,00
Oos-Kaap	R 2 379 474,00
Hortgro	R 200 000,00
Addisionele trokvervoer, baling, maatgeleenthede en veevoer vir opkomende boere	R 1 573 853,00

Die verwoestende droogte wat deur menige boere en plaaswerkers oor die afgelope vyf jaar ervaar word, het die landbousektor onder geweldige ekonomiese druk geplaas. Die droogte hou nadelige sosio-ekonomiese implikasies in vir diegene wat in die betrokke gebiede woon, veral die armes.

Hierdie implikasies sluit in stygende voedselprijs – as gevolg van voorraadbepelkings – vir huishoudings wat minder as die minimumloon verdien en diegene wat reeds in armoede leef. Ander is uitgelewer aan 'n onseker inkomste of staar moontlik hierdie onsekerheid in die gesig. Terwyl droogtetoestande steeds ernstig in sommige gebiede is, plaas Covid-19 verdere druk op ons ekonomie. Die pandemie het 'n vernietigende impak gehad op voedselsekerheid in arm gemeenskappe.

Agri SA het die departement van kooperatiewe samewerking en tradisionele sake versoek om die droogteverklaring van 4 Junie 2020 met 'n verdere maand te verleng, soos voorsien in die Rampbestuurswet. Agri SA het ook 'n beroep op die regering gedoen om finansiële hulp te verleen aan boere wat geraak is deur die droogte in die vorm van veevoer, waterinfrastruktuur, boortoerusting, gereedskap, opgradering van boorgate en ander ingrypings om die las te verlig van diegene wat swaarkry.

Oor die afgelope paar jaar het die regering egter geen werklike poging aangewend om die langtermyn-uitwerking wat die voortslepende droogte op die kommersiële landbousektor in sekere dele het, te verlig nie. Agri SA se herhaalde versoeke aan die regering om die kommersiële landbousektor te help met 'n finansiële pakket het op dowe ore geval.

“ Oor die afgelope paar jaar het die regering egter geen werklike poging aangewend om die langtermyn-uitwerking wat die voortslepende droogte op die kommersiële landbousektor in sekere dele het, te verlig nie. Agri SA se herhaalde versoeke aan die regering om die kommersiële landbousektor te help met 'n finansiële pakket het op dowe ore geval.

Hierdie gebrek aan ondersteuning het 'n uiters negatiewe uitwerking gehad op die volhoubaarheid van die Land Bank asook ander finansiële instellings wat hulp aan boere in hierdie gebiede verleen. Agri SA vra dus dat die regering omvattende redes verskaf –

gegrond op betroubare navorsing – waarom die droogte nie langer as 'n nasionale ramp beskou word nie. Verder wil die organisasie ook weet wat die regering gaan doen om kommersiële landbou te help in gebiede waar boere ernstige droogtetoestande oor die jare heen ervaar het.

Dit is kommerwekkend dat die hoof van die Nasionale Rampbestuursentrum die feit ignoreer dat groot dele van die Wes-, Oos- en Noord-Kaap steeds die gevolge van die langste droogte in 100 jaar ervaar.

“ Dit is kommerwekkend dat die hoof van die Nasionale Rampbestuursentrum die feit ignoreer dat groot dele van die Wes-, Oos- en Noord-Kaap steeds die gevolge van die langste droogte in 100 jaar ervaar.

Voedselhulp

Totale skenkings vir voedselhulp tussen April 2020 en Julie 2020 beloop R2 007 100.

Dit is met groot afwagting dat Agri SA 'n beroep op die regering en privaatsektor doen om by te dra tot die R1 miljard-voedselhulp-inisiatief in 'n gesamentlike poging

om honger gemeenskappe oral in Suid-Afrika te voed.

Covid-19 het menige huishoudings wat hard geslaan is honger en desperaat gelaat, terwyl hul oorlewing toenemend onseker raak. Die pandemie het gekom op 'n tyd waar ons ernstige uitdagings in die land ervaar het, met voedselsekerheid en ander stelsels reeds onder geweldige druk. Selfs voordat Covid-19 sy verskyning gemaak het, het Suid-Afrika reeds deurgeloopt onder grootskaalse natuurrampe, klimaatverandering, werkloosheid, 'n resessie, arbeidsonrus en sprake van grondonteiening sonder vergoeding, asook 'n swak-presterende ekonomie.

President Cyril Ramaphosa het op 15 Maart 2020 die Covid-19-pandemie as 'n nasionale ramp ingevolge die Rampbestuurswet verklaar en beweer dat Suid-Afrika die “kennis, middele en hulpbronne het om die virus te verslaan”. Die streng toegepaste inperkingsregulasies het egter 'n geweldige uitwerking op menige huishoudings gehad en het miljoene mense sonder voedsel gelaat.

Volgens Statistieke SA, “het die persentasie respondente wat hongersnood ervaar sedert die begin van die nasionale inperking vanaf 4,3% tot 7,0% toegeneem”. Dit is gegrond op 'n opname oor die impak van die Covid-19 pandemie op werkgeleenthede en inkomste in Suid-Afrika soos op 20 Mei 2020. Die hoogste persentasies huishoudings wat 'n ernstige tekort aan gesonde voedsel ervaar, is in die Noord-Kaap, Noordwes en Mpumalanga, met 12,9%, 12,5% en 11,4% onderskeidelik.

Skenking	Provinsiale verspreiding	Bedrag
R1 miljoen Yara: Fase 1	Wes-Kaap	R 100 000
	Noord-Kaap	R 100 000
	Gauteng	R 110 000
	Limpopo	R 100 000
	Oos-Kaap	R 100 000
Fase 2	Vrystaat	R 100 000
	Limpopo	R 100 000
	Mpumalanga	R 100 000
	Noordwes	R 100 000

Die Oos-Kaap is een van die provinsies in die land wat die ergste voedselnood ervaar, aangesien nagenoeg 70% van huishoudings minder as R1 000 per maand aan voedsel bestee, terwyl slegs 7,6%, of ietwat meer, huishoudings ongeveer R3 500 per maand in meer welgestelde provinsies soos Gauteng bestee.

In Suid-Afrika is daar steeds 13 738 824 mense (24,9% van die bevolking) wat nie toegang tot genoeg voedsel het nie. Ons moet al die voedselsekerheid- en voedingdimensies van die krisis aanspreek en Agri SA daag alle boere, individue en maatskappye uit om binne hul vermoë by te dra tot die R1 miljard voedselhulpinisiatief in 'n gesamentlike poging om armoede te verlig en voedselsekerheid vir talle huishoudings in Suid-Afrika te verseker.

“ In Suid-Afrika is daar steeds 13 738 824 mense (24,9% van die bevolking) wat nie toegang tot genoeg voedsel het nie. Ons moet al die voedselsekerheid- en voedingdimensies van die krisis aanspreek en Agri SA daag alle boere, individue en maatskappye uit om binne hul vermoë by te dra tot die R1 miljard voedselhulpinisiatief in 'n gesamentlike poging om armoede te verlig en voedselsekerheid vir talle huishoudings in Suid-Afrika te verseker.

Daar is verskeie maniere om by te dra tot die R1 miljard-voedselhulpinisiatief en in hierdie stadium verwelkom ons enige bedrag of voedselpakkies wat u in u hoedanigheid kan skenk. Daar is talle voordele daaraan

verbonde om minderbevoorregtes in hierdie tye te help, maar dit is noodsaaklik om te besef dat diegene wat mees kwesbaar is tydens hierdie voedsel- en voedingskrisis in die konteks van Covid-19 ook diegene is wat reeds blootgestel was aan kritiese voedsel- en dieetkundige nood vóór die krisis.

Met hierdie R1 miljard-voedselhulpinisiatief hoop ons om honger gemeenskappe te voed en die menswaardigheid te herstel van diegene wat daardie waardigheid tydens hierdie ekonomiese resessie verloor het. Deur kennis te deel en bewustheid van hierdie pandemie te kweek deur middel van hierdie innoverende werkwyse en aksies, hoop ons dus om die toenemende hongersnood te stuit.

Die korttermyn-uitwerking van Covid-19 is onmiddellik en naatloos deur almal ervaar as gevolg van die algemene inperkingsregulasies en vir ander belangrike ekonomiese redes. Hierdie nasionale noodtoestand verg samewerking en gemeenskaplike optrede en daar word reeds verwag dat dit 'n langdurige en diepgaande ekonomiese, maatskaplike, politieke en kulturele impak sal hê. Dus, laat ons help waar en wanneer ons kan deur middel van hierdie R1 miljard-voedselhulp-inisiatief.



Christo van der Rheede
Adjunk-uitvoerende direkteur

DIREKSIE



Pierre Vercueil
President



Jaco Minnaar
Adjunk-president



Phenias Gumede
Adjunk-president



Cornie Swart
Algemene Sakekamer



Francois Wilken
Algemene Sakekamer



Douglas Stern
Algemene Sakekamer



Niël Joubert
Bedryfskamer



SK Makinana
Bedryfskamer



Gerhard Diedericks
Korporatiewe Kamer



Rossouw Cillié
Korporatiewe Kamer



Nic Bronkhorst
Korporatiewe Kamer



Dr Kathy Hurly
*Nie-uitvoerende
Onafhanklike Direkteur*



Dr Charlotte Nkuna
*Nie-uitvoerende
Onafhanklike Direkteur*



Omri van Zyl
Uitvoerende Direkteur

KAMER BESTUUR

ALGEMENE SAKEKAMER



Cornie Swart
Voorsitter



Francois Wilken
Ondervoorsitter



Douglas Stern
Addisionele lid

BEDRYFSKAMER



Dr Piet Prinsloo
Voorsitter



Jannie de Villiers
Ondervoorsitter



Niël Joubert
Addisionele lid

KORPORATIEWE KAMER



Gerhard Diedericks
Voorsitter



Rossouw Cillié
Ondervoorsitter



Nic Bronkhorst
Addisionele lid

KONGRES- VERSLAG 2019

TYE VAN KONGRES-SESSIES

Donderdag, 10 Oktober 2019 van 07:30 tot 17:00

Vrydag, 11 Oktober 2019 van 08:30 tot 12:30

TEMA

“Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse landbou-omgewing in die era van die Vierde Industriële Revolusie”

PLEK

Maslow Time Square, Aramistrylaan 209, Pretoria

REGISTRASIE

Afsonderlike registrasiepunte is vir die Algemene Sakekamer, Bedryfskamer, Korporatiewe Kamer en gaste beskikbaar gestel.

Veranderings in die samestelling van afvaardigings is skriftelik vóór of tydens registrasie gekommunikeer.

Afgevaardigdes het hul stembriewe tydens registrasie ontvang en daarvoor geteken. Verlore stembriewe is nie vervang nie.

Die kongres is deur

**108 afgevaardigdes en
138 gaste bygewoon.**



KONGRES-AGENDA

DAG 1 OPENINGSESSIE

Ds Janine Truter het die verrigtinge op dag 1 met skriflesing en gebed geopen.

Die Volkslied is hierna deur die kongres gesing.

Konstituering van die kongres

Die uitvoerende direkteur, Omri van Zyl, het die konstituering van die kongres waargeneem. Hy het bevestig dat 'n kworum teenwoordig is en dat alle grondwetlike verpligtinge nagekom is om met die kongres te kon voortgaan.

Die volgende orde-reëlins is deur hom getref:

- Die volgorde van besprekings is deur die voorsitter bepaal;
- Persone wat nie afgevaardigdes was nie, kon insette lewer met die voorsitter se toestemming;
- Deelnemers wat nie in die program gemeld was nie, is beperk tot 'n spreekbeurt van vyf minute. Deelnemers is versoek om die mikrofoon te gebruik wat op die vloer beskikbaar gestel is om hulle insette te maak;
- Sprekers is versoek om hul toesprake, skriftelik sowel as elektronies, by die administrasiekantoor in te handig, verkieslik voor of direk ná lewering daarvan;
- Vir media- en verslagdoeleindes moes insette by die administrasie-kantoor, of aan Marnu de Wet, oorhandig word om dit op die rekenaarstelsel te laai; en
- Die verkiesingsproses is behartig deur Agri SA se ouditeure, Henry Windell van The Ashton CA (SA) Group, ondersteun deur Willie Jacobs.

Verwelkoming

Verwelkoming en verskonings is deur adjunk-president Phenias Gumede gedoen. Afgevaardigdes, ander verteenwoordigers van affiliasies, sprekers, afgevaardigdes van verskeie staatsdepartemente, verteenwoordigers van portefeulje-komitees, verteen-

woordigers van statutêre liggame, verteenwoordigers van ambassades, afgevaardigdes van ander landbou-organisasies, oud-presidente van Agri SA en gaste is verwelkom.

Ander afgevaardigdes en verteenwoordigers van affiliasies, minister Thoko Didiza en die direkteur-generaal, mnr Mike Mlengana, van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, Rajan Gajaria, uitvoerende vise-president: Besigheidsplatforms van Corteva Agriscience, Kallie Schoeman van Schoeman Boerdery, Gary McKay, kommersiële bedryfshoof: Fidelity ADT Kommersiële, Hano Jacobs, hoof-bedryfsamptenaar: Payteq, Stephan Nel, bemakingsbestuurder: John Deere (Edms) Bpk Sub-Sahara Afrika, Morné Mostert, direkteur: Instituut vir Toekomstnavorsing, Universiteit van Stellenbosch, minister Lindiwe Sisulu, minister van menslike nedersettings, water en sanitasie, wat die tweede dag by die kongres teenwoordig was. Oud-president Japie Grobler is spesiaal te verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming is gerig aan die nuwe korporatiewe lede en bedryfsorganisasies wat hulle eerste kongres as lede van Agri SA bywoon, Toyota/Agri SA Jongboer-finaliste en senior afgevaardigdes en verteenwoordigers van die *International Labour Organisation* (ILO), wat ook die kongres bywoon.

Die media is ook verwelkom en bedank vir hulle teenwoordigheid en beriggewing oor die kongres.

Verteenwoordigers van politieke partye, lede van portefeulje-komitees, verteenwoordigers van die minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, verteenwoordigers van ander staatsdepartemente en statutêre liggame, insluitend die Land Bank, besoekende landbou-organisasies, verteenwoordigers van ambassades, georganiseerde besigheid, verteenwoordigers van verbruikers-organisasies en uitstallers is verwelkom.

Phenias Gumede het verskoning aangebied vir oud-presidente, voormalige kamer-voorsitters, asook Mdu Shabane, direkteur-generaal van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, wat nie teenwoordig was nie. Hy het voortgegaan en borge bedank en verwys na die logo's van die borge

in die kongresprogram, asook hulle boodskappe. Hy het kongresgangers versoek om op te let na borge se uitstallings en uitstallings te besoek. Hy sê ook dat dit belangrik is dat die landbou hom moet assosieer met maatskappye soos dié wat bereid is om Agri SA te ondersteun.

Die logo's van die onderskeie borge is deurlopend gedurende die kongres vertoon:

Platinum- en informelefunksie-borg:

Santam Landbou

Diamantborg:

Corteva

Goue-borge:

Bayer, GWK en AgriSETA

Silwer-borge:

Absa AgriBesigheid, Dräger, Pioneer, Engen, John Deere, Land Bank, MTN, Nedbank, Obaro, MacRobert Prokureurs, Senwes, Standard Bank, Statistieke Suid-Afrika, Total en Voermol Voere

Brons-borge:

Nissan, NWK, Old Mutual & Old Mutual Insure, OVK, Syngenta, en The Ashton CA (SA) Group

Nikkel-borge:

Afgri, Pannar Seed, Sanlam, Vleissentraal en VKB

Phenias Gumede het ook Agri SA se vennote, naamlik CrisisOnCall, Nissan SA, Sanlam, Sonfin, Fidelity ADT en T&E FinOps, bedank vir die lojale ondersteuning wat Agri SA en die Agri Securitas Trustfonds die voorafgaande jaar van die maatskappye ontvang het. Hy het verwys na hulle boodskappe, soos vervat in die kongresprogram, en kongresgangers versoek om ook hulle uitstallings te besoek en uit te vind wat hulle kan bied.

PRESIDENTSREDE

Pierre Vercueil neem die voorsitterstoel in en stel Dan Kriek aan die woord om sy presidentsrede te lewer.

Dan Kriek, president van Agri SA, het in sy presidentsiële rede gesê dat sy pa hom voortdurend daarop gewys het dat hy wat Dan is, bevoorreg is en daarom 'n

plig het om na minder bevoorregte mense om te sien. Suid-Afrikaanse boere is deel van die 5% mees bevoorregte mense in Suid-Afrika wat inkomste betref en het daarom 'n verantwoordelikheid om te help om mense wat minder het, by te staan. Boere moet deel word van 'n inklusiewe landbougemeenskap en moet daarteen waak om hulle nie eenkant af te sonder nie, was sy boodskap aan kongresgangers.



Suid-Afrikaanse boere is deel van die 5% mees bevoorregte mense in Suid-Afrika wat inkomste betref en het daarom 'n verantwoordelikheid om te help om mense wat minder het, by te staan. Boere moet deel word van 'n inklusiewe landbougemeenskap en moet daarteen waak om hulle nie eenkant af te sonder nie, was sy boodskap aan kongresgangers.

Ten spyte van die vele probleme in landbou soos beleids-onsekerheid, onsekerheid oor grondhervorming en die veiligheidsituasie in landelike gebiede, moet boere hierdie probleme nie in isolasie pak nie maar deel word van 'n groter prentjie om die ekonomiese probleme van Suid-Afrika aan te spreek.

Volgens Kriek het president Cyril Ramaphosa se grond-paneel goeie werk gedoen, al mag hy en Nic Serfontein se alternatiewe verslag dalk op die teendeel dui. Daar was vele beginsels waarmee hy en Serfontein saamgestem het. Hulle het egter vasgeskop teen die onnodige voorgestelde Grondwetwysiging. Die beskerming van eiendomsreg was ook vir hulle ononderhandelbaar.

Hy het ook na die vele opbeurende stories op sosiale media verwys onder *I'm Staying* en gesê dat hy nie deel

van hierdie gespreksforum is nie omdat hy dit nog nooit oorweeg het om die land te verlaat nie. Wat egter duidelik is uit die boodskappe op dié forum, is dat Suid-Afrikaners reg is om van Suid-Afrika 'n beter plek te maak, het Kriek gesê.

Pierre Vercueil het die presidentsrede aan die orde gestel, die president daarvoor bedank en weer die voorsitterstoel aan die president oorhandig.

Dr Patrice Motsepe

Die president het hierna vir dr Patrice Motsepe versoek om 'n groeteboodschap aan kongres te lewer.

Hy het verwys na die ooreenkoms tussen Agri SA, die Motsepe Foundation en die president, alle persone betrokke in Agri SA en die provinsiale affiliasies bedank vir die leiding en rol wat elkeen in die onderskeie projekte speel. Daar is verskeie uitdagings en almal se samewerking is nodig om 'n sukses daarvan te maak.

Hoop is 'n belangrike deel van ons lewe en ongelukkig is daar onder baie mense 'n gebrek aan hoop, daarom is gebed belangrik om weer vir mense hoop te gee. Hy het 'n beroep op kommersiële boere gedoen om plaaswerkers en opkomende boere by te staan om vir almal 'n goeie lewe te skep.

GASSPREKER

Minister Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling

Die minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, Thoko Didiza, wat as die openingspreker opgetree het, het verseker dat sy bly is om terug te wees en dat sy die vriendelike verwelkoming wat sy van georganiseerde landbou ontvang, waardeer.

Didiza het ook voorheen gedien as minister van landbou tussen 1999 en 2006.

“Ek is bly om bekende sowel as nuwe gesigte te sien, maar waar is die vroue? Sien hulle na jul plase om terwyl julle kongresse en konferensies bywoon?”.

Didiza het gesê dat sy in haar hoedanigheid as voor-

malige minister van landbou 'n goeie verhouding met georganiseerde landbou gehad het en dat sy graag hierdie verhouding wil voortsit. Sy beklemtoon dat kommunikasie tussen rolspelers nie onderhandelbaar is nie. Sy beplan ook om gereelde kommunikasie tussen senior amptenare in haar departement en hoofuitvoerende amptenare van landbou-organisasies te hervat.

Die sake op haar agenda sluit in landelike veiligheid en misdaad, aangesien “die dood van een boer 'n negatiewe invloed op die gemeenskap as geheel het. Dit skep vrees.” Landboufinansiering en -versekering is ook aangeleenthede wat dringend aandag vereis. Sy glo nie dat die sluiting van die Landboukredietraad 'n goeie idee was nie. Volgens haar moet nuwe finansieringsmodelle ondersoek word om hulp te verleen aan ontwikkelende boere, insluitend lenings en toelaes. Die toekoms van die landbou lê in inklusiwiteit, in ag genome alle rasse en geslagte.

VERKIESING VAN PRESIDENT

Die kongres is versoek om nominasies te doen vir die amp van president.

TEMA 1

DIE TOEKOMSGERIGTE LANDBOUER

Jannie de Villiers het as fasiliteerder vir die sessie opgetree en aan die einde van die sessie 'n samevatting gegee van die besprekings.

Sessie 1:

Landbou-biotegnologie en nano-tegnologie

Rajan Gajaria – uitvoerende vise-president: Besigheidplatforms van Corteva Agriscience

Geen vasteland sal so erg getref word deur die uitwerking van klimaatsverandering as Afrika nie, het Gajaria gesê. Weens beperkte aanpassingsvermoë, vererger deur wydverspreide armoede, is klimaatsverandering 'n ernstige bedreiging vir ekonomiese groei en die lewensbestaan van kwesbare bevolkingsgroepe.

“ *Geen vasteland sal so erg getref word deur die uitwerking van klimaatsverandering as Afrika nie, het Gajaria gesê. Weens beperkte aanpassingsvermoë, vererger deur wydverspreide armoede, is klimaatsverandering 'n ernstige bedreiging vir ekonomiese groei en die lewensbestaan van kwesbare bevolkingsgroepe.* ”

Die wêreldbevolking groei deurentyd en verstedeliking neem vinnig toe. Boere probeer die wêreldwye uitdaging aanpak om voedsame kos te voorsien aan 'n vinnig groeiende bevolking, wat aandrang op gesonder voedsel.

Terselfdertyd is kos in baie wêrelddele steeds skaars en tog behoort daar oorgenoeg kos te wees om almal te voed. Byna een uit nege mense het nie genoeg kos om 'n gesonde lewe te lei nie. In sommige gebiede neem hierdie verhouding tot een uit drie mense toe. In totaal beteken dit nagenoeg 800 miljoen mense wat chronies honger is.

Boonop is voedselvermorsing reeds kommerwekkend. Teen huidige vermorsingsvlakke sal boere in 2050 tot 70% meer voedsel moet verbou om die wêreldbevolking te voed. Ondanks die jaarlikse toename in gewasproduksie, sal boere moontlik steeds nie in die wêreld se groeiende behoefte aan voedsel kan voorsien nie.

Die vraag na verhoogde produktiwiteit op plase sal al hoe groter word. Pogings om produktiwiteit te verbeter, word egter deur verswakke omgewingstoestande belemmer.

Water is skaars in 28% van totale wêreldwye landbougrond. Ongeveer 70% van die wêreld se vars water word gebruik om voedsel te produseer. Boonop is 69% van landbougrond besig om produktiwiteit te verloor weens ontbossing, swak boerderypraktyke, klimaatsverandering en stedelike uitbreiding.

Die gemiddelde globale temperatuur hoef net met 2°F (net minder as 1°C) toe te neem om die opbrengste van mielies met 7,4%, koring met 6% en rys met 3,2% te verminder.

“ *Die gemiddelde globale temperatuur hoef net met 2°F (net minder as 1°C) toe te neem om die opbrengste van mielies met 7,4%, koring met 6% en rys met 3,2% te verminder.* ”

Corteva is daartoe verbind om die lewens te verryk van diegene wat produseer en ook dié wat verbruik. “Deur produktiewe vennootskappe verhoog ons reeds toegang tot tegnologieë en verbeter ons agronomiese praktyke om die lewens van kleinboere te verryk en ons besigheid in ontluikende ekonomieë te laat groei,” het hy verduidelik.

Corteva werk nou saam met belanghebbendes en plaaslike vennote om kapasiteit in verskeie Afrikalande te bou, en identifiseer en implementeer nou nuwe tegnologie en slimmer agronomiese praktyke vir volhoubare en produktiewe landboustelsels, wat in enige klimaat kan gedy.

“As ons saamwerk, kan ons seker maak dat ons wêreldwye voedselstelsels genoeg voedsel vir almal voorsien. Innoverende boerderypraktyke en -tegnologie is absoluut noodsaaklik om hierdie doelwit te bereik en Corteva Agriscience is ten volle daartoe verbind”.

Kallie Schoeman, Schoeman Boerdery**Die rol van strategie en tegnologie in besigheids-ontwikkeling**

Kallie Schoeman het gesê dat dit nie 'n maklike onderwerp is om te hanteer nie en verwys na verskeie sportsoorte waar tegnologie reeds aangewend word om skeidsregters in besluitneming te help. Die uitwerking van verandering bring onsekerheid mee. Hy het beklemtoon dat tegnologie nooit die boere kan vervang nie, maar dat tegnologie deur boere aangewend moet word om vooruitgang te verseker.

Schoeman het verwys na die vorige drie rewolusies en die vooruitgang wat wêreldwyd daarmee ervaar is. Die Vierde Rewolusie is op ons – dit het voordele, maar ook nadele. Voordele oorheers egter die nadele.

Risiko's moet geïdentifiseer en bestuur word, het Schoeman gemaak. Hy het dit vergelyk met 'n persoon wat in 'n haai-area moet roei. Tegnologie gaan egter nie 'n verskil maak aan grond en die vraagstukke oor grond in Suid-Afrika nie, met spesifieke verwysing na onteiening sonder vergoeding. Nuwe inisiatiewe oor grond moet na vore kom deur met die regte mense te praat.

Die ekonomie in Suid-Afrika kan nie deur politiek bedryf en bedreig word nie en moet deur markkragte bepaal en reguleer word. Daar is verskeie rooiligte wat in die ekonomie flikker waaraan dringende aandag gegee moet word.

OORHANDIGINGS AAN AGRI SECURITAS TRUSTFONDS

Santam Landbou, OFM, Obaro en Sanlam het skenkings aan Agri Securitas Trustfonds se voorsitter, Japie Grobler, oorhandig.

Grobler het die donateurs bedank vir dié skenkings en gesê dat die Agri Securitas Trustfonds die ideale platform bied aan besighede wat hulle vereenselwig met die werk wat die Trustfonds doen om boerderygemeenskappe te beskerm en 'n bydrae ter ondersteuning van die saak te maak.

UITSLAG VAN PRESIDENTSVERKIESING

Dan Kriek is vir 'n verdere termyn as president herkies.

VERKIESING VAN ADJUNK-PRESIDENTE

Die uitvoerende direkteur het die kongres versoek om tydens middagete hulle nominasies te doen vir die amp van eerste adjunk-president en daarna die nominasies vir die tweede adjunk-president, nadat die eerste adjunk-president verkies is.

MIDDAGETE

Mnr Kriek stel Tony Esmeraldo van Corteva aan die woord vir 'n boodskap aan kongres as Diamant-borg en 'n uitnodiging om middagete saam met Corteva te geniet.

TAFELGEBED

Gert Smith het 'n tafelgebed gedoen, waarna middagete in die Tatso-buffet bedien is.

Ná middagete het die president kongres versoek om na die volgende video te kyk en te luister: "Ons boere ons inspirasie". Daar is min dinge so inspirerend soos ons land se boere en elkeen se unieke storie. Agri SA is betrokke omdat ons daardie positiewe lig op ons landbouers wil skyn.

Sessie 2:**Tegnologie op die plaas****Gary McKay, kommersiële bedryfshoof:****Fidelity ADT Kommersieel****Veiligheidstegnologie vir toekomsboerdery**

Gary McKay het agtergrond gegee oor Fidelity en van die huidige direksie van die maatskappy. Agri SA en Fidelity het in April 2019 'n Memorandum van Ooreenkoms onderteken waarvolgens samewerking tussen die twee organisasies sal geskied. Daar is reeds vordering gemaak met samewerking en verskeie kwotasies vir sekuriteitstelsels is aan boereverenigings gedoen, terwyl onderhandelinge in die Oos-Kaap aan die gang is om reeds bestaande stelsels deur Fidelity te laat oorneem.

Die omvang van dienste wat Fidelity aanbied, is groot en sluit in die verskaffing van wagte, gespesialiseerde dienste, taktiese gewapende reaksie, ondersoeke en taktiese lug-ondersteuning. Die maatskappy beskik oor 159 takke, 4 066 voertuie, 9 098 vuurwapens, 55 000 operasionele werkers en 5 000 administratiewe ondersteuningspersoneel.

Die maatskappy werk nou saam met die Suid-Afrikaanse Polisie en beskik oor 'n gesamentlike inligtingbevelsentrum. Die groep se voetspoor strek verder in ander lande soos Mauritius, Ghana, Zambië en Cyprus. Die tegnologie kom van al die Suid-Afrikaanse selfoonmaatskappye soos Vodacom, MTN, Cell C en Telkom.

Fidelity beskik oor geïntegreerde netwerkstelsels en moniterings-oplossings wat hulle aan die boere van Suid-Afrika kan aanbied.

Hano Jacobs, hoof-bedryfsamptenaar: Payteq
Effektiewe betalingsisteme vir landbou

Hano Jacobs het in sy aanbieding gesê dat betalingstelsels die ruggraat is van 'n land. Dit bewerkstellig die betrokkenheid in die nasionale en internasionale sakegemeenskap sowel as verbruikersbetrokkenheid. Die banksektor gaan in die toekoms meer mededingend raak en drie nuwe banke, naamlik Discovery, Tyme Bank en Bank Zero, het onlangs tot stand gekom. Hierdie banke fokus op digitale dienste. Verder is die winsgewendheid van tradisionele takbankdienste onder druk en verskeie banke het reeds takke gesluit.

Die uitwerking van digitale bankdienste is indrukwekkend en dit is waarop alle beleggers en modernisering fokus.

Die einde van tjeks as betaalmiddel is op die horison aangesien die besigheidswêreld vertroue in tjeks verloor het, die verrekeningstyd is verouderd en die koste van banke kan nie geregverdig word nie. Kontant as betalingsmiddel hou verskeie risiko's in en dra by tot misdaad deur transito-rooftogte en skep verder die geleentheid vir bedrog. Daar is ongeveer 11 miljoen mense in SA wat nie banke gebruik nie of beperkte bankdienste gebruik.

“Die einde van tjeks as betaalmiddel is op die horison aangesien die besigheidswêreld vertroue in tjeks verloor het, die verrekeningstyd is verouderd en die koste van banke kan nie geregverdig word nie. Kontant as betalingsmiddel hou verskeie risiko's in en dra by tot misdaad deur transito-rooftogte en skep verder die geleentheid vir bedrog. Daar is ongeveer 11 miljoen mense in SA wat nie banke gebruik nie of beperkte bankdienste gebruik.

Die gebruik van selfone het mobiele betalingsdienste laat ontplof – We ChatPay, Alipay en digitale beursies (E-Wallet) is voorbeelde hiervan.

Jacobs het gesê dat hy optimisties is dat tegnologie baie uitdagings gaan help aanspreek. Miljoene mense kan digitaal baie meer effektief betrek word wat die vloei van geld doeltreffender maak. Hy is van mening dat meer verbruikers en entrepreneurs betrokke kan raak by die koop en verkoop van landbouprodukte. “Tegnologie maak die wêreld kleiner en ons kan verbruikers bereik en hulle help om aktiewe deelnemende verbruikers te word,” het hy afgesluit.

Sessie 3: Landboumeganisasie

Barrett Bar, strategiese hoof: Geïntegreerde Oplossings: John Deere Intelligent Solutions Group (VSA)

Die rewolusie van presisie-landbou deur kunsmatige intelligensie

Die potensiële toename in Afrika se landbou-opbrengs deur die strategiese gebruik van data kan die kontinent se boere sentraal tot die globale ekonomie van die toekoms posisioneer. Die strategiese gebruik van nuwe data wat beskikbaar is oor Afrika se kleinskaalse boere en -kontakters bied aan die kontinent nuwe hoop vir voedselsekerheid, asook 'n nuwe en meer gediversifiseerde uitvoerproposisie, "wat volhoubare buitelandsevaluta-verdienste ondersteun en vaardigheid-toepaslike werkgeleenthede skep, asook breër voorraadketting- ontwikkelingsgeleenthede oor die landbou-gefokusde bedryfwaardketting heen aandryf," volgens Antois van der Westhuizen, besturende direkteur van Sub-Sahara Africa, John Deere Financial.

Nuwe tegnologieë wat gereedelik beskikbaar is aan Afrika se kleinskaalse boere, beteken dat die kontinent uiteindelik die punt bereik het waar Afrika se menige – maar steeds onbenutte – landbougeleenthede meer toepaslik vir kapitaal, meganisasie en massiewe nuwe globale markte gemaak kan word. Eenvoudige inligting oor Afrika-boere, die grond waarop hulle boer en hul bedrywighede op daardie grond, het die potensiaal om meganisasie van Afrika se landbousektor te dryf. Terwyl alle boere toegang moet verkry tot kapitaal en toerusting, handhaaf Afrika se groot kommersiële boere reeds goeie verhoudings met finansiële instellings.

Rigtinggewing vir die lewering van die regte finansiële oplossing vir die regte boer teen die regte prys is slegs moontlik met die regte data. Vir die eerste keer in die geskiedenis is tegnologie nou beskikbaar om hierdie data oor Afrika se kleinskaalse en bestaansboere te lewer.

Rigtinggewing vir die lewering van die regte finansiële oplossing vir die regte boer teen die regte prys is slegs moontlik met die regte data. Vir die eerste keer in die geskiedenis is tegnologie nou beskikbaar om hierdie data oor Afrika se kleinskaalse en bestaansboere te lewer.

John Deere het met ACDI/Voca, ADVANCE en USAID, asook ander insetverskaffers in Ghana saamgewerk rondom meganisasie en die voorsiening van kunsmis en saad aan demo-plase vir kleinskaalse en bestaansboere in die land. Volgens Van der Westhuizen was die resultate verstommend. In sommige gevalle het opbrengs meer as sewevoudig verhoog, wat bevestig het wat John Deere reeds geweet het naamlik dat, indien kleinskaalse boere toegang kan verkry tot meganisasie, kunsmis en saad, asook die korrekte aanwending daarvan, hulle hul opbrengste kan verhoog.

Terwyl John Deere voortgaan om gevorderde studies oor die optimale gebruik van landboudata te doen, is die nuwe visie vir Afrika se kleinskaalse en bestaansboere, soos voorsien deur nuwe transaksietegnologieë, onmiddellik waarneembaar.

Gegewe veel minder versperrings tot toetrede tot die landbou, het boerdery-aktiwiteite in Afrika groter potensiaal om ekonomiese inklusiwiteit te verbreed in vergelyking met harde valuta-intensiewe myne wat slegs 'n klein persentasie van die bevolking in diens neem, aldus Van der Westhuizen. Aangesien die landbou, indien dit behoorlik en wetenskaplik bestuur word, meer volhoubaar is, het die sektor die potensiaal om onbepaald voedsel te produseer.

“Dit bied aan Afrika se mineraal-uitvoer-afhanklike ekonomieë die geleentheid om te diversifiseer met meer volhoubare uitvoer en met ’n baie hoër potensiaal vir veredeling, industrialisasie en ekonomiese inklusiwiteit,” sê hy.

Morné Mostert, direkteur: Instituut vir Toekomstnavorsing, Universiteit Stellenbosch
Die toekomstige wêreld – Impak van die Vierde Industriële Revolusie op die wêreld

Morné Mostert het die stelling gemaak dat mense wat oor die toekoms dink, beter presteer as persone wat dit nie doen nie. Deeglike introspeksie in enige besigheid behoort van buite plaas te vind – enige ontwigting sal nie deur jouself veroorsaak word nie.

Met verwysing na die Vierde Rewolusie het hy gesê dat ’n veelvoud toerusting met mekaar kan kommunikeer sonder inmenging van iemand. Die grens tussen die rekenaar en die mens is besig om minder sigbaar te raak. Nuwe vrae kan gevra word oor wat is ’n mens. Hy het verwys na die “Club of Rome”, wat sekere voorspellings gemaak het oor die wêreldwye groeikoers, of daar ’n limiet in die koers is gegewe die huidige natuurlike hulpbronne.

Hy het aanbeveel dat die senior bestuur van maatskappye dit altyd moet oorweeg om eksterne strategiese vennote in te kry om te help met denkprosesse. Hoe hoër die huidige tempo van verandering in die veranderende wêreld, hoe meer is die waarskynlikheid dat maatskappye sal oorleef in die toekoms.

Hy het afgesluit met die volgende stelling: “Those who know where they come from, also know that they have been there.”

Sessie 4:
AgroHUB

Christo van der Rheede, adjunk- uitvoerende direkteur: Agri SA

Christo van der Rheede het gesê dat die bou van ’n inklusiewe, volhoubare, winsgewende en tegnologieë gevorderde kommersiële landbousektor in Suid-Afrika ’n vennootskapgping is.

Hy het daarop gewys dat Agri SA ’n professionele organisasie vir boere is en verbind is tot die waardes en ideale van die Nasionale Grondwet. Transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie en veral in landbou, is ’n nasionale noodsaaklikheid. Agri SA is, deur middel van sy lede, voortdurend betrokke met die bevordering van transformasie deur middel van verskeie ontwikkelingsprogramme. Die transformasieverslag is daarop gerig om Agri SA se bydrae tot transformasie ten toon te stel en te bevorder. Dit word gedoen deur die toepassing van die beste praktyke en nuwe geleenthede te ondersoek om verdere groei te verseker.

Agri SA se nasionale opname is daarop gerig om die bedrae te bepaal wat aan ondersteunende transformasieprojekte bestee word en om te bepaal hoeveel boere hierdeur bereik word deur middel van Agri SA se ledebasis.

Sedert die 2018-verslag is R761 miljoen bestee aan transformasie, terwyl 167 008 begunstigdes voordeel getrek het uit ontwikkelingsprogramme, opleidingskursusse, mentorskapprogramme, herkapitaliseringprojekte en entrepreneurskap.

“ Sedert die 2018-verslag is R761 miljoen bestee aan transformasie, terwyl 167 008 begunstigdes voordeel getrek het uit ontwikkelingsprogramme, opleidingskursusse, mentorskapprogramme, herkapitaliseringprojekte en entrepreneurskap.

Vervolgens is terugvoering verskaf oor die Motsepe Foundation-projek in samewerking met affiliasies, ander projekte asook oor die werksaamhede van AgriSETA.

'n Video oor die Agri Gauteng Ekspo, wat deur verskeie tradisionele leiers en konings betrokke by die Motsepe Foundation-projek op uitnodiging van Agri SA bygevoeg is, asook 'n video oor Agri SA se internskappe is vertoon.

Die volgende besluite word deur kongres goedgekeur:

- Die samestelling van 'n AgroHUB; en
- Die bestaande werk wat met transformasie gedoen word, asook die voortsetting en die uitbreiding daarvan.

Digitalisering van die Agri-tydskrif

Omri van Zyl, uitvoerende direkteur: Agri SA
Neil de Klerk, uitvoerende hoof: Groepbemarking en Kommunikasie, GWK

Omri van Zyl het kortliks 'n oorsig gegee oor die huidige situasie met die Agri-tydskrif, waarna hy vir Neil de Klerk van GWK aan die woord gestel het om te verduidelik wat met die tydskrif in die toekoms beoog word.

Gedrukte media het oor die afgelope aantal jare onder druk gekom en mense het al hoe meer na digitale media begin beweeg. Die aanbeveling is dat Agri in digitale vorm vanaf 1 Mei 2020 uitgegee word en in die vorm aan lede op Agri SA se databasis versprei word. Die besonderhede daarvan sal tussen Agri SA en GWK uitgeklaar word.

“Gedrukte media het oor die afgelope aantal jare onder druk gekom en mense het al hoe meer na digitale media begin beweeg.

Besluit:

Die aanbeveling om die Agri-tydskrif te digitaliseer, word goedgekeur.

BOODSKAP VAN BESOEKENDE LANDBOU-UNIES

TLU SA – Louis Meintjes, president van TLU SA, het namens die organisasie 'n groeteboodschap aan Agri SA gebring.

ASUF – Pitso Sekhoto, waarnemende voorsitter van ASUF, het 'n groeteboodschap namens die organisasie gelewer en die uitgetrede voorsitter, Japie Grobler, bedank vir die rol wat hy in landbou en spesifiek in ASUF gespeel het.

NAFU – Motsepe Matlala, president van NAFU, het namens die organisasie 'n groeteboodschap aan Agri SA gebring.

Uitslag van verkiesing van adjunk-presidente

Eerste adjunk-president

Pierre Vercueil – herverkies

Tweede adjunk-president

Phenias Gumede – herverkies

INFORMELE FUNKSIE

Agri SA se informele funksie is vanaf 18:30 gehou in die Diamantsaal, Maslow Time Square, waar Christo van der Rheede as programdirekteur opgetree het. Die verwelkomings is gedoen deur Agri SA se adjunk-president, Pierre Vercueil, terwyl Santam Landbou se uitvoerende direkteur, Lizé Lambrechts, 'n toepaslike boodskap gelewer het.

Seremonie ter erkenning van lede

Tydens die aandfunksie het Agri SA toekennings oorhandig aan verskeie mense en organisasies ter erkenning van hul bydrae tot die landbou.

Die Agri SA-direksie oorhandig jaarliks oorkondes gedurende hierdie funksie om hulde te bring aan diegene wat uitsonderlike diens aan die landbousektor as geheel en Agri SA in besonder, gelewer het. Die gouelapelspel word oorhandig aan persone wat direksie-toekennings ontvang. Agri SA se Algemene Sakekamer

en Bedryfskamer maak ook toekennings ter erkenning van uitsonderlike diens gelewer aan die kamers.

- Dr Koos Coetzee ontvang 'n toekenning van die Bedryfskamer.
- Johan Bothma ontvang 'n toekenning van die Algemene Sakekamer.
- Hoffie Joubert ontvang 'n toekenning van die Algemene Sakekamer.
- Oubaas Malan ontvang 'n toekenning van die Algemene Sakekamer.

Eretoekennings is gemaak aan Hendrik Ackermann, voormalige voorsitter van Agri SA se Sentrum vir Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling, asook aan dr Gerhard Backeberg, voorheen van die Waternavorsingsraad. Beide het verskoning aangeteken vir hul afwesigheid.

Erkenning is ook gegee aan die volgende persone:

- Kobus Breytenbach ontvang 'n toekenning van Agri SA se direksie.
- Ronell en Jana van Wyk ontvang 'n eretoekenning (postuum) namens die voormalige president van Agri Noord-Kaap, wyle Henk van Wyk, van Agri SA se direksie.
- Dr Chris Wentzel, wat benoem was om 'n toekenning van Agri SA se direksie te ontvang, het verskoning gemaak vir sy afwesigheid.

Die volgende eeufees-sertifikate is oorhandig:

- BKB
- *Landbouweekblad*
- Overberg Agri
- OVK
- Sanlam
- Santam
- VKB

Die volgende 110de bestaansjaar-sertifikate is oorhandig:

- NWK
- Senwes
- Suidwes Landbou

TAFELGEBED

Chris Krone het die tafelgebed gedoen.

DAG 2

Alta Strauss het die verrigtinge op dag 2 geopen.

TEMA 2 – BELEIDSONTWIKKELING

Gasspreker:

Minister Lindiwe Sisulu, minister van menslike nedersettings, water en sanitasie

Volgens Lindiwe Sisulu, minister van menslike nedersettings, water en sanitasie, kan amptenare hul werk verloor indien hulle versuim om binne 24 uur te reageer op waterkrisisse. Nadat sy verneem het dat die Mafube-munisipale gebied in die Vrystaat vir die afgelope twee weke sonder water was, het sy besef dat die wyse waarop die regering krisisse hanteer, moet verander.

“Nadat sy verneem het dat die Mafube- munisipale gebied in die Vrystaat vir die afgelope twee weke sonder water was, het sy besef dat die wyse waarop die regering krisisse hanteer, moet verander.

“As regering erken ons die belangrikheid van die landbousektor in ons ekonomie en die rol wat Agri SA deurlopend speel om te verseker dat voedselsekerheidsaangeleenthede en verwante uitdagings gereeld uitgelig word. In samesprekings met my adviseurs, is voortdurende skakeling met georganiseerde landbou geïdentifiseer as uiters noodsaaklik.” Sisulu sê dat sy aan Agri SA erkenning gee vir die suksesse wat die organisasie behaal het en vir die respek wat Suid-Afrika as 'n suksesvolle landbouland geniet.

“Die departement is van mening dat deel van hierdie gesprek moet fokus op die transformasie van toegang tot en die aanwending van water vir produktiewe doeleindes. Die hoof-beperkende faktor is die gebrek aan grondbesit deur ons mense en dus die gebrek aan kollateraal om toegang te kry tot finansiële kapitaal

vir ontwikkeling. Deur middel van die *Water Allocation Reform* (WAR)-program, het die departement onder meer sekere water opsy gesit vir toewysing aan voorheen benadeelde mense. Die opneem van hierdie water was egter stadiger as wat verwag was as gevolg van die ander verbandhoudende hulpbron-uitdagings wat ek vroeër uitgelik het.” Om hierdie rede is die departement ten gunste van die daarstelling van vennootskapvoertuie, soos gesamentlike ondernemings, om die opneem van water te bespoedig en sodoende transformasie in watergebruik te bevorder.

“Ons fokus binne die departement is om ons regulatoriese instrumente te verskerp en seker te maak dat gelykheid sentraal tot ons mandaat word. Ons moedig dus die groot watergebruikers (soos menige lede van Agri SA) aan om proaktief en vrywillig gebruik te maak van ons transformasie-inisiatiewe en ’n helpende hand aanbied. Dit sal ook egalige hervorming van hulpbrontoewysing verseker, sodat u lede nie nadelig geraak word wanneer ons die huidige en ander beoogde herverdeling maatreëls implementeer nie.”

Sy beloof dat haar departement skriftelik sal reageer op alle vrae wat gestel word gedurende die kongres en versoek die organisasie om haar weer na die volgende kongres uit te nooi om terugvoering te gee.

WATERBELEID

Wayman Kritzinger, voorsitter:

Agri SA Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne

In Oktober 2019 sal Agri SA sy beleidsposisie ten opsigte van water heroorweeg, het Kritzinger gesê. Die noodsaaklikheid van ’n duidelike beleid waarvoor ten volle en aktief volmag gegee is en ondersteun word deur al Agri SA se geaffilieerde lede, kan nie oorbeklemtoon word nie. Terwyl hierdie organisasie hard werk om sy langdurige oop en konstruktiewe verhouding met die regering (veral die departement van water en sanitasie) te handhaaf, is dit noodsaaklik dat daar geen dubbelsinnigheid is wanneer dit kom by Agri SA se posisie rondom water nie – heel moontlik die landbousektor se belangrikste natuurlike hulpbron.

Agri SA se fokusareas ten opsigte van water

Opvangbestuursagentskappe (CMA's) en Plaaslike Waterhulpbronbestuurs-instellings (LWRMI's)

Agri SA is van mening dat die instelling van beide CMA's en LWRMI's oral in die land noodsaaklik is vir behoorlik geïntegreerde waterhulpbronbestuur. Ons ondersteun dus die regering se hernude verbintenis tot die daarstelling van die res van die CMA's en sy voorneme om waterbestuursfunksies te sentraliseer.

Ons is ook van mening dat dit voorsiening sal maak vir sekere noodsaaklike funksies op toepaslike vlak, insluitend die bestuur van waterbesoedeling, verswakke infrastruktuur, fakturering asook water-lisensiëring wat op plaaslike of opvanggebied-vlak aangespreek word. Agri SA sal voortgaan om ’n regmatige plek vir landbougebruikers in goed befondste en ten volle funksionerende opvangbestuursagentskappe en plaaslike waterbestuursinstellings te bevorder.

Verifiëring en validasie

Agri SA is van mening dat die verifiëring en validasie (V&V) van bestaande wettige watergebruike noodsaaklik is vir behoorlike, ingeligte besluitneming en toekomstige beleidsontwikkeling. Ons is bekommerd oor die regering se traagheid met die voltooiing van die V&V-proses. Agri SA het ’n mandaat van sy lede om te verseker dat:

- die V&V-proses so spoedig moontlik afgehandel word;
- die regering ons voorsien van gereelde terugvoering oor die status van voltooiing van die V&V-proses in die verskillende provinsies en/of waterbestuursgebiede; en
- waar die regering hulp van die kommersiële landbousektor benodig vir die afhandeling van V&V in enige spesifieke provinsie, Agri SA behulpzaam sal wees om skakeling met ons affilieerde lede te fasiliteer vir daardie doel.

Watergebruikdoeltreffendheid

Suid-Afrika is ’n land wat erge water stres ervaar. Ten spyte hiervan, dra die kommersiële landbousektor aansienlik by tot maatskaplike stabiliteit in Suid-Afrika deur fisiese, maatskaplike en ekonomiese toegang te

verleen tot genoegsame, veilige en voedsame voedsel wat voldoen aan die bevolking se voedingsbehoefte en voedselvoorkeure vir 'n aktiewe en gesonde lewe (d.w.s. voedselsekerheid soos omskryf deur die Verenigde Nasies se Komitee vir Wêreldvoedselsekerheid), terwyl dit terselfdertyd 'n aansienlike bron van buitelandse valuta (uitvoer) en belegging asook 'n belangrike werkverskaffer is.

Agri SA is 'n sterk voorstander van watergebruikdoel-treffendheid in die landbousektor, insluitend die gebruik van toepaslike meting en ander tegnologie ten einde waterverliese en -vermorsing tot 'n minimum te beperk.

Oordraagbaarheid van watergebruiksregte

Agri SA is van mening dat die vermoë om wettig en toepaslik watergebruiksregte oor te dra noodsaaklik is om volhoubare waterbestuur te bevorder. Agri SA is tans betrokke by twee hofsake rondom die regering se gewysigde vertolking van artikel 25 van die Nasionale Waterwet, 1998, wat handel oor hierdie belangrike aangeleentheid.

Beraadslaging oor rouwaterkoste

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne was verteenwoordig by die nasionale konsultasies vir die 2020/21-rouwatergebruikskoste, wat die departement van water en sanitasie op 28 Augustus 2019 by die Birchwood Hotel in Boksburg aangebied het. Agri SA het voorheen versoek dat die waterhulpbronbestuurkoste vir die besproeiingsektor met nie meer as 6,5% verhoog word nie. Die voorgestelde koste is aanvaar vir alle gebiede behalwe die Oranje-proto-opvangbestuursgebied, waar 'n verhoging van 15,66% voorgestel is ingevolge die Nasionale Water-prysingstrategie.

Agri SA se voorstel dat waterhulpbron-infrastruktuurkoste vir die besproeiingsektor beperk word tot 16,5% (d.w.s. 10% plus PPI soos in April 2019) is ook aanvaar. Die voorgestelde verhoging behels 'n substansiële prestasie as daar in ag geneem word dat die regering aanvanklik verhogings van tot 50% in verskeie gebiede voorgestel het. Die voorgestelde rouwatergebruikskoste vir 2020/21 sal nou aan die minister van menslike nedersettings, water en sanitasie voorgelê word vir goedkeuring.

**“ Agri SA se voorstel dat waterhulpbron-infra-
struktuurkoste vir die
besproeiingsektor beperk
word tot 16,5% (d.w.s. 10%
plus PPI soos in April 2019)
is ook aanvaar.**

Agteruitgang van watergehalte

Agri SA is bekommerd oor die algehele agteruitgang van die gehalte van waterhulpbronne oral in die land. Ons is bekommerd dat swak watergehalte aanleiding kan gee tot verdere ekonomiese verlies vir die landbousektor. Agri SA het 'n mandaat van sy geaffilieerde lede verkry om te verseker dat:

- Die huidige stand van watergehalte oral in die land gemoniteer en oor verslag gedoen word, insluitend deur die gereelde vrystelling van die departement van water en sanitasie se *Blue and Green Drop*-verslae;
- Die instelling en implementering van CMA's moet bespoedig word, aangesien dit sleutel-instellings is vir die bestuur van watergehalte. In gebiede waar CMA's nog nie ingestel is nie, moet die nodige magte aan die LWMI's gedelegeer word om hul watergehalte-bestuursfunksies uit te voer;
- Die *Waste Discharge Charge*-stelsel (WDCCS) moet geïmplementeer word soos uiteengesit in die prysingstrategie ingevolge artikel 56 van die Nasionale Waterwet; en
- Die regering moet met al die ander betrokke staatsorgane skakel ten opsigte van die agteruitgang van afvalwater-behandelingswerke. Green Drop-verslaggewing moet weer geïmplementeer word om te verseker dat die handelingswerke behoorlik gemoniteer word.

Onwettige watergebruik

Agri SA bevestig ondubbelsinnig dat onwettige watergebruik 'n bedreiging is vir die landbousektor. Die organisasie is dus verbind tot aktiewe ondersteuning van en deelname in enige en alle inisiatiewe wat daarop

gemik is om te verseker dat Agri SA se geaffilieerde lede voldoen aan die bepalings van die Nasionale Waterwet en dat onwettige gebruik van water nie verdra word nie.

Hervorming van watertoewysing

Agri SA is verbind tot besluitneming wat teen 'n toepaslike tempo asook wettig en gegrond op bewyse geskied, ten opsigte van die transformasie van die watersektor. Ons is van mening dat pogings in hierdie verband belemmer word deur gebrek aan 'n volledige beleid, swak koördinerings en onvoltooide V&V-proses.

Agri SA steun die progressiewe bevordering van 'n ten volle inklusiewe en verteenwoordigende landbousektor, wat bydra tot 'n welvarende en stabiele staat en streek. Met die oog hierop help ons met en bevorder ons identifisering en vinnige ontwikkeling van onbenutte waterhulpbronne vir transformasiedoeleindes. Agri SA doen weer eens 'n beroep op die regering om voort te gaan met sy werk en afhandeling van die hersiening van sy watertoewysing beleid/transformasie-handves in samewerking met Agri SA.

Verhouding met die regering

Agri SA se strategie ten opsigte van waterbeheer is gegrond op die volle en behoorlike implementering van ons Nasionale Waterwet en die handhawing en versterking van sy verhouding met verantwoordelike landsburgers, en toerekenbaarheid en wedersydse vertroue met die regering.

Agri SA en sy geaffilieerde lede doen 'n beroep op alle staatsondernemings wat getaak is met beheer oor Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne en die implementering en afdwinging van Suid-Afrika se water- en omgewingswetgewing om hul voorgeskrewe pligte sonder vrees, voorkeur of vooroordeel uit te voer.

Grond

Ernest Pringle, voorsitter:

Agri SA Sentrum van Uitnemendheid: Grond

Tydens die 2018-kongres is die bestaande beleid oor grondhervorming weer voorgelê en 'n herbevestigde nuwe mandaat is verkry oor Agri SA se siening en beleid oor grond. Agri SA bly gekant teen onteiening sonder

vergoeding en die wysiging van artikel 25 van die Grondwet. 'n Wysiging is onnodig, onwys en ekonomies rampspoedig.

Die organisasie is ook onder meer verbind tot die volgende:

- Boer-ontwikkeling;
- Die Grondwet asook grondhervorming wat binne die oppergesag van die reg geskied, gesteun deur administratiewe praktyke en ingevolge vryemarkbeginsels;
- Die koste van grondhervorming kan nie deur individue alleen gedra word nie;
- Promovering van die besteparktyk-modelle;
- Onteiening sal slegs gebruik word as 'n laaste uitkoms;
- Billike markwaarde as vertrekpunt vir vergoeding; en
- Privaat-eiendomsregte as die hoeksteen van ekonomiese groei.

Die nuutste ontwikkelinge oor grondhervorming:

- Die wysiging van die Grondwet is in proses en 'n ad-hoc-komitee is aangestel deur die parlement om aangepaste bewoording voor te stel;
- 'n Nuwe Onteieningswetsontwerp wat voorsiening maak vir nulvergoeding is gepubliseer vir publieke kommentaar;
- Agri SA het geskrewe kommentaar oor die Wet ingedien, waarin kommer uitgespreek is oor die definisie van onteiening en spesifiek artikel 12(3) wat voorsiening maak vir nulvergoeding;
- Agri SA ondersteun die Melmoth-boere in hulle stryd teen regverdige en billike vergoeding;
- Die Presidensiële Adviespaneel oor Grondhervorming het 'n omvattende verslag beskikbaar gestel;
- Dan Kriek en Nic Serfontein het 'n alternatiewe verslag ingedien; en
- Agri SA het beide verslae bestudeer en skriftelike kommentaar daarop gelewer.

BELEID OOR HERNUBARE ENERGIE

Dr Requier Wait, hoof van Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel

Elektrisiteit in die landbousektor

Elektrisiteit is 'n sleutel-produksie-inset van die landbou. Volgens amptelike statistiek, het die landbousektor in 2018/19 ongeveer R7,334 miljard aan elektrisiteit bestee (naamlik 5% van die sektor se uitgawes op intermediaêre goedere en dienste gedurende hierdie tydperk).

Die landbousektor speel 'n kritieke rol om te verseker dat daar voldoen word aan nasionale voedselsekerheidsvereistes. Meer as 25% van die land se voedsel word produseer deur besproeiing-afhanklike en energie-intensiewe bedrywe. Skerp stygings in elektrisiteitskoste plaas geweldige likiditeitsdruk op landbou-ondernemings, aangesien elektrisiteit 'n aansienlike gedeelte van hul veranderlike kostes uitmaak.

Boere is prysnemers en dit is nie maklik om hierdie addisionele koste aan verbruikers deur te gee nie; daarom moet hierdie uitgawes as 'n addisionele besigheidskoste absorbeer word. Dit het 'n negatiewe uitwerking op boere se bedryfmarge en volhoubaarheid. Suid-Afrikaanse landbou ontvang relatief min staatshulp in vergelyking met baie van ons globale mededingers. Tans is boere se enigste opsie om hul doeltreffendheid te verhoog, skaalvoordele te bekom en kostebesparende tegnologie aan te wend, byvoorbeeld sonkrag- fotovoltaiiese (PV)-stelsels.

Agtergrond

Suid-Afrika se huidige model van 'n vertikaal geïntegreerde, monopolistiese kragvoorsiener (Eskom) is toenemend strydig met globale neigings. Eskom produseer ongeveer 90% van die land se elektrisiteit, byna geheel en al deur middel van koolstof-intensiewe steenkool-gedrewe kragaanlegte. Eskom se finansiële en tegniese uitdagings hou 'n geweldige risiko vir Suid-Afrika se ekonomie en fiskale volhoubaarheid in, terwyl die tendens van stygende elektrisiteitstariewe die kragvoorsiener in 'n afwaartse spiraal dwing.

Hervorming van die elektrisiteitsektor: Nasionale Tesourie se ekonomiese beleidskrif

Die Nasionale Tesourie se onlangse ekonomiese beleidskrif bevat verskeie voorstelle rondom die hervorming van die elektrisiteitsektor. Die voorstel vir 'n onbeperkte, laagste-koste- Geïntegreerde Hulpbronplan (IRP), regulasies wat voorsiening maak vir privaatsektor-deelname, die herstrukturering en modernisering van Eskom se besigheid (met inagneming van internasionale verwikkelinge), asook oop en nie-diskriminerende toegang tot die transmissienetwerk, is 'n stap in die regte rigting.

Finalisering van 'n opgedateerde laagste-koste-IRP, wat nog nie deur die kabinet goedgekeur is nie, is noodsaaklik vir die aanvanklike stabilisering van die energiesektor. Verder behoort die IRP gereeld opgedateer te word om veranderings in ekonomiese toestande en tegnologie te reflekteer, terwyl toekomstige elektrisiteitstariewe op 'n deursigtige en voorspelbare wyse bestuur moet word.

Met Eskom se voorgestelde herstrukturering, moet daar oorweging geskenk word aan 'n holistiese hersiening van die kragvoorsiener se kapitaalmodel, bedryfstruktuur en tarief-regime waar aanvraag maksimeer word en koste tot 'n minimum beperk word. Gevorderde tegnologie en 'n afname in koste kan dien as sterk motivering vir 'n scenario waar son- en wind-energie, gesteun deur buigsame bronne soos gas-gedrewe krag, 'n lewensvatbare opsie is. In die langer termyn sal energiedoeltreffendheidwinste waarskynlik die algehele vraag na energie afdwing. Sodanige scenario, tesame met sektorhervormings, sal die politieke dimensie van Suid-Afrika se energie-oordrag in ag moet neem.

Die hervormingsproses moet potensiële hervorming-verteenwoordigers van sosiale vennote betrek, insluitend besigheid, arbeid en die gemeenskap. Daar moet gefokus word op die bou van konsensus rondom teenstrydige sienings, byvoorbeeld die aanspreek van arbeid se kommer rondom gewaande werkverliese wat verband hou met 'n oorgang vanaf steenkool na hernubare energiebronne.

Privaatsektor-deelname

Tesame met die fokus op onafhanklike kragopwekkers (IPP's), moet breër privaatsektor-deelname, byvoorbeeld kleinskaalse SSEG's in die landbousektor, ingesluit word by die hervormingstrategie:

- Terwyl die Nasionale Energie-reguleerder van Suid-Afrika (Nersa) se registrasieproses vir SSEG's nou goed funksioneer, met registrasies wat ongeveer twee tot drie maande neem, kan die Eskom-proses tussen 12 en 18 maande neem. Hierdie proses is steeds die hoofstruikelblok wat boere verhinder om in 'n sonkragstelsel te belê. Óf Eskom óf 'n potensieële Onafhanklike Stelselsmarkoperateur (ISMO) moet 'n toegewyde span aanstel met 'n gefokuste mandaat om die proses te bespoedig;
- Toegang tot "buite-balansstaat"-finansiering ingevolge 'n huurkontrak, met 'n beperkte befondsing-opsie, kan dien as noodsaaklike kanaal vir belegging deur die landbousektor; en
- Om te verseker dat ons lede toegang verkry tot die beste tegnologie, diensverskaffers en finansierings-opsies, werk Agri SA nou saam met rolspelers in die bedryf ten einde innoverende energie- en finansierings-oplossings vir sy lede te bewerkstellig.

Elektrisiteitnetwerke en munisipaliteite

Belegging in die instandhouding en uitbreiding van elektrisiteitnetwerk-infrastruktuur is noodsaaklik. Agri SA steun die plan om netwerkbeleggings opsy te sit en dat dit deur Nersa gemoniteer word.

Die rol van munisipaliteite wat versuim om hul pligte as elektrisiteit-lisensiehouers na te kom, moet heroorweeg word, veral waar dienslewering, instandhouding van infrastruktuur en gesonde finansiële bestuur ontbreek. Gegewe die globale tendens van koolstofvermindering, digitalisering en desentralisering, behoort munisipaliteite alternatiewe bronne van inkomste te oorweeg deur hul sakemodel te moderniseer.

Oorwegings vir die ontwikkeling van 'n lenige energiebeleid

Finalisering van die Geïntegreerde Hulpbronplan

- Finalisering van 'n opgedateerde laagste-koste-Geïntegreerde Hulpbronplan (IRP) is noodsaaklik. Dit moet gereeld opgedateer word om veranderinge in ekonomiese toestande en tegnologie te reflekteer.

Eskom se beoogde herstrukturering

- Met sy voorgestelde herstrukturering moet Eskom 'n holistiese hersiening van die energie-sektor en elektrisiteitsvoorsieningsbedryf oorweeg;
- Met betrekking tot die hervormings, moet die politieke dimensie van Suid-Afrika se energie-oordrag ook in ag geneem word. Die hervormingsproses moet potensieële hervorming-verteenwoordigers van sosiale vennote betrek, insluitend besigheid, arbeid en die gemeenskap. Daar moet gefokus word op die bou van konsensus rondom teenstrydige menings, byvoorbeeld die aanspreek van die arbeidsektor se kommer oor gewaande werkverliese wat verband hou met 'n oorgang vanaf steenkool na hernubare energiebronne; en
- Toekomstige elektrisiteitstariewe moet bestuur word op 'n deursigtige en voorspelbare wyse, terwyl sodanige tariewe ook die koste reflekteer.

Privaatsektor-deelname

- Breër privaatsektor-deelname, byvoorbeeld kleinskaalse ingebedde opwekkers (SSEG's) in die landbou, moet by die hervormingstrategie geïnkorporeer word;
- Óf Eskom óf 'n potensieële Onafhanklike Stelselsmarkoperateur (ISMO) moet 'n toegewyde span aanstel, met 'n gefokuste mandaat om die administratiewe prosesse te bespoedig wat SSEG-projekte vertraag;
- Toegang tot "buite-balansstaat"-finansiering ingevolge 'n huurkontrak met beperkte befondsing kan dien as noodsaaklike kanaal vir belegging deur die landbousektor; en
- Om te verseker dat ons lede toegang verkry tot die beste tegnologie, diensverskaffers en finansierings-opsies, werk Agri SA nou saam met rolspelers in die bedryf om innoverende energie- en finansierings-oplossings aan sy lede beskikbaar te stel.

Elektrisiteitnetwerke en munisipaliteite

- Belegging is noodsaaklik vir die instandhouding en uitbreiding van elektrisiteit-netwerk- infrastruktuur. Dit kan gesteun word deur beleggings opsy te sit wat Nersa dan moniteer;
- In 'n breër sin is diefstal en vandalisme algemene faktore wat netwerkbedrywe belemmer. 'n Kollektiewe strategie is nodig om netwerkbedrywe te beskerm en diefstal en vandalisme te bekamp;
- Die rol van munisipaliteite wat versuim om hul pligte as elektrisiteit-lisensiehouers na te kom moet heroorweeg word, veral waar dienslewering, die instandhouding van infrastruktuur en gesonde finansiële bestuur ontbreek; en
- In die lig van die globale tendens van koolstof-vermindering, digitalisering en desentralisering, behoort munisipaliteite alternatiewe bronne van inkomste te oorweeg deur hul sakemodel te moderniseer.

Beleid: Sosiale eenheidsooreenkoms**Niel Hamman, voorsitter:****Agri SA Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling**

Met die koms van die Vierde Industriële Rewolusie sal dit maklik wees om te glo dat industrialisering tot meganisering en minder werkgeleenthede sal lei. Die waarheid is egter ver meer kompleks. Hoewel dit duidelik is dat sekere soort hande-arbeid vervang sal word deur masjiene namate tegnologie goedkoper en meer toeganklik raak, sal algehele meganisering in 'n land met katastrofiese werkloosheidsyfer soos ons, nooit 'n werkbare opsie kan wees nie.

Die maatskaplike onstabiliteit wat Suid-Afrikaners ervaar, hou verband met ekonomiese kwesbaarheid en inkomste-ongelykheid, en dit sal 'n gesamentlike poging deur werkgewers, werkers en ander rolspelers verg om hierdie probleme aan te spreek. Benewens hierdie faktore, is daar spesifieke redes waarom sosiale vennote moet fokus op die maatskaplike aspekte rondom 'n besigheid.

Daar is vyf redes waarom mens moet let op maatskaplike aspekte wanneer jy besigheid doen:

“Die maatskaplike onstabiliteit wat Suid-Afrikaners ervaar, hou verband met ekonomiese kwesbaarheid en inkomste-ongelykheid, en dit sal 'n gesamentlike poging deur werkgewers, werkers en ander rolspelers verg om hierdie probleme aan te spreek. Benewens hierdie faktore, is daar spesifieke redes waarom sosiale vennote moet fokus op die maatskaplike aspekte rondom 'n besigheid.

Ewigdurende vrede is gebou op maatskaplike geregtigheid

Die stigting van die Internasionale Arbeidsorganisasie is gegrond op die beginsel van maatskaplike geregtigheid as die fondament vir ewigdurende vrede ingevolge die Verdrag van Versailles in 1919. Die universele persepsie was – en is steeds – dat geregtigheid tussen mense die enigste manier is om vrede te bewerkstellig. Dit baan die weg vir sinvolle maatskaplike dialoog tussen rolspelers in die arbeidswêreld. Met ander woorde, uitdagings word gelig deur middel van samesprekings en word aangespreek deur partye wat poog om oplossings te vind as 'n span, terwyl hulle hul eie identiteit as verteenwoordigers van 'n spesifieke groepering behou.

Indien werkers en werkgewers hul oog op die einddoel hou, naamlik 'n welvarende besigheid wat beide partye bevoordeel, word dit makliker om die onvermydelike probleme wat voortspruit in 'n werkplek aan te spreek.

Indien hierdie verhouding egter opponerend is, raak dit moeilik om gemeenskaplikhede te vind en konsensus te bereik. Die toekoms van kollektiewe bedinging sal baie meer oplossing-gedrewe wees en ontwerp word rondom wedersydse voordele.

Suid-Afrika se wetgewingstelsel is gegrond op maatskaplike dialoog

In Suid-Afrika moet wetgewing en beleid wat 'n uitwerking op arbeid, ontwikkeling of die ekonomie het by Nedlac onderhandel word. Nedlac is 'n drieledig-plus struktuur, wat beteken dat verteenwoordigers van besigheid, die regering, georganiseerde arbeid en die gemeenskap deelneem aan konsultasies en onderhandelings om te verseker dat die finale produkte wat aan die parlement voorgelê word die toets van nouer betragting sal slaag. Hierdie is geensins 'n maklike proses nie maar dit is uiters noodsaaklik dat rolspelers wat by beleidsvorming betrokke is reeds heel aan die begin teenwoordig is om regverdigheid van die wetgewende proses te verseker.

Gegewe hierdie agtergrond, is dit belangrik om te verstaan dat maatskaplike aspekte en dialoog nie bloot bysake is nie. Hulle is die lewensaar van ons land se demokrasie en die enigste manier om billike besluitneming te verseker.

Verbruikers word meer bewus, en dit dryf kooppatrone

Volgens 'n 2018 Nielsen-opname, word verbruikers toenemend bewus van hul koopgedrag. Dit wys daarop dat 81% van respondente – met geen onderskeid tussen geslag of generasie nie – 'n passie deel vir korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid. Internasionale vakunie-konfederasies soos IndustriALL reageer op hierdie kopskuif deur te beweeg na die organisering van waardekettings as geheel. Deur hul Global Framework Agreements, plaas die vakunie-konfederasie die verantwoordelikheid op kleinhandelaars om billike arbeidspraktyke in hul waardekettings te verseker.

In Suid-Afrika staar uitvoerprodusente dieselfde situasie in die gesig ingevolge die Verenigde Koninkryk se Moderne Slawerny-wet, wat die onus op kleinhandelaars plaas om moderne slawerny in hul eie waardekettings te bekamp, insluitend Suid-Afrikaanse plase wat na sodanige kleinhandelaars uitvoer.

Die wêreld was nog nooit so klein nie daarom is dit uiters noodsaaklik dat produsente die belangrikheid daarvan verstaan en bewus is van die noulettendheid waaraan die korporatiewe maatskaplike aspekte van plase en besighede toenemend onderworpe sal wees. Dit is belangrik of die leiding te neem in hierdie opsig.

Werkers is deel van die groter gemeenskap – besigheid ook

Geen plaas of besigheid kan afsonderlik van die gemeenskap waarin hy hom bevind staan nie. 'n Voordeel van diep wortels in en betrokkenheid by 'n gemeenskap is dat die gemeenskap ekonomies baat vind by jou besigheid en daarom sal die besigheid se kliëntebasis toeneem. In die Suid-Afrikaanse konteks kan gemeenskapsbetrokkenheid die veiligheid rondom die besigheid versterk. Dit is belangrik om te onthou dat betrokkenheid by die plaaslike gemeenskap 'n sleutel is tot die sukses van jou besigheid.

Volhoubare ontwikkeling maak besigheidsin

Volgens die besigheidskommissie het besighede wat aktief gereageer het op klimaat-aangeleenthede, 'n 18% hoër opbrengs op belegging ervaar as besighede wat dit nie gedoen het nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die klimaat 13 van die 17 volhoubare ontwikkelingsdoelwitte van die Verenigde Nasies beïnvloed. Die beslissende faktor is dat volhoubare ontwikkeling 'n sentrale fokus van die besigheid moet word, in plaas van toevallige 'korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid projekte'. Ingrypings moet langtermyn van aard wees.

Korporatiewe maatskaplike aspekte en verantwoordelikheid kan oorweldigend wees. Die besigheidskommissie het egter soos volg bevind: *“This is a time, like no other in history, when business needs to show the courage to adopt strategies that create long-term value for their companies and for the societies they serve. This is the time to create a brighter future for all.”*

VERKIESING VAN AGRI SA SE DIREKSIE EN KAMERBESTUURSLEDE

Die kamers verkies uit eie geledere drie verteenwoordigers elk om in Agri SA se direksie te dien.

Direksie:

Dan Kriek	- <i>President</i>
Pierre Vercueil	- <i>Adjunk-president</i>
Phenias Gumede	- <i>Adjunk-president</i>
Cornie Swart	- <i>Algemene Sakekamer</i>
Francois Wilken	- <i>Algemene Sakekamer</i>
Douglas Stern	- <i>Algemene Sakekamer</i>
Jaco Minnaar	- <i>Bedryfskamer</i>
Niël Joubert	- <i>Bedryfskamer</i>
Sipiwo (SK) Makinana	- <i>Bedryfskamer</i>
Dr Kathy Hurly	- <i>Nie-uitvoerende onafhanklike direkteur</i>
Dr Charlotte Nkuna	- <i>Nie-uitvoerende onafhanklike direkteur</i>

Die voorsitter, ondervoorsitter en addisionele lid vir elke kamer is ook verkies:

Algemene Sakekamer

Cornie Swart	- <i>Voorsitter</i>
Francois Wilken	- <i>Ondervoorsitter</i>
Douglas Stern	- <i>Addisionele lid</i>

Bedryfskamer

Dr Pieter Prinsloo	- <i>Voorsitter</i>
Jannie de Villiers	- <i>Ondervoorsitter</i>
Niël Joubert	- <i>Addisionele lid</i>

Korporatiewe kamer

Gerhard Diedericks	- <i>Voorsitter</i>
Rossouw Cillie	- <i>Ondervoorsitter</i>
Nic Bronkhorst	- <i>Addisionele lid</i>

AGRI SA GEE OM

Bydrae deur die Suid-Afrikaanse Beenmurgregister (SABMR) se Nadia Chalkley, werwingsbeampte: Suid-Afrikaanse Beenmurgregister

Elke jaar bereik honderde Suid-Afrikaners met bloedsiektes soos leukemie die punt waar hul enigste kans vir oorlewing 'n beenmurgoorplanting is. Die SABMR is in 1991 ingestel, gemotiveer deur die feit dat hoewel beenmurgoorplantings lewens kan red, dit slegs beskikbaar is aan pasiënte met 'n verwante skenker in hul familie.

Die SABMR soek plaaslik sowel as internasionaal na skenkers; daarom is samewerking met internasionale

registers en voldoening aan universele praktykstandaarde uiters noodsaaklik.

SUID-AFRIKAANSE BEENMURGREGISTER-OORSIG

- Op 21 September 2019 vier ons die Wêreldbeenmurgskenkersdag;
- 70% van pasiënte sal 'n anonieme skenker nodig hê;
- Die SABMR kyk na plaaslike en internasionale registers op soek na 'n skenker vir elke pasiënt;
- Daar is 'n een-uit-100 000 kans om 'n geskikte onverwante skenker vir pasiënte te vind;
- Die SABMR het reeds 500 stamsel-oorplantings vir Suid-Afrikaanse pasiënte bewerkstellig;
- Daar is na raming 73 000 geregistreerde skenkers op die SABMR;
- Die SABMR, 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie, is grootliks afhanklik van skenkings;
- Besoek die SABMR se webtuiste vir nuwe stamselskenkers – www.sabmr.co.za;
- Die SABMR reël en fasiliteer internasionale vervoer van stamselle vanaf onverwante skenkers;
- 27% van die skenkers op die SABMR is persone van kleur; en
- Daar is na raming 200 Suid-Afrikaanse pasiënte wat 'n geskikte onverwante skenker nodig het.

Kontak die SABMR direk om te registreer as 'n potensiële skenker of besoek ons webtuiste om 'n finansiële bydrae te maak:

021 447 8638 | www.sabmr.co.za
donor@sabmr.co.za | patients@sabmr.co.za

SEREMONIE TER ERKENNING AAN LEDE

Die verteenwoordigers van Agri SA se Korporatiewe kamer en Bedryfskamer het lidmaatskapsertifikate namens hulle onderskeie organisasies ontvang op 11 Oktober 2019.

Korporatiewe kamer

Enterprises University of Pretoria
 Momentum Securities
 Monsanto
 SA Feedlot Association
 Sesinter
 Skills College
 Villa Crop Protection

San Miguel Fruits South Africa (Pty) Ltd
Cooke Brothers
Dräger
Pertitium
Westfalia Fruit (Hans Merensky)
Sure Transact

Bedryfsorganisasies

Koejawelkwekersvereniging
SA Rosyne

ALGEMENE JAARVERGADERING

Programmdirekteur

Omri van Zyl, uitvoerende direkteur: Agri SA

MOSIES

Die president het die volgende mosie gestel:

Die kongres betuig graag sy meegevoel aan die naasbestaendes van leiers en lede van Agri SA se affiliasies wat die afgelope jaar heengegaan het. Hy maak ook spesiaal melding van landbouers, plaaswerkers en hulle gesinslede wat die afgelope jaar as gevolg van geweldsmisdade gesterf het.

Jannie de Villiers het 'n mosie gestel oor die droogte-toestand:

Die Algemene Sakekamer en Bedryfskamer het albei gister en eergister eenparig besluit om vandag by kongres 'n mosie te dien van saamvoel, eenwees en saamdra met ons medeboere wat deur die droogte in groot dele van ons land geraak word. Vir party is dit een-jaar vir ander twee-jaar en ander selfs meer. Ons harte breek as ons die video's sien en boodskappe lees van mens en dier wat moedeloos raak. ons salueer julle vat jaar-in en jaar-uit vasbyt en nog eens planne maak omdat julle lief is vir SA, sy mense en vir landbou.

Ons glo en ons hoop, bid en pleit saam met julle vir uitkoms. Ons wil ook dankie sê aan die duisende mense wat hulp stuur, boodskappe, voer, diesel geld en gebede. As 'n sektor is ons almal saam afhanklik van ons Skepper en ons weet Hy dien elkeen van julle en julle mense saam met julle op die plaas.

“ Ons glo en ons hoop, bid en pleit saam met julle vir uitkoms. Ons wil ook dankie sê aan die duisende mense wat hulp stuur, boodskappe, voer, diesel geld en gebede. As 'n sektor is ons almal saam afhanklik van ons Skepper en ons weet Hy dien elkeen van julle en julle mense saam met julle op die plaas.

VOORLEGGING VAN FINANSIËLE STATE EN JAARVERSLAG

Die uitvoerende direkteur, Omri van Zyl, het geleentheid gebied aan Allan Bishop, voorsitter van Agri SA se Oudit- en Risikokomitee, om die verkorte finansiële state met kongres te bespreek. Die kongres het kennis daarvan geneem.

Agri SA se jaarverslag is aan die kongres voorgehou, wat dit met dank aanvaar het.

KONGRESBESLUIE - 2019

Natuurlike Hulpbronne

Agri SA en sy affiliasies bevestig hul verbintenis tot die volle en behoorlike implementering van Suid-Afrika se Nasionale Waterwet en die onderliggende waardes daarin. Hulle verbind hul dus tot aktiewe ondersteuning van en deelname in enige en alle inisiatiewe wat gemik is op die volgende:

- I. Agri SA en sy geaffilieerde lede bevestig hul verbintenis tot volle en behoorlike implementering en afdwinging van Suid-Afrika se Nasionale Waterwet en die onderliggende waardes daarvan.**

II. Agri SA en sy geaffilieerde lede bevestig en erken ten volle dat:

- i. water 'n skaars nasionale hulpbron is wat in baie verskillende vorms voorkom en deel vorm van 'n unitêre, interafhanklike siklus;
- ii. die uiteindelijke doel van waterhulpbronbestuur is om die volhoubare gebruik van water ten voordeel van alle watergebruikers te verseker;
- iii. die nasionale regering algehele verantwoordelikheid dra vir en outoriteit het oor die nasie se waterhulpbronne en die gebruik daarvan;
- iv. alle aspekte van waterhulpbronne op 'n geïntegreerde wyse bestuur moet word wat, waar van toepassing, die afwenteling van bestuursfunksies na streeks- of opvanggebiedsvlak vereis ten einde sinvolle deelname deur alle watergebruikers te bewerkstellig; en
- v. beskerming van die gehalte van waterhulpbronne en behoorlike instandhouding van die infrastruktuur wat die gebruik daarvan moontlik maak, noodsaaklik is vir die volhoubaarheid van Suid-Afrika se landbousektor.

III. Agri SA en sy geaffilieerde lede is dus verbind tot aktiewe ondersteuning van en deelname aan enige en alle inisiatiewe wat die volgende ten doel het:

- i. Om te verseker dat watergebruike deur Agri SA se geaffilieerde lede wettig is ingevolge die Nasionale Waterwet en dat onwettige gebruik van water nie aanvaarbaar is nie;
- ii. Bevordering van watergebruiksdoeltreffendheid, insluitend die gebruik van toepaslike meting en ander tegnologie ten einde waterverliese en -vermorsing tot 'n minimum te beperk;
- iii. Voorkoming van waterbesoedeling en die agteruitgang van infrastruktuur wat die gebruik daarvan moontlik maak;
- iv. Om voorsiening te maak vir en behulpsaam te wees met spoedige voltooiing van die verifiëring en geldig maak van bestaande wettige watergebruiksregte in die landbousektor;
- v. Progressiewe bevordering van 'n ten volle inklusiewe en verteenwoordigende landbousektor wat bydra tot 'n vooruitstrewende en stabiele land en streek;

- vi. Bevordering van en hulp met die identifisering en spoedige ontwikkeling van onbenutte waterhulpbronne vir transformasiedoeleindes;
- vii. Handhawing van landbougebruikers se regmatige plek in goed toegeruste en ten volle funksionele opvanggebied-bestuursagentskappe en plaaslike waterbestuurs-instellings; en
- viii. Handhawing en versterking van 'n verhouding van verantwoordelike burgerskap, toerekenbaarheid en wedersydse vertroue met die regering.

Sentrum van Uitnemendheid: Grond

Agri SA bly gekant teen onteiening sonder vergoeding en die wysiging van artikel 25 van die Grondwet. 'n Wysiging is onnodig, onwys en ekonomies rampspoedig. Die organisasie is ook onder meer verbind tot die volgende:

- Boer-ontwikkeling;
- Die Grondwet asook grondhervorming wat binne die oppergesag van die reg geskied, gesteun deur administratiewe praktyke en ingevolge vryemarkbeginsels;
- Billike markwaarde as vertrekpunt vir vergoeding; en
- Privaat eiendomsregte as die hoeksteen van ekonomiese groei.

Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel

Die Sentrum van Uitnemendheid fokus op Eskom se herstrukturering, die vereistes vir billike hervormings en bespoediging van die proses en produk-aanbieding vir SSEG's. Agri SA het, onder meer, die volgende besluite geneem:

- Agri SA sal voortgaan om te fokus op die volhoubaarheid van energiekoste in die landbou ten einde die winsgewendheid en lewensvatbaarheid van die sektor te verseker; en
- Agri SA moet met rolspelers in die bedryf saamwerk en sy steun bied aan die ontwikkeling van holistiese oplossings, insluitend gehalte-versekering, prestasiewaarborges en buite-balansstaatfinansiering.

Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling

Die kongres aanvaar die Sosiale-eenheidsprotokol (Social Unity Compact) ter uitvoering van die 2014-kongresbesluit. Dit sluit in, maar is nie beperk tot die volgende nie:

- Aktiewe bevordering van 'n kultuur van respek vir menseregte;
- Aktiewe deelname in tersaaklike strukture;
- Bestudering en bevordering daarvan binne ander gemeenskapsgroepe, met inagneming van gemeenskap-spesifieke behoeftes; en
- Agri SA sal 'n platform ontwikkel om idees en voorbeelde van suksesvolle grondhervormingsmodelle, opheffings-inisiatiewe en boere-gedrewe gemeenskaps-projekte te deel en onder sy lede te bevorder.

BEDANKINGS

Dan Kriek het sy gelukwensing oorgedra aan ampsdraers wat in hulle onderskeie hoedanighede gekies of herkies is. Hy het hoogwaardigheidsbekleërs, gaste, sprekers, borge, lede van die media, deelnemers en afgevaardigdes bedank vir die bywoning van die kongres.

Dank is aan die personeel van Agri SA gerig wat betrokke was by die reëlins van die kongres. Hy het verder landbouprodusente bedank vir hulle onontbeerlike rol op 'n verskeidenheid van terreine, ook in die belang van Suid-Afrika.

Hy het verder sy dank aan ampsdraers van Agri SA en spesifiek die direksie oorgedra.

AFSLUITING

Die kongres is deur Pieter Cloete met gebed afgesluit.



SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

Arbeid en Ontwikkeling

Neil Hamman en Renier Snyman dien onderskeidelik as voorsitter en ondervoorsitter, met Johan Wege as addisionele lid. Jahni de Villiers is die beleidshoof van die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling.

Die komitee is gefokus op die bou en handhawing van goeie verhoudings met verskeie rolspelers betrokke by arbeidsaangeleenthede.



Neil Hamman







Covid-19 krisis

Die Covid-19-pandemie tref die wêreld vroeg in 2020, met 'n ongekende situasie waarin Suid-Afrika maande lange inperkings en gepaardgaande arbeidskwessies ervaar. Die beleidshoof werk reeds voor Suid-Afrika se grendeltyd aangekondig word aan verskeie dokumente en produseer binne 10 weke 26 stukke werk om werkgewers in hul werkplekke by te staan. Dit sluit in plakkate in nege landstale om goeie praktyk vir die bekamping van die virus aan werkers en gemeenskappe te verduidelik. Dit is die eerste keer dat Agri SA so 'n projek aanpak, en die plakkate word spesiaal deur die Internasionale Arbeidsorganisasie vermeld, met erkenning aan Agri SA.

“Dit sluit in plakkate in nege landstale om goeie praktyk vir die bekamping van die virus aan werkers en gemeenskappe te verduidelik. Dit is die eerste keer dat Agri SA so 'n projek aanpak, en die plakkate word spesiaal deur die Internasionale Arbeidsorganisasie vermeld, met erkenning aan Agri SA.

Die beleidshoof word onmiddellik genooi om deel te wees van Business 4 South Africa (B4SA) se noodsaaklikedienste-werkgroep, asook die arbeidswerkgroep, wat nagenoeg 50 keer ontmoet tussen die middel-Maart en van einde April. Die beleidshoof verteenwoordig georganiseerde besigheid by die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) in die werkgroep wat die gesondheid en veiligheid direktna oor Covid-19 ontwikkel.

Sosiale-eenheidsriglyn

'n Sosiale-eenheidsriglyn, wat primêre landbou se verbintenis tot gesonde en vooruitstrewende landelike gemeenskappe bevestig, is gesamentlik deur die grond- en arbeid- Sentrums van Uitnemendheid ontwikkel. Die riglyn word tydens Agri SA se 2019-kongres voorgehou en word deur die afgevaardigdes aanvaar. Die sosiale-eenheidsriglyn word deur Agri SA se strukture aan hul lede bekendgestel.

Sektorale vasstelling 13 (plaaswerkers)

Die nasionale minimumloon het op 1 Maart 2020 met 3,8% verhoog na R18,68 per uur vir plaaswerkers. Dit sluit ook huiswerkers op plase en sekuriteitswagte in, wat nie in diens van private sekuriteitsmaatskappye is nie. Die sektorale vasstelling geld steeds sover dit die diensvoorwaardes van plaaswerkers aangaan, maar die betaling van plaaswerkers word nou deur die Nasionale Minimumloonwet gereguleer. Enige toekomstige veranderinge aan die sektorale vasstelling sal via die Nasionale Minimumloon Kommissie geskied, waarvan Agri SA se beleidshoof 'n kommissaris is.

Nasionale minimumloon

Die Nasionale Minimumloonwet vereis 'n hersiening van die 90% bedeling vir landbou binne 18 maande van inwerkingtreding van die wet. Hierdie hersieningsproses is gebaseer op navorsing van die Universiteit van Kaapstad. Dis duidelik dat die Covid-19-krisis 'n wesenlike uitwerking op loonverhogings sal hê.

Soos voorheen genoem, is Jahni de Villiers deur die minister van arbeid aangestel as 'n nasionale minimumloon-kommissaris, wat die minister moet adviseer oor alle aspekte rakende die nasionale minimumloon. Sy speel 'n sleutelrol in die hantering van die hersiening van die nasionale minimumloon in die landbousektor.

Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie

Agri SA het in 2018 'n driejaar-ooreenkoms met die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) onderteken en dié werkverhouding sluit in ver-



skeie uitreik-inisiatiewe in die landbousektor, sowel as die inwerkingstelling van die KVBA se opleiding-afleggingskema by boerderye wat finansiële druk ervaar.

Jahni de Villiers is in November 2019 genooi om as gasspreker op te tree by die KVBA se jaarlikse vakbond-vertegenwoordiger en vakbond-amptenaarseminaar.

Jahni de Villiers is ook aangewys as 'n KVBA-assessor vir die landboubedryf.

“Jahni de Villiers is ook aangewys as 'n KVBA-assessor vir die landboubedryf.”

Internasionale Arbeidsorganisasie

Agri SA se beleidshoof: Arbeid en Ontwikkeling, Jahni de Villiers, is aan die einde van 2019 genooi om as hoofspreker by die Internasionale Arbeidsorganisasie se opleidingsweek vir vroueleiers op te tree. Verder word sy ook genooi as een van 10 wêreldwye werkgewer-vertegenwoordigers om deel te neem aan 'n spesiale werkwinkel in Turyn, Italië, oor geweld en teistering in die werkplek. Die werkwinkel is uitgestel weens die Covid-19-pandemie.

Voorsorgfonds vir plaaswerkers

Voorsiening vir aftrede is 'n belangrike element van die verhouding tussen werkgewers en werknemers. Absa se Landbousektorvoorsorgfonds het weer eens aandag geniet gedurende die jaar, en die fondsadministrasie is suksesvol oorgedra aan Sanlam. Die voorsorgfonds word goed bestuur en die fokus bly op die vergroting van lidmaatskapgetalle. Boeta du Toit en Jahni de Villiers dien as trustees in die fonds.

Beleidsvlak: Ontwikkelingswerk

Die beleidshoof is lid van die Nedlac se Ontwikkelingskamer en het hierdie jaar in die Omvattende Sosiale Sekuriteit-taakspan gedien. Verder het die beleidshoof

ook deelgeneem aan 'n taakspan om die potensiele werkskeppinggeleenthede wat uit die opknapping van spoorlyne sou vloei, te ondersoek. Hierdie werk duur voort.

AgriSETA

Christo van der Rheede, Agri SA se adjunk-uitvoerende direkteur, was verskeie jare voorsitter van die AgriSETA-raad. Hy word April 2020 opgevolg deur Me Gaitsiwe Sepeng. Christo is 'n direkteur wat werkgewers verteenwoordig in dié Raad. Neil Hamman is 'n raadslid.

Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad

Die beleidshoof is lid van die Arbeidsmarkkamer (LMC) by die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac). Die kamer fokus hoofsaaklik op arbeids- en maatskaplike aangeleenthede. Die LMC poog om konsensus tussen die regering, georganiseerde landbou, georganiseerde arbeid en die sakesektor te bewerkstellig. Die beleidshoof is ook verkies om Busa te verteenwoordig tydens sogenaamde Artikel 77-aansoeke, waar partye kan aansoek doen om toestemming vir beskermde protesaksie vir maatskaplike aangeleenthede.

Women Changing South Africa

Jahni de Villiers is in 2019 aangewys as een van *Mail & Guardian* se *Women Changing South Africa*, in die kategorie vir maatskaplike diens.

“Jahni de Villiers is in 2019 aangewys as een van *Mail & Guardian* se *Women Changing South Africa*, in die kategorie vir maatskaplike diens.”

SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

Ekonomie en Handel

Hierdie Sentrum van Uitnemendheid funksioneer tans onder voorsitterskap van Nicol Jansen, met Cobus van Zyl as ondervoorsitter en Jannie de Villiers en Dr Kathy Hurly as addisionele lede. Dr Requier Wait, hoof van die sentrum, word bygestaan deur Martina Benadé.



Nicol Jansen







Omvang van werk

Die sentrum se aktiwiteite hou verband met ekonomiese aangeleenthede wat 'n uitwerking het op die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van die landbou. Wat ekonomiese sake betref, lewer die sentrum insette en/of kommentaar oor ekonomiese beleid, insetkoste, die dieselskorting vir landboudoeleindes, belastingaangeleenthede, Covid-19 asook landbouwetgewing. Die sentrum hou ook toesig oor aspekte wat verband hou met padinfrastruktuur en telekommunikasie.

Gedurende die verslagjaar is die oorgrote meerderheid tyd aan elektrisiteitsake asook die Covid-19-pandemie bestee, met gemengde sukses. Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel gaan hom in 2020 toespits op die hernubare energie, die herstel van die landbou ná die Covid-19-pandemie asook swak plaaslike regerings en paaie.

“ Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel gaan hom in 2020 toespits op die hernubare energie, die herstel van die landbou ná die Covid-19-pandemie asook swak plaaslike regerings en paaie.

BELASTINGAANGELEENTHEDE

Konsep-dieselterugbetalingsreëls

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) het die eerste konsepweergawes van die voorgestelde nuwe dieselterugbetalingsreëls, vorms en aantekeninge ten opsigte van die Doeane- en Aksynswet, 1964, in Januarie 2020 vir openbare kommentaar gepubliseer. Die konsepwysigings was 'n uitkoms van die 2019-konsultasiewerkwinkels en tegniese insette wat verkry is, asook die gespreksdokument van 2017 oor die dieselterugbetalingstelsel. Die konsepdokument bied 'n voorlopige plan vir hersiening van die administrasie van dieselterug-

betalings, wat verdere skakeling met belanghebbendes in 2020 sal fasiliteer indien die Covid-19-situasie dit toelaat.

Die dieselterugbetalingstelsel ondersteun primêre produsente in die landbou-, bosbou-, vissery- en mynbousektore deur middel van totale of gedeeltelike vrystelling van die brandstof- en padongeluksfondsheffing. Hierdie heffings vorm deel van die per-liter-prys van diesel. Besighede wat betrokke is by kwalifiserende aktiwiteite, kan by SAID aansoek doen om te registreer vir die stelsel, en dan terugbetaling eis gebaseer op die gebruik (nie aankope nie) van diesel.

Hierdie sentrum, in samewerking met Graan SA, werk al die afgelope 4-5 jaar aan die nuwe stelsel. In die verlede is SAID ook by verskeie geleenthede genader rakende logboeke, kommunikasie en ander sake waarmee lede probleme het.

Die nuwe dieselterugbetalingstelsel stel die skep/registrasie van 'n diesilverbruikersprofiel voor, wat tipies soos “e-filing” gaan werk. Hierdie nuwe reëls is tydens die sentrum se Maart 2020-vergadering goed deurge- trap en sinvolle insette is van sy lede ontvang, waarna kommentaar op die nuwe reëls en vorms ingedien is. Werkwinkels sou aan die einde van 2020 in hierdie verband gehou word, maar met inperking as gevolg van die Covid-19-pandemie is dit te betwyfel.

Dieselterugbetalings

Daar is blykbaar 'n hoër voorkoms van ouditbevindinge ten opsigte van dieselterugbetalings. Die sentrum, tesame met Graan SA, is in kontak met lede wat gevra het vir advies in hierdie verband, insluitend 'n belastingkundige. Ons is ook in gesprek met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID). Die sentrum het 'n opname gedoen in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Belastingpraktisyns (SAIT), wat as bewys sal dien wanneer ons met SAID en die belastingombud skakel.

Ons het onlangs 'n gesprek gevoer met die belastingombud, wat potensiële stelselprobleme met die dieselterugbetalingstelsel ondersoek nadat die sentrum vroeër voorleggings aan die ombud gemaak het. Hierdie is 'n deurlopende gesprek. Ons monitor ook die potensiële vrystelling van 'n konsepbeleidsdokument vir die nuwe stelsel en het reeds substansiële insette in hierdie verband gelewer.



Een van die probleme wat deur lede ervaar word rakende dieselterugbetaling is, byvoorbeeld, ouditprosesse van SAID wat baie lank vat. SAID is ook redelik moeilik wat die uitbetaling van eise betref. Nie net gedeeltes word teruggeskryf tydens die ouditproses nie, maar die volle bedrag wat teruggeëis word. SAID is nie baie geneë om die ADR-proses (*Alternative Dispute Resolution*) te gebruik nie en laat baie min tyd vir hierdie proses toe. Ouditeure by SAID stry oor watter logboeke geldig is en ook die beskrywing van aktiwiteite wat problematies raak.

SAID bevraagteken ook dieselgebruik van trekkers asook die aantal dae wat aaneenlopend geplant kan word. SAID wys ook nie spesifieke probleme in hulle korrespondensie uit nie, maar skryf net die hele bedrag terug. Daar bestaan ook stelselprobleme, waar 'n landbouer nie kans kry om sy saak te stel nie. Die sentrum help lede op 'n individuele basis, waar moontlik.

“ SAID bevraagteken ook dieselgebruik van trekkers asook die aantal dae wat aaneenlopend geplant kan word. SAID wys ook nie spesifieke probleme in hulle korrespondensie uit nie, maar skryf net die hele bedrag terug. Daar bestaan ook stelselprobleme, waar 'n landbouer nie kans kry om sy saak te stel nie. Die sentrum help lede op 'n individuele basis, waar moontlik.

Covid-19-inperking: Belastingmaatreëls

As deel van die fiskale pakket, soos uiteengesit deur president Cyril Ramaphosa op 23 Maart 2020, het die minister van finansies die volgende uitsonderlike maatreëls op 29 Maart 2020 aangekondig. Die maatreëls tree op 1 April 2020 in werking. Die instelling van 'n belastingsubsidie vir werkgewers ingevolge die ETI (*Employment Tax Incentive*) vir die volgende vier maande ten opsigte van daardie privaatsektorwerknemers wat minder as R6 500 verdien. Dit sal hulp verleen aan meer as 4 miljoen werkers.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) sal ETI-terugbetalings bespoedig van twee maal per jaar tot maandeliks sodat werkgewers wie se belasting sake in orde is, so spoedig moontlik toegang tot kontant kan kry. Besighede met 'n omset van R100 miljoen of minder wie se belasting opbetaald is, mag 35% van hul werknemersbelasting terughou oor die volgende vier maande, asook 'n gedeelte van hul voorlopige korporatiewe inkomstebelastingbetalings, sonder boetes of rente, oor die volgende ses maande. Daar word verwag dat hierdie ingryping 75 000 klein- en mediumgrootte ondernemings sal help.

Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het 'n volledige handleiding saamgestel om die sektor oor hierdie uitsonderlike maatreëls in te lig.

Eiendomsbelasting

Die kwessie van eiendomsbelasting en die probleme wat deur lede ondervind word, het hierdie sentrum genoop om nog 'n werkwinkel te hou waarna kundiges in eie geledere genooi is. Tydens hierdie werkwinkel is die bywerk van die huidige eiendomsbelastinggids bespreek. Die werkskomitee het ook aandag gegee aan die hantering van dispute met munisipaliteite, inligting rakende dooie punte wat ondervind is gedurende die dispuutproses, asook potensieële voorbeelde/gevallestudies wat vir 'n klasaksie gebruik kan word.

Die wildbedryf asook die agritoerisme het geleentheid gehad om probleme wat in die sektore ondervind word gedurende die werkwinkel uit te lig en wat hulle verwagting in hierdie verband is. Die sentrum is besig



met die opdatering van die gids en sal dit aan lede van die werkwinkel kommunikeer, waarna dit aan Agri SA lede gestuur sal word vir verdere insette.

TERUGVOERING OOR ELEKTRISITEITS-AANGELEENTHEDE IN DIE LANDBOU

Hernubare energie in die landbou

Elektrisiteit is 'n sleutelproduksie-inset vir die landbou-sektor. Kleinskaalse sonfotovoltaïese (PV)-installasies bied 'n geleentheid aan boere om elektrisiteit te genereer, kostes te bespaar en koolstofvrystelling te verminder. Met 'n netwerk-gekoppelde PV-stelsel, gebruik 'n boer elektrisiteit wat voorsien word deur die PV-stelsel, asook die kragvoorsiener wanneer hul gebruik meer is as wat die PV-stelsel kan voorsien.

Surplus-elektrisiteit wat deur die sonkraginstallasie opgewek word, word by die netwerk ingevoer, wat dan verreken kan word teen die maandelikse elektrisiteitsgebruik deur middel van 'n netto meting-proses. Daar word na sodanige kleinskaalse installasies (minder as 1 MW) verwys as kleinskaalse gekoppelde opwekking (*Small-Scale Embedded Generators* (SSEG's)).

SSEG's bied aan boere geleenthede, maar die stadige implementering van elektrisiteitsregulasies het 'n bottelnek geskep in die netwerk-aansluitingstelsels wat die aktivering van netto meting bewerkstelling.

Tydens die formulering van die regulasies, het Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel deurlopend aktief saamgewerk met ons korporatiewe lid, Sonfin, om met beide Nersa en Eskom te skakel. Verder het ons voortdurend tersaaklike insette tot die openbare konsultasieproses gelewer.

Ten slotte – ons kon daarin slaag om beperkings op hernubare energie in die landbou te versag, en spesifiek die implementering van die *Licensing Exemption and Registration Notice*, wat hernubare energie meer toeganklik maak. 'n Sleutel-element is die Nersa-registrasieproses wat nou geïmplementeer word en goed funksioneer.

Eskom se 2018/19- regulatoriese aansuiweringsrekeningaansoek

Agri SA en sy affiliasies was aktief betrokke by die huidige Nersa- openbare verhore rakende Eskom se regulatoriese aansuiweringsrekening- (RCA)-aansoek om R27,323 miljard van die 2018/19- finansiële jaar se tekort aan inkomste te herwin. Tariefverhogings alleen is nie die antwoord vir Eskom se probleme nie. Agri SA het landbou se kwesbaarheid vir bo-inflasie-verwante insetkoste duidelik gestel en die beginsels soos in die staatsrede uitgelig, in die aanbiedinge en argumente geïnkorporeer.

In sy aanbieding het Agri SA erkenning gegee aan die RCA-proses as monitoring- en opsporingsmeganisme om sekere onbeheerbare koste en inkomste, soos voorgehou in die multijaar-prysvasstelling- (MYPD)-besluit (deur Nersa), met werklike koste en inkomste deur Eskom aangegaan en ontvang te vergelyk.

Eskom se 2019- RCA-aansoek word grootliks gedryf deur sekere koste- en inkomste-afwykings. Die inkomste-afwyking is as gevolg van die feit dat die verkoopsvolume, soos deur Nersa bepaal, nie gerealiseer het nie. Die uitwerking van beurtkrag op inkomste was nie ingesluit by die RCA-balans nie. Die sleutel-koste-afwykings was ten opsigte van steenkool, oopsiklus-gasturbines, brandstof, depresiasie, werknemervoordele en instandhouding.

Agri SA het aanbeveel dat Eskom se RCA-aansoek nie goedgekeur word nie aangesien die status quo van stygende elektrisiteitstariewe nie in ooreenstemming is met die ekonomiese realiteit van 'n kragvoorsiener met 'n gebroke sakemodel nie.

Energiehervormings is nou meer noodsaaklik as ooit tevore. 'n Potensiële RCA-tariefverhoging moet ten opsigte van elektrisiteitstariewe geld en behoort nie op alle tariefkoerse (vaste koste) van toepassing te wees nie.



“ Agri SA het aanbeveel dat Eskom se RCA-aansoek nie goedgekeur word nie aangesien die status quo van stygende elektrisiteitstariewe nie in ooreenstemming is met die ekonomiese realiteit van ’n kragvoorsiener met ’n gebroke sakemodel nie.

Nersa se besluit oor Eskom se regulatoriese aansuiweringsrekeningaansoek

Nersa het sy besluit oor Eskom se regulatoriese aansuiweringsrekening -(RCA)-aansoek vir die 2018/19-finansiële jaar bekendgemaak. Nersa het die RCA-balans van R13,3 miljard in Eskom se guns goedgekeur. Eskom het aansoek gedoen vir R27,323 miljard.

Agri SA het skriftelik kommentaar aan Nersa gelewer en ’n voorlegging gedoen tydens die openbare verhoor in Februarie 2020. Ons insette het die belangrikheid van die landbousektor vir voedselsekerheid, asook die nadelige uitwerking van stygende elektrisiteitstariewe, uitgelig. Nersa se redes vir sy besluit en ’n implementeringsplan vir die 2018/19- RCA-balans moet nog vrygestel word. Hierdie RCA-balans sal dan verhaal word deur middel van verdere elektrisiteitstariefverhogings.

Die landbousektor speel ’n kritieke rol om te verseker dat daar aan nasionale voedselsekerheidsvereistes voldoen word. In die konteks van Covid-19 is dit selfs belangriker vir die landbousektor om voldoende, bekostigbare voedsel te voorsien. Alternatiewe oplossings, as deel van die hervorming van die energiesektor, moet voorsiening maak vir groter privaatsektordeelname en -mededinging in die opwekking van elektrisiteit ten einde dit meer bekostigbaar te maak.

Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel is aktief op verskeie fronte ter ondersteuning van die uitbreiding en volhoubaarheid van die landbousektor. Wat elektrisiteit betref, doen ons voorspraak om elektrisiteit- en vastekoste-tariefverhogings te beperk, terwyl ons reeds aansienlike sukses behaal het met die daarstelling van ’n meer gunstige bedeling vir hernubare energie in die landbousektor.

“ Wat elektrisiteit betref, doen ons voorspraak om elektrisiteit- en vastekoste-tariefverhogings te beperk, terwyl ons reeds aansienlike sukses behaal het met die daarstelling van ’n meer gunstige bedeling vir hernubare energie in die landbousektor.

Loodsprojek om sonenergie vir landbou te finansier

’n Finansiële instelling het die sentrum genader insake ’n voorstel waar hulle finansiering vir sonenergieprojekte kan aanbied. Daar word na 20 projekte gesoek wat deur buitebalansstaat-finansiering gedoen kan word. Die sentrum was besig om belangstellende boere in elke provinsie te identifiseer om aan die loodsprojek deel te neem maar daar is nog nie 20 projekte geïdentifiseer nie. Hierdie saak is weer gedurende die verslagjaar by die sentrum se vergaderings bespreek. Die sentrum sal lede op hoogte hou met vordering in hierdie verband.

Vergadering met Eskom se topbestuur

Die Sentrum van Uitnemendheid het met die hoofuitvoerende beampste van Eskom, André de Ruyter, en sy span vergader om die potensiële vermoë van die landbousektor om fase 1-beurtekrag te mitigeer, te bespreek. Dit was gegrond op aansoeke van ingenieurs-, verkryging- en konstruksieverskaffers (EPC), wat tans hangend is.



Die sentrum het ook tydens hierdie vergadering verduidelik dat hy daarin kon slaag om regulatoriese beperkings op hernubare energie in die landbou te mitigeer, spesifiek die implementering van die kennisgewing wat voorsiening maak vir Vrystelling van Lisensiëring en Registrasie, wat hernubare energie meer toeganklik maak. 'n Sleutel-element is die Nersa-registrasieproses wat nou geïmplementeer word en goed funksioneer. Wat netwerkstelsels betref, het Eskom egter lang wagtye, met die standaardisering van prosesse en fooie oor provinsies heen wat hierdie potensiaal kortwiek.

Een van die uitkomstes van hierdie vergadering was dat Agri SA Eskom ingelig het oor die bestaande (aansoek-fase) hernubare (sonkrag) energieprojekte in die landbousektor wat verdrag word binne die Eskom-proses. Om hierdie rede het Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel 'n opname gedoen oor deelname deur sy provinsiale en bedryfsorganisasies in hierdie verband. Eskom sal hierdie inligting vergelyk met dié van die organisasie om verskille te identifiseer en probleme aan te spreek.

Die negatiewe impak van beurtkrag op die landbousektor, veral besproeiingslandbou, is ook tydens hierdie vergadering uitgelig. Die landbousektor speel 'n kritieke rol om te verseker dat daar voldoen word aan nasionale voedselsekerheidsvereistes, veral gedurende die Covid-19-pandemie. Meer as 25% van die land se voedsel word deur besproeiing-afhanklike en energie-intensiewe bedrywe geproduseer. Beurtkrag veroorsaak onderbrekings, addisionele koste en verliese. Agri SA het waardering vir die feit dat daar in sommige gevalle spesiale reëlings met Eskom getref kon word in dié verband.

Die sentrum het ook sy kommer uitgespreek oor die verskuiwing van verantwoordelikheid vir laespanning-aansluitings. Die verantwoordelikheid gaan van die netwerktoegang-afdeling na plaaslike klientevertenwoordigers geskuif word. Agri SA is bekommerd omdat daar 'n tekort aan hierdie personele is en dat hulle nog nie die nodige opleiding of ervaring het om hierdie proses te bestuur nie.

Eskom is in die proses om 'n toegewysde kantoor/ondersteuningsfunksie vir die landbousektor daar te stel. Die sentrum sien uit daarna om verder met hier-

die kantoor binne Eskom te skakel. Agri SA verwelkom ook die aanstelling van 'n nuwe sektorbestuurder vir die landbou.

Hervorming van die elektrisiteitssektor

Agri SA het kommentaar gelewer op die Nasionale Tesourie se 2019- ekonomiese beleidskrif, waarin verskeie voorstelle rondom die hervorming van die elektrisiteitssektor uiteengesit is. Die voorstelle met betrekking tot 'n onbeperkte, laagste-koste- Geïntegreerde Hulpbronplan (IRP), regulasies wat voorsiening maak vir privaatsektordeelname, die herstrukturering en modernisering van Eskom se besigheid (met inagneming van internasionale verwickelinge), asook oop en nie-diskriminerende toegang tot die transmissienetwerk, is 'n stap in die regte rigting.

Finalisering van 'n opgedateerde laagstekoste-IRP, wat nog nie deur die kabinet goedgekeur is nie, is noodsaaklik vir die aanvanklike stabilisering van die energiesektor. Verder behoort die IRP gereeld opgedateer te word om veranderinge in ekonomiese omstandighede en tegnologie te reflekteer, terwyl toekomstige elektrisiteitstariewe op 'n deursigtige en voorspelbare wyse bestuur moet word. Met Eskom se voorgestelde herstrukturering moet 'n holistiese hersiening van die energiesektor en kragvoorsieningsbedryf oorweeg word. Dit moet gepaardgaan met 'n hersiening van Eskom se kapitaalmodel, bedryfsstruktuur en tariefregime, waar aanvraag gemaksimeer en koste tot die minimum beperk kan word.

'n Scenario van gevorderde tegnologie en verlaagde koste maak 'n sterk saak uit vir son- en windkrag, gesteun deur buigsame bronne soos gas-gedrewe krag as lewensvatbare opsie. Sodanige scenario, tesame met sektorhervormings, sal die politieke dimensie van Suid-Afrika se energietransisie in ag moet neem. Die hervormingsproses moet ook potensiële hervormingvertegenwoordigers van sosiale vennote betrek, insluitend besigheid, arbeid en die gemeenskap.

'n Posing moet aangewend word om konsensus te bou tussen teenstrydige standpunte, byvoorbeeld deur arbeid se kommer oor moontlike werkverliese as gevolg van die oorgang vanaf steenkool na hernubare energiebronne aan te spreek. Agri SA is ook betrokke by ander



inisiatiewe van Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) in hierdie verband en sal sy lede dienooreenkomstig inlig.

Privaatsektordeelname

Benewens 'n fokus op onafhanklike kragvoorsieners (IPP's), behoort breër privaatssektordeelname, byvoorbeeld SSEG's, ook by Eskom se hervormingstrategie geïnkorporeer word:

- Terwyl die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (Nersa) se registrasieproses vir SSEG's blykbaar nou goed funksioneer, met registrasies wat ongeveer twee tot drie maande neem, neem die Eskom-proses tussen 12 en 18 maande. Hierdie proses is steeds die grootste beperking wat boere verhinder om in 'n sonkragstelsel te belê. Óf Eskom óf 'n potensiele Onafhanklike Stelselsmarkoperateur (ISMO) moet 'n toegewese span aanstel met 'n gefokusde mandaat om die proses te bespoedig; en
- Toegang tot 'buite-balansstaat'-finansiering ingevolge 'n huurkontrak, met beperkte 'verhaling'-befondsing, kan dien as 'n noodsaaklike beleggingskanaal vir die landbousektor.

Om te verseker dat ons lede toegang verkry tot die beste tegnologie, diensverskaffers en finansieringsoplossings, werk Agri SA nou saam met bedryfsrolspelers om innoverende energie- en finansieringsoplossings vir sy lede beskikbaar te stel.

Elektrisiteitsnetwerke en munisipaliteite

Beleggings is noodsaaklik om die elektrisiteitsnetwerkinfrastruktuur in stand te hou en uit te brei. Agri SA steun die besluit om netwerkbeleggings te beskerm (*ring-fence*) en deur Nersa te laat monitor. Die rol van munisipaliteite wat versuim om hul verpligtinge as elektrisiteit-lisensiehouer na te kom, moet heroorweeg word, veral waar dienslewering, infrastruktuurinstandhouding en gesonde finansiële bestuur ontbreek. Gegewe die globale tendens ten gunste van koolstofvermindering, digitalisering en desentralisasie, behoort munisipaliteite alternatiewe inkomstebronne te oorweeg deur hul besigheidsmodel te moderniseer. Agri SA sal hierdie situasie voortdurend dophou.

Agri SA en Nersa/Eskom-vergaderings

Agri SA is bekommerd dat Eskom se goedgekeurde tariefverhogings, soos geïmplementeer volgens die Eskom Kleinhandelaartarief- en Strukturele Aanpassingsmetode (ERTSA) (veral Eskom se vertolking daarvan), 'n negatiewe uitwerking op die landbou het. Vastekostetariewe word verhoog met dieselfde persentasie as elektrisiteitstariewe. Eskom se aansoek aan Nersa en die goedgekeurde persentasieverhoging is egter gegrond op voorspellings vir elektrisiteitsverkope; daarom moet vastekostetariewe nie verhoog word op dieselfde basis of met dieselfde persentasie nie. Agri SA het 'n voorbeeld van 'n Eskom-rekening gebruik om te illustreer hoe Eskom Nersa se goedgekeurde tariefverhogings implementeer/toepas – nie slegs op elektrisiteitstariewe nie maar ook op ander koste-items soos uiteengesit onder die cost-reflective faktureringsstelsel.

“ Agri SA het 'n voorbeeld van 'n Eskom-rekening gebruik om te illustreer hoe Eskom Nersa se goedgekeurde tariefverhogings implementeer/toepas – nie slegs op elektrisiteitstariewe nie maar ook op ander koste-items soos uiteengesit onder die cost-reflective faktureringsstelsel.

Nersa het kennis geneem van Agri SA se insette en aangedui dat hulle slegs 'n klagte wat deur van 'n Eskom-kliënt ingedien is, kan ondersoek. Om hierdie rede is daar voorgestel dat Nicol Jansen, voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel, 'n klagte per e-pos by Nersa indien. Indien Nersa bevind dat die klagte meriete het, sal hulle outomaties die potensiele uitwerking daarvan op ander kraggebruikers oorweeg, wat dan ook Nersa se besluit oor die pad



vorentoe sal rig. Agri SA sal uitgenooi word om deel te neem aan enige vergaderings of samesprekings tussen Nersa en die klaer (Nicol Jansen).

Verder is Agri SA ook aktief betrokke by samesprekings met Eskom oor hierdie aangeleentheid. Meer onlangs het ons vergader met senior personeel van die afdeling: *Finance and Economic Regulation*. Ingevolge Eskom se vertolking van die ERTSA-metodologie, is Eskom van mening dat sy implementering van goedgekeurde tariefverhogings korrek is. Gevolglik is ons pogings gefokus op Nersa en moontlike regsaksie. Terugvoering is verskaf tydens die sentrumvergadering op 10 Maart 2020.

Konsepraamwerk vir 'n energiebeleid

'n Konsepraamwerk vir 'n energiebeleid is aan die 2019-Agri SA-kongres voorgehou. Die feit dat Eskom nog in drie aparte gedeeltes opgebreek gaan word en ander soortgelyke beleidsdokumente is in ag geneem by die opstel van hierdie riglyndokument van Agri SA.

Die volgende voorstelle is in die konsepraamwerk gemaak:

- Suid-Afrika se IRP behoort te fokus op laagste-koste-tegnologieë, terwyl die gepaardgaande uitwerking op die omgewing ook in ag geneem word. Verder moet die IRP gereeld opgedateer word om veranderings in ekonomiese toestande en tegnologie te reflekteer;
- Toekomstige elektrisiteitstariewe moet op 'n deursigtige en voorspelbare wyse bestuur word, terwyl daar seker gemaak word dat tariewe die koste weerspieël;
- Met Eskom se voorgestelde herstrukturering, behoort 'n holistiese hersiening van die enegiesektor en die kragvoorsieningsbedryf oorweeg te word. Dit moet gepaardgaan met 'n hersiening van Eskom se kapitaalmodel en tariefregime, waar aanvraag gemaksimiseer en koste tot 'n minimum beperk kan word;
- Met die oorweging van hervormings, moet die politieke dimensie van Suid-Afrika se energie-oorgang in ag geneem word. Die hervormingsproses moet potensiele hervormingverteenwoordigers van maatskaplike vennote betrek, insluitend besigheid, arbeid en die gemeenskap. Daar moet gefokus word op die bou van konsensus rondom

teenstrydige standpunte, byvoorbeeld die arbeid-sektor se kommer oor moontlike werkverliese wat verband hou met die oorgang vanaf steenkool na hernubare energiebronne;

- 'n Fokus op onafhanklike kragvoorsieners (IPP's) en breër privaatsektordeelname, byvoorbeeld SSEG's in die landbou, moet by die hervormingstrategie geïnkorporeer word. Sodanige installasies bied 'n geleentheid vir boere om elektrisiteit op te wek, hul mededingendheid te verbeter en druk op die nasionale netwerk te verlig;
- Terwyl die Nersa-registrasieproses vir SSEG's (<1MW) tans blykbaar goed funksioneer, met registrasies wat ongeveer 2 tot 3 maande neem, kan die Eskom-proses tussen 12 en 18 maande duur. Hierdie proses is steeds die mees tydrowende aspek wat boere verhoed om in 'n sonkragstelsel te belê. Óf Eskom óf 'n potensiele Onafhanklike Stelselmarkoperateur (ISMO) behoort 'n toegewese span aan te stel met 'n gefokusde mandaat om die proses te bespoedig;
- Beleggings is noodsaaklik om die elektrisiteitsnetwerk-infrastruktuur in stand te hou. Agri SA steun die besluit om netwerkbeleggings te beskerm en deur Nersa te laat moniteer;
- In 'n breër sin is diefstal en vandalisme algemene misdade wat netwerkbedrywigheede kortwiek. 'n Kollektiewe strategie om diefstal en vandalisme te bestry en beskerming daarteen te bied, is noodsaaklik;
- Die rol van munisipaliteite wat versuim om hul verpligtinge as elektrisiteit-lisensiehouer na te kom, moet heroorweeg word, veral waar dienslewering, infrastruktuur-instandhouding en gesonde finansiële bestuur ontbreek;
- Gegewe die globale tendens ten gunste van koolstofvermindering, digitalisering en desentralisasie, behoort munisipaliteite alternatiewe inkomstebronne te oorweeg deur hul sakemodel te moderniseer;
- Samewerking met bedryfsrolspelers moet fokus op die bevordering van innoverende energie- en finansieringsoplossings vir lede van Agri SA;
- Voorspraak vir die diversifisering van Eskom se 'energy banking'-produk-aanbieding. Die produk-aanbieding om energie te bank, moet verbeter en uitgebrei word om nakomingstelsels finansiële mededingend te maak; en
- Wat koste-weerspieëlende fakturering betref,



moet daar gefokus word op die uitdagings wat stygende vastekoste bied.

Roadmap for Eskom

'n "Special Paper for Eskom (Roadmap for Eskom)" is op 29 Oktober 2019 deur minister Pravin Gordhan bekend gemaak. Die sentrum het 'n goeie opsomming van die plan aan sy lede verskaf. Die belangrikste van hierdie plan is die aanstel van 'n effektiewe bestuur by Eskom. Hierdie is nie 'n volmaakte plan nie maar wel 'n stap in die regte rigting.

Geïntegreerde hulpbronplan 2019

Die kabinet het die IRP2019 goedgekeur. Gedurende Augustus 2018 is hierdie plan vir openbare konsultasies gepubliseer. Agri SA, die publiek, kundiges, akademici en ander het insette gelewer wat in die IRP2019 opgeneem is. Agri SA het ook deur Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) insette gelewer. Die IRP2019 is 'n bloudruk wat 'n omvattende plan vir diverse kragopwekking en krag-uitbreidings tot 2030 uiteensit. Die korrekte weergawe van die IRP2019 is Maandag 21 Oktober 2019 in die staatskoerant gepubliseer en is ook via Agri SA se *Policy Bulletin* aan lede versprei. Hierdie dokument is ook tydens die sentrum se vergadering bespreek.

Potensiële hofsaak teen Eskom

Benewens skakeling met Nersa, het Agri SA ook die regs-koste gedek vir die aanstelling van senior advokaat, advokaat Loxton, om regsleiding oor die tariefkwessie te verskaf. Tydens die vergadering was dit duidelik dat regsaksie nie noodwendig die gewenste uitkomst sou bied nie. Sodanige aksie sal ook gepaardgaan met aansienlike regskoste. Kundige getuies en adviseurs sou benodig word om moontlike sukses te optimaliseer. Ons skakel tans met potensiële adviseurs, maar Agri SA se regskomitee sal egter enige aksies moet goedkeur terwyl die direksie die finansiële implikasies daarvan sal moet oorweeg.

Beurtkrag en die landbou

Gedurende die verslagjaar het beurtkrag weer die Suid-Afrikaanse ekonomie onkant betrap en Agri SA het sy kommer oor die negatiewe uitwerking wat beurtkrag

op die primêre landbousektor, die voedselwaardeketting en die ekonomie as geheel kan hê, uitgespreek.

Beurtkrag het veral 'n baie negatiewe impak op energie-intensiewe en besproeiing-afhanklike bedrywe van landbou, regdeur die hele ketting vanaf plaashek tot in die verbruiker se huis. Handhawing van die koue-ketting is krities om kwaliteit van voedsel en rakleefyd van voedsel te verseker.

Verder kan beurtkrag ook 'n negatiewe effek hê op BBP-groei, soos ons vroeër vanjaar gesien het. In ag genome Eskom se RCA-tariefaansoek (R27,323 miljard), is die las van beurtkrag selfs meer onaanvaarbaar.

“ Verder kan beurtkrag ook 'n negatiewe effek hê op BBP-groei, soos ons vroeër vanjaar gesien het. In ag genome Eskom se RCA-tariefaansoek (R27,323 miljard), is die las van beurtkrag selfs meer onaanvaarbaar.

Hierdie en ander sake is gedurende 'n gesprek met die uitvoerende hoof van Eskom bespreek.

INFRASTRUKTUUR, LOGISTIEK EN VERVOER

Telkomlyne

Agri SA het vergaderings met diensverskaffers van Telkom, Openserve, gehad om probleme wat deur die landbou insake telefoonlynne ondervind word, te bespreek. Hierdie gesprekke het op 'n deurlopende basis in die vorige verslagjaar plaasgevind.

Hierdie probleme is egter nog nie opgelos nie. Die sentrum en provinsiale organisasies is in kennis gestel dat, waar daar probleme met Telkomlynne ondervind



word, dit nie meer herstel sal word nie. Verbruikers in sulke gevalle sal 'n ander toestel ontvang. Lede is ook in kennis gestel dat, waar daar in sekere areas nie selfoonopvangs is nie, satellietfone gebruik moet word. Alternatiewe verskaffers se kontakbesonderhede is aan lede deurgegee. Die sentrum het lede gevra om die regte inligting in probleemgevalle deur te gee sodat dit gebruik kan word in gesprekke met Telkom.

Selfoonnetwerke

Die sentrum het 'n opname gedoen om die besonderhede van spesifieke probleme wat deur boere ervaar word, te bepaal. Die resultate van die opnames is gebruik in deurlopende skakeling met mobiele netwerkmaatskappye. Terugvoer is ook met die onderskeie provinsies gedeel.

Verder neem die vergadering kennis van probleme wat ontstaan indien daar geen selfoonontvangs is nie en dat landbouers en hulle werkers se veiligheid ook geraak word. Selfoonnommers waar probleme met swak opvangs ervaar, sal op 'n deurlopende basis gerapporteer word. Daar sal ook ondersoek ingestel word na die regering se beleid om die bandbreedte ten opsigte van byvoorbeeld internetverbinding te verbreed. Lede is weer gevra om nommers aan die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel te rapporteer.

Padinfrastruktuur

Agri SA is van plan om met Sanral te skakel om 'n vreedsame oplossing ten opsigte van 'n landelike kamera-netwerkstelsel te vind. Hierdie stelsel word wyd aangewend deur wetstoepassingsagentskappe, waar sodanige inligting met hierdie agentskappe gedeel word en het reeds gelei tot die suksesvolle inhegtenisname van menige misdadigers.

Agri SA wil ook 'n gesprek voer oor die instandhouding van omheinings langs Sanral-paaie en die reëling in verband met die 50:50-samewerking tussen Sanral en boere, asook die vereiste spesifikasies van omheinings langs Sanral-paaie. Gedurende hierdie gesprek moet Sanral ook daarvan verwittig word dat die risiko's wat die landbousektor loop as burre van Sanral, veel groter is as in die geval van ander 'normale burre'.

Sodra 'n afspraak bevestig is, sal die onderskeie provinsiale organisasies asook Busa uitgenooi word na 'n vergadering om hul saak te stel. Die sentrum sal sy lede op hoogte van sake hou.

Opname oor probleme met Transnet en hawens

Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het 'n geleentheid om insette te lewer by Busa se vervoerbelegingskomitee oor die probleme en struikelblokke wat ons lede met Transnet en hawens ervaar. Hierdie insette sal gebruik word tydens nasionale vlak-skakeling met Transnet en die regering. Die opsomming van die uitkomstes van hierdie opname sal met lede gedeel word.

Vervoer gedurende Covid-19

Gedurende die Covid-19-pandemie was die landbousektor onderhewig aan verskeie beperkings rondom die vervoer van plaaswerkers. Agri SA is deel van die spesiale taakspan wat deur die minister en direkteur-generaal van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling (DALRRD) aangestel is om bedryfsaangeleenthede wat verband hou met Covid-19 aan te spreek. Vervoer-gerelateerde beperkings is via hierdie platform na die minister gekanaliseer. Ons het hierdie aangeleenthede ook binne die Busa-vervoertaakspan geopper, waarna Busa die sleutelknelpunte na die nasionale regering en presidensie uitgewys het.

Een van hierdie aangeleenthede was die uitreiking van perмите vir abnormale voertuie, byvoorbeeld stropers. Nadat ons vertoë gerig het in dié verband, is daar besluit dat die amptenare wat sodanige perмите uitreik, beskou word as noodsaaklike diensverskaffers en kon die perмите uitgereik word.

Soortgelyke sukses is behaal as gevolg van die sentrum se skakeling met Busa met die oog op die verlenging van die geldigheids tydperk van leerlingbestuurslisensies, voertuiglisensieskyfies, tydelike perмите, professionele voertuigbestuurderslisensies en padwaardigheidsertifikaat. Gedurende Mei 2020 het die minister die geldigheids tydperk hiervan verder verleng met 90 dae. Die sentrum het die betrokke veranderinge



in regulasies onmiddellik daarna gekommunikeer.

Die Sentrum van Uitnemendheid het ook 'n Covid-19-vervoergids vir die landbousektor saamgestel. Dit dek alle vervoermiddele wat die bedryf benodig, asook die maatreëls waaraan elkeen moet voldoen. Die doel van hierdie gids is om lede van inligting te voorsien en leiding te bied ten opsigte van die nakoming van regulasies.

Tesame met bogenoemde, moet al die nodige voorsorgmaatreëls getref word vir goeie higiëne en ontsmetting wanneer werkers vervoer word, d.w.s. voldoende hand-reinigers of ander reinigers vir die gereelde was van hande en ontsmetting van gereedskap.

Munisipaliteite

Gedurende die verslagjaar word landelike gebiede in provinsies op 'n gereelde basis afgesluit van die buitewêreld deur protesaksies. Landelike gemeenskappe het dan nie toegang tot skole en ander besighede nie. Produkte kan nie by markte afgelewer word nie en paaie word beskadig. Die hoofrede hiervoor is diensleweringsoptogings wat hoofsaaklik oor water gaan. Kwanalu het 'n opname in hierdie verband gedoen en hierdie protesaksies word direk gekoppel aan die gebrek aan munisipale dienslewering/eienomsbelasting.

Die wanadministrasie van munisipaliteite en gepaardgaande probleme met dienslewering is 'n uitdaging vir die landbou. Om hierdie probleem aan te spreek, het die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel die name van munisipaliteite in elke provinsie gekry wat onder administrasie geplaas is. Die toestande in hierdie munisipaliteite is ook weergegee en of die onderadministrasie-plaas van munisipaliteite enige voordele ingehou het. Hierdie inligting sal gebruik word in gesprekke met die minister van samewerkende regering en tradisionele sake oor die munisipale krisis en die uitwerking daarvan op die landbou. Die sentrum sal sy lede op hoogte hou.

INTERAKSIE

Besigheideenheid Suid-Afrika

Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) is in Oktober 2003 gestig en het in Januarie 2004 begin funksioneer.

Sodoende is die eerste verteenwoordigende en verenigde organisasie vir besigheid in Suid-Afrika geskep. Vandag verteenwoordig Busa die privaatsektor via sy omvattende ledebasis en dien as die grootste federasie van besigheidsorganisasies in terme van bruto binne-landse produk en bydrae tot werkgeleenthede.

Busa is 'n nie-winsgewende maatskappy wat 'n rits georganiseerde sakebelange in Suid-Afrika verteenwoordig. Busa bestaan uit ongeveer 35 organisatoriese lede wat verteenwoordigend is van uni-sektorale ondernemings, korporatiewe verteenwoordigende organisasies, kamers van koophandel en nywerheid, asook bedryfs- en professionele organisasies. Daar is ook 22 korporatiewe lede wat as raad van trustees dien.

Busa se werk fokus meestal op die beïnvloeding van beleid en ontwikkeling van wetgewing vir 'n bemagtigende omgewing vir inklusiewe groei en indiensname. Busa funksioneer by wyse van twee komitees, naamlik die Ekonomiese- en Handelsbeleid-komitee asook die Maatskaplike beleidskomitee. Subkomitees van die Ekonomiese- en Handelsbeleid-komitee sluit in die Omgewings-, Energie-, Belasting-, Handels-, Vervoer- en Logistiek-subkomitees.

Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel – betrokkenheid by Besigheideenheid Suid-Afrika

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel is betrokke by die volgende Busa-komitees:

- Ekonomiese- en Handelsbeleid-komitee;
- Handel-, Vervoer- en Logistiek-subkomitee; en
- Energie-subkomitee.

Busa bied 'n belangrike platform om ons beïnvloedingspogings op te skerp, om sleutel-intelligensie te verkry, netwerke te bou en om te skakel met sleutelkontakte binne die regering. Busa help ook om ons werk binne die ekonomiese, logistieke en energie-omgewing te versterk. Agri SA ontvang kennisgewings van Busa oor wetgewing- en beleidsontwikkeling (nasionale vlak), met 'n uitnodiging om insette/kommentaar te lewer – dit tesame met kommentaar wat ons regstreeks indien.

In gevalle waar wetgewing of beleidsdokumente nie 'n direkte uitwerking op die landbousektor het nie, ondersteun Agri SA gewoonlik die kommentaar wat deur Busa



voorberei is. Dit behels die aangeleenthede wat nadelig vir die breër besigheidsomgewing en ekonomie kan wees, en help Agri SA dus om te fokus op aspekte wat van belang vir die landbou is.

Die hoof van die sentrum dien van tyd tot tyd via Busa in Nedlac-taakspanne, afhangend van die spesifieke wetgewing wat oorweeg word, byvoorbeeld die Taakspan op Openbare Vervoer wat die konsep-paaiebeleid vir Suid-Afrika bespreek.

“ Die hoof van die sentrum dien van tyd tot tyd via Busa in Nedlac-taakspanne, afhangend van die spesifieke wetgewing wat oorweeg word, byvoorbeeld die Taakspan op Openbare Vervoer wat die konsep-paaiebeleid vir Suid-Afrika bespreek.

Kwanalu-kongres

Die hoof van die Sentrum van Uitnemendheid, dr Requier Wait, is genooi om 'n aanbieding by die Kwanalu-kongres te lewer oor die Daarstelling van 'n bemagtigende omgewing vir waardekettingontwikkeling deur middel van beleids-, regulatoriese en institusionele ondersteuning deur die privaatsektor vir die huidige en toekomstige geslag. Groter privaatsektor-betrokkenheid by die landbou om die landbouwaardeketting te ontwikkel en te verbeter deur middel van vennootskappe sal 'n mate van verligting bring waar boere verwag word om alleen verantwoordelikheid vir grondhervorming te aanvaar.

Bain & Company

Bain & Company werk nou saam met 'n groep vrywillige sakeleiers in Suid-Afrika om idees rondom die langertermyn-aangeleenthede wat groei in Suid-

Afrika belemmer, te ontwikkel asook aan potensiële oplossings in dié verband. Hierdie werk word gedoen met 'n direkte kanaal na die staat en het die potensiaal om sekere besluitneming te rig oor hoe ons ekonomiese herstel ná afloop van die Covid-19-krisis kan stimuleer.

Bain & Company het die sentrum genader op grond van 'n voorlegging wat die hoof van die sentrum tydens Kwanalu se 2019-kongres gelewer het. Hulle het die sentrum se hulp en insette gevra met betrekking tot hul navorsing oor die landbouwaardeketting en het die inhoud van die aanbieding baie nuttig gevind.

Die sentrum het wyd beraadslaag met Bain & Company, waar sleutelknelpunte uitgelig is en het hulle ook verwys na rigtinggewende dokumente, soos die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP). Hulle het onderneem om Agri SA ingelig te hou oor hul navorsing.

Produksie/insetwerkgroep

Agri SA is lid van die Graan SA-produksie/insetwerkgroep wat op 'n gereelde basis vergader. 'n Uitgebreide agenda is deurgewerk gedurende die verslagjaar, insluitend probleme wat met die logistiek van landboumasjinerie wat nie gelisensieer kan word nie, elektrisiteit, water, koperdiefstal en die diefstal van produkte, sektorale vasstellings en die instelling van die nasionale minimumlone. Hierdie aangeleenthede vorm deel van sentra van uitnemendheid binne Agri SA se werkterreine.

Inligtingstoere: Limpopo en Mpumalanga

Gedurende twee inligtingstoere onder die leiding van verteenwoordigers van Agri SA, waarvan hierdie sentrum deel was, het ons die ekonomiese kwessies uitgelig wat voedselsekerheid kan ondermyn. Ons het 'n omvattende oorsig van die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel se aktiwiteite, 'n oorsig van die handelslandskap, kapitaalinvestering en skuld, asook indiensneming, met boere gedeel. Hierdie inligtingstoere het geweldige waarde toegevoeg vir boere en Agri SA is bedank vir 'n ongelooflike span mense en kundiges.



“ Hierdie inligtingstoere het geweldige waarde toegevoeg vir boere en Agri SA is bedank vir 'n ongelooflike span mense en kundiges.

Radio en televisie

Gedurende die jaar is 'n verskeidenheid gesprekke op verskillende radio- en televisieplatforms gevoer, onder meer Groot FM, RSG, Pretoria FM, OFM, Groot Plaas TV en Landbouweekliks rakende sonkrag en ander relevante onderwerpe binne dié sentrum se werkterrein. Die sentrum het 'n groot dekking in die gedrukte media gedra oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe om boere ingelig te hou.

Wêreldbank-groep/Busa-beraadslaging oor die WBG-SA Country Partnership Framework

Die doel van hierdie beraadslagingsessie tussen Busa (waarvan Agri SA 'n lid is) en die Wêreldbank-groep (WBG) was om die perspektief van die privaatsektor oor Suid-Afrika se ontwikkelingsuitdagings te onder- vang en om daardie terugvoering in die ontwerp van die WGB-vennootskap met die regering van Suid-Afrika te weerspieël. Die vergadering het ook 'n geleentheid gehad om terugvoering van die privaatsektor oor die uitwerking van Covid-19 op Suid-Afrika aan te hoor. Laastens het die vergadering oorweging geskenk aan moontlike vennootskappe met die privaatsektor in die implementering van die *Country Partnership Framework* (CPF).

Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk

Agri SA verwelkom die publiserings van die konsep-raam- werk en stem ten volle saam oor die behoefte aan 'n omvattende nasionale ruimtelike ontwikkelingsraam- werk. Dié is duidelik 'n goed nagevorste en baie omvat- tende dokument. Agri SA verwelkom ook die belyning van hierdie raamwerk met die doelwitte van die Nasio- nale Ontwikkelingsplan.

Die sentrum het die geleentheid gehad om insette ten opsigte van belegging en infrastruktuur te lewer. Ons kommentaar het hoofsaaklik gefokus op die landelike omgewing. Ons moet egter benadruk dat die navorsing, asook hierdie konsep-raamwerk, duidelik daarop wys dat die grootste behoefte aan grond en behuising in die stedelike gebiede bestaan waar vinnige verstedeliking steeds plaasvind. Meeste van die voedsel wat benodig word deur die stedelike bevolking sal steeds in landelike gebiede geproduseer moet word.

Vergaderings met kommersiële banke

Agri SA se hoof- uitvoerende beampte het die sentrum versoek om vergaderings te reël tussen Agri SA en die kommersiële banke, insluitend die Land Bank. Die kommersiële banke het terugvoering gegee oor hul vooruitskouing vir die landbousektor in die konteks van die Covid-19-pandemie. Die vergadering met die Land Bank het gefokus op hul huidige beperkings en hul strategie om dit aan te spreek.

“ Die kommersiële banke het terugvoering gegee oor hul vooruitskouing vir die landbousektor in die konteks van die Covid-19- pandemie. Die vergadering met die Land Bank het gefokus op hul huidige beperkings en hul strategie om dit aan te spreek.

Nasionale Dieregesondheidsforum

Agri SA het gedurende die verslagjaar alle vergade- rings van die Nasionale Dieregesondheidsforum (NAHF) bygewoon. Die NAHF bestaan uit diereproduksie-or- ganisasies en ander relevante organisasies in die diere- gesondheidsbedryf, asook provinsiale organisasies wat lede van Agri SA is. 'n Omvattende agenda is tydens die



verslagjaar deurgewerk, met inbegrip van skakeling met die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling (DALRRD) en kommunikasie met Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) oor die status en opdatering van die beskikbaarheid van ent-stowwe.

Oor die afgelope sewe jaar het die NAHF oor 'n wye spektrum werk gedoen ter verbetering van die dier-egesondheidsbedryf. Suksesstories sluit in die daarstelling van die veeartsenystreategie, vee-identifikasie- en opspoorbaarheids pogings, die vestiging van ondernemersverklarings, die bemaking van diere in die bek-en-klouseer-sone, verpligte gemeenskapsdiens-uitreikingsinisiatiewe en die herinstelling van Suid-Afrika se bek-en-klouseer-vrye status. Die nasionale verbod op veiling van vee as gevolg van die jongste uitbraak van bek-en-klouseer in Limpopo was ook 'n uitdaging.

ALGEMENE SAKE

Kommersiële Landbousensus 2017

Agri SA verwelkom die vrystelling van die jongste kommersiële landbousensus (CoCA)-resultate (1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018). Ons besef dat goeie besluitneming oor die spektrum aangeleenthede wat die landbousektor beïnvloed, gegrond moet wees op akkurate en betroubare inligting. Dit sluit in aspekte soos infrastruktuur, dienste, behuising, finansiering en werkskepping. CoCA 2017 is dus van groot belang vir boere sowel as die landboubedryf, selfs meer so in die konteks van die huidige Covid-19-pandemie.

Die voorlopige resultate van die landbousensus bevestig die belangrike rol wat hierdie sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie en ons samelewing speel. Dit bied 'n bondige oorsig van tendense rondom die landbousektor se rol as voedsel- en veselverskaffer en die strukturele veranderinge wat in die plaaslike beleidsomgewing asook die globale mark voorkom.

Dit is belangrik om in ag te neem dat hierdie sensus onvolledig is aangesien dit nie die hele landbouspektrum dek nie. Byvoorbeeld, dit sluit nie inligting oor voormalige tuislande, bestaansboerdery en begunstigdes van grondhervorming in nie. Hierdie resultate dek slegs die kommersiële landbousektor se

kern- 40 122 boerdery-eenhede. Om hierdie rede is dit steeds moeilik om 'n volledige waardasie te doen van bydraes en tendense ten opsigte van hulpbronne wat uitgesluit is van die sensus en wat van eienaar verander het gedurende die transformasieproses.

Agri SA het homself vergewis van Statistieke SA se vertroulike hantering van respondente se inligting en het sy volle steun gegee deur sy affiliasies aan te moedig om hul vorms so spoedig en volledig moontlik in te dien.



Agri SA het homself vergewis van Statistieke SA se vertroulike hantering van respondente se inligting en het sy volle steun gegee deur sy affiliasies aan te moedig om hul vorms so spoedig en volledig moontlik in te dien.

Agri SA wil graag sy lede bedank vir hul deelname om 'n bruikbare uitkoms te verseker wat goeie besluitneming ondersteun. Hierdie sentrum wil ook graag Statistieke SA bedank vir hul harde werk en toewyding om 'n sukses van die sensus te maak.



Sleutel-inligting oor die kommersiële landbou, 2017

Plase/Boerdery-eenhede				
Tipe aktiwiteit	Plase			
	Getal		% Bydrae	
	2007	2017	2007	2017
Graan en ander gewasse	13 760	8 559	34.3	21.3
Tuinbou	3 801	4 643	9.5	11.6
Diereproduksie	13 414	13 639	33.5	33.9
Gemengde boerdery	9 104	12 458	22.7	31.1
Landboudienste/Kunsmisvervaardiging	0	823	0	2.1
Suid-Afrika	40 079	40 112	100.0	100.0
Indiensneming in die kommersiële landbou				
Tipe aktiwiteit	Indiensneming			
	Getal		% Bydrae	
	2007	2017	2007	2017
Graan en ander gewasse	89 716	123 977	11.7	16.4
Tuinbou	276 485	268 740	35.9	35.5
Diereproduksie	135 427	162 116	17.6	21.4
Gemengde boerdery	267 966	185 863	34.8	24.5
Landboudienste/Kunsmisvervaardiging	0	16 932	0	2.2
Suid-Afrika	769 594	757 628	100.0	100.0
Tipe eienaarskap				
Tipe eienaarskap	Plase/Boerdery-eenhede		Betaalde werkers	
	Getal		Getal	
	2007	2017	2007	2017
Individu/Alleeneienaar	30 650	20 177	349 017	177 258
Beslote korporasie	2 258	4 961	63 560	109 426
Openbare maatskappy	3	98	92	12 644
Koöperasie	51	121	2241	3 408
Vennootskap	1 179	1 464	39 378	26 153
Trust	3 493	1 823	107 700	46 250
Private onderneming - (Edms) Bpk	2 178	7 054	203 004	344 202
Openbare korporasie	29	4	2033	104
Staatsonderneming	23	17	715	580
Ander	215	4403	1854	37 603
Totaal	40 079	40 122	769 594	757 628

Bron: Statistieke SA



2019- Mediumtermyn-begrotingsbeleidstelling

Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het gebruik gemaak van die geleentheid om kommentaar te lewer op die 2019- Mediumtermyn-begrotingsbeleidstelling (MTPBS). Die balans tussen staatsinkomste (belastinginkomste) en -uitgawes is sentraal tot die regering se begroting. Die afgelope dekade is gekenmerk deur 'n tendens van lae ekonomiese groei en stygende regeringskuld, waar verstadigde groei die toename in regeringskuld versterk het. Daarbenewens plaas die hoë vlak van regeringskuld tans 'n verdere demper op ekonomiese groei. Die sentrum het sleutelfaktore wat die MTPBS in ag sal moet neem aan die minister uitgespel.

Gegewe die belangrike rol wat landbou in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel, verwag ons dat die MTBPS voldoende hulpbronne beskikbaar sal stel om die landboubedryf se mededingendheid te verhoog en boere te ondersteun, veral in die droogtegeteisterde gebiede, sodat die sektor kan voortgaan om gehaltevoedsel vir die land te produseer en bydra tot werkskepping en armoedeverligting, soos uiteengesit in hoofstuk 6 van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP).

Pre-2020- nasionale begrotingsrede

Agri SA het voor die begrotingsrede skriftelike aanbevelings aan die minister van finansies voorgelê. Daar volgens moet die minister bewys lewer dat hy tot fiskale konsolidasie verbind is in die konteks van 'n omgewing wat gebuk gaan onder swak ekonomiese groei, beurtkrag asook 'n potensiële kredietafgradering deur Moody's. Die afwering van 'n afgradering is heel waarskynlik boaan sy agenda.

Verdere besonderhede oor die implementering van strategieë vir ekonomiese herlewing, byvoorbeeld die Nasionale Tesourie se ekonomiese strategie en die planne soos na verwys in die president se staatsrede, sal noodsaaklik wees om beleggersvertroue te steun.

Haalbare planne sal in plek moet wees om die begroting te balanseer, terwyl die belangrikheid van ekonomiese groei in ag geneem word. Die begroting moet ook die risiko van toenemende staatskuld aanspreek. Agri SA

hoop dat minister Mboweni die volgende elemente in sy begrotingsrede sal aanspreek naamlik droogtehelp, elektrisiteit, grondhervorming en hulp aan opkomende boere, biosekuriteit en sukkelende munisipaliteite.

Post-2020- nasionale begrotingsrede

Die minister van finansies, Tito Mboweni, het sinvolle keuses gemaak om die regering se begroting te bestuur en die ekonomie te ondersteun. Die begroting beklemtoon 'n hernude fokus op die belangrikheid daarvan om ekonomiese groei te bevorder. Die voorneme om belastingverhogings te beperk, word verwelkom en kan meehelp om groei te ondersteun en belastingbetalervertroue te versterk. Planne om die openbare sektor se loonrekening in te perk, is ook in ooreenstemming met 'n strategie van fiskale konsolidasie.

Aspekte van belang vir die landbou sluit in R495,1 miljoen om nakoming ten opsigte van biosekuriteit te verbeter en uitvoer te ondersteun. Verdere toewysings sluit in R500 miljoen, hergeprioritiseer oor die mediumtermyn vir die afhandeling van grondeise, asook R500 miljoen (voorlopig) vir rampbestuur om te reageer op die uitwerking van onlangse vloede en die voortselepende droogte. Terwyl die fiskus onder geweldige druk verkeer, het ons gehoop om meer ondersteuning vir die landbou te sien. Besteding aan landbou, landelike ontwikkeling en grondhervorming bly steeds marginaal. Die landbousektor het hulp nodig vir die potensiaal (soos in die NOP uitgewys) om te realiseer.

In sy persverklaring het die sentrum beklemtoon dat die landbousektor die sleutel is om ekonomiese groei in Suid-Afrika te ontsluit.



In sy persverklaring het die sentrum beklemtoon dat die landbousektor die sleutel is om ekonomiese groei in Suid-Afrika te ontsluit.



Statistiese oorsig

Die statistiese oorsig met sleutelinsigting wat deur Agri SA saamgestel word en waarin landbou-gebaseerde insigting saamgevat is, word twee keer per jaar voltooi en aan alle lede, boereleiers en uitvoerende personeel lede voorsien. Hierdie sentrum besef dat goeie besluitneming gegrond moet wees op akkurate en betroubare insigting. Die doel van hierdie aanwysers is ook om 'n breë oorsig van die finansiële posisie van die landbousektor, hoofsaaklik vir die huidige jaar in vergelyking met die vorige jaar, te bepaal. Basiese statistieke is deur die direktoraat statistiek en ekonomiese ontleding van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling verskaf.

Daggaprodukte in die landbousektor

Agri SA het kennis geneem van die regering se plan om die kommersiële gebruik van hemp-produkte te wettig en te reguleer om geleenthede te skep vir kleinskaalse boere; om beleid te formuleer oor die gebruik van dagga-produkte vir mediese doeleindes, en om hierdie bedryf uit te brei in lyn met wêreldwye tendense, soos gemeld in die president se staatsrede.

Dit is belangrik dat die regering die totale waardeketting in ag neem wanneer hy sy beleid vir kommersiële dagga- en hemp boerdery ontwerp, veral aangesien die fokus op kleinskaalse boere is. Die sentrum het ook verder gewaarsku dat dit ook uiters noodsaaklik is dat belegging in enige projekte werkskepping tot gevolg moet hê, gegewe die land se onaanvaarbare hoë werkloosheidskoers. Dit is moontlik dat werkskepping 'n uitkoms sal wees van sekondêre landbou waar dagga en hemp bewerk word en die produkte geproduseer en verkoop word.

“Dit is moontlik dat werkskepping 'n uitkoms sal wees van sekondêre landbou waar dagga en hemp bewerk word en die produkte geproduseer en verkoop word.

Dit verg egter behoorlike beplanning in terme van infrastruktuurontwikkeling en marktoegang om die lewensvatbaarheid van kommersiële dagga- en hempboerdery te verseker. Georganiseerde landbou mag nie van hierdie beplanningsproses uitgesluit word nie. Dit is ook noodsaaklik dat kommersiële dagga- of hempboerdery nie inmeng met voedselsekerheid nie. Daar is 'n risiko dat kleinskaalse landbouers sal verkies om met dagga of hemp te boer weens die moontlike kontant-aansparing. Dit kan negatief inwerk op kommoditeite wat benodig word vir voedselsekerheid – 'n potensiële onbedoelde gevolg wat versigtig bestuur moet word.

Gegewe die misdaadkoers in landelike gebiede, is dit belangrik om die koste verbonde aan 'n dagga- of hemp-oes in ag te neem wanneer besluite geneem word ten opsigte van beleid. Maatreëls om te verhoed dat daggaproduksie aanleiding gee tot onwettige gebruik, is uiters belangrik. Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel sal die nuutste verwikkelinge aan lede kommunikeer.

Afgradering van die Land Bank

Die sentrum het 'n persverklaring uitgereik na aanleiding van kommer oor die afgradering van die Land Bank deur Moody's.

Agri SA bevraagteken die stand van korporatiewe bestuur van die Land Bank, wat tot die afgradering by hierdie instansie gelei het. Die afgradering van die Land Bank is bewys van die ongesonde stand van sake by die bank. Dié afgradering is 'n terugslag vir groei en transformasie in die landbousektor. Die Land Bank se langtermynvolhoubaarheid en sy vermoë om sy mandaat uit te voer, word nou as “meer riskant” beskou. Dit maak dus toegang tot finansiering moeiliker en duurder vir die bank.

Die landbou is siklies van aard en talle boere verdien nie 'n vaste of gereelde inkomste nie. Hulle verdien die grootste gedeelte van hul inkomste in die kort tydperk wanneer hulle produkte verhandel word (wat kan verskil afhangend van die produk). Toegang tot krediet by, onder meer die Land Bank, is noodsaaklik om aan hul kontantvloei behoeftes (byvoorbeeld, betaling vir insette en arbeid) gedurende die jaar te voldoen. Boere sal tipes hul skuld betaal wanneer hulle geoes het. As gevolg van klimaatsverandering en gepaardgaande droogte-toestande is menige boere egter onder groot druk.



Agri SA het in die afgelope verslagjaar indringende gesprekke met kommersiële asook die Land Bank gehad in hierdie verband. Ons hou die situasie dop en sal toetree waar nodig.

Land Bank wanbetaling

Die sentrum het 'n persverklaring uitgereik nadat die Land Bank se moontlike wanbetaling aan die lig gekom het. Die Land Bank het sy skuldhouers gewaarsku oor moontlike wanbetaling ter waarde van R50 miljard. Die tersaaklike terugbetalings is ten opsigte van sy lopende kredietfasiliteit. Die Land Bank het die probleem toegeskryf aan 'n 'likiditeitsstekort'. Dit volg nadat Moody's die bank se kredietstatus afgegradeer het op 21 Januarie 2020 en die bank as 'meer riskant' beskryf het. Dit maak dit moeiliker en duurder vir die bank om toegang tot befondsing te verkry.

Die Land Bank is 'n belangrike speler in die landbousektor, met 'n sterk marktaandeel van 29% van Suid-Afrika se landbouskuld. Die bank is ook 'n belangrike kredietverskaffer aan agribesighede om die inkoop van oeste by silo's te finansier en vir produksiekrediet wat die bank na boere via agribesighede kanaliseer.

Agri SA het die regering versoek om die nodige leierskap en visie te toon deur die landbousektor dringend te ondersteun om die Land Bank se huidige wanbetaling-sprobleem aan te spreek. Dit sal help om die Land Bank en landbousektor te posisioneer vir ekonomiese groei en sodoende ook breër ekonomiese herstel bewerkstelling. Indien die Land Bank sou ineenstort, kan dit die land blootstel aan 'n substansiële sistemiese risiko, met erge gevolge vir kommersiële boere, werkskepping en voedselsekerheid, wat ten alle koste vermy moet word.

“Indien die Land Bank sou ineenstort, kan dit die land blootstel aan 'n substansiële sistemiese risiko, met erge gevolge vir kommersiële boere, werkskepping en voedselsekerheid, wat ten alle koste vermy moet word.

Covid-19: Suid-Afrikaanse ekonomie en Suid-Afrikaanse Reserwebank-rentekoersbesluit

Die sentrum het 'n persverklaring oor Covid-19 en die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) se repo-koersbesluit uitgereik.

Gedurende Mei 2020 het die SARB die rentekoers vir die vierde keer vanjaar verlaag – hierdie keer met 'n halwe persentasiepunt. Dit het die totale verlaging vanjaar op 2,75 persentasiepunte te staan gebring. Terwyl inflasie-verwagtinge 'n sleutel-oorweging was, is die breër ekonomiese omgewing, tesame met die Covid-19-situasie ook deur die Monetêre Beleidskomitee (MPC) in ag geneem.

Vir die landbou kan die uitwerking van die Covid-19-pandemie wissel en sal verskil vir die verskeie kommoditeite wat in Suid-Afrika verbou word. Sommige uitvoer-afhanklike kommoditeite kan swakker aanvraag ervaar in markte wat deur die virus geraak word, terwyl ander, byvoorbeeld pluimvee, sterker aanvraag van uitvoermarkte met binnelandse tekorte sal ervaar. Aan aanbodkant kan die beskikbaarheid van chemikalieë en ander landbou-insette deur voorsieningsonderbrekings geraak word. Plaaslike verskaffers werk egter aan alternatiewe voorsieningsopsies. Suid-Afrika is 'n netto-uitvoerder van landbouprodukte, terwyl binnelandse voedselsekerheid steeds robuus is.

Hierdie sentrum sal die situasie fyn dophou en met die regering en bedryf saamwerk ter ondersteuning van kollektiewe aksies wat die landbou kan posisioneer vir groei.



Uitwerking van die inperking op produksie

Agri SA se lede het deelgeneem aan 'n opname om die uitwerking van die inperking op besighede asook die vereistes vir heropening te bepaal. Die doel van die vraelys was om die uitwerking van die inperking op produksie (oor bedrywe heen), in samewerking met TIPS (*Trade and Industrial Policy Strategies*) en Busa, te bepaal. Agri SA se lede is gevra om die vraelys te voltooi, waarna antwoorde opgesom en gepubliseer is.

Die besonderhede van die resultate is gebruik om maniere te vind om koste te verminder en ook om voordele van beperkings op ekonomiese aktiwiteit, wat voortspruit uit pogings om die pandemie te beveg, te maksimiseer. Ons het in totaal 489 vraelyste terug ontvang van ons lede.

Covid-19-navorsingsgids

Dié Sentrum van Uitnemendheid publiseer weekliks 'n navorsingsgids in Agri SA se Covid-19-bulletin. Hierdie gids bevat 'n onvolledige lys van die verskillende eksterne navorsingspublikasies rondom die implikasies wat Covid-19 vir die ekonomie en die landbousektor inhou.

Voorstel vir 'n ekonomiese herlewingsgeleentheid

Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel is deur die uitvoerende direkteur genader om 'n voorstel te maak oor hoe Agri SA ten beste kan reageer op Agri Oos-Kaap se versoek aangaande 'n ekonomiese herlewingsgeleentheid. 'n Aanvanklike voorstel is tydens die sentrumvergadering op 10 Maart 2020 bespreek. Die sentrum het die volgende voorgestel gemaak.

Die kwessie van ekonomiese herlewing kan moontlik op die tweede dag van Agri SA se kongres in Oktober 2020 bespreek word. Dit sal blootstelling, uitwerking en borgskapsgeleenthede verhoog. In plaas daarvan om nuwe planne te ontwikkel, kan die Nasionale Tesourie se strategiese dokument waarop Agri SA insette gelewer het, oorweeg word as basis vir die samesprekings. Die landbou-meesterplan behoort ook hierby ingesluit te word.

In plaas daarvan om nuwe planne te ontwikkel, kan die Nasionale Tesourie se strategiese dokument waarop Agri SA insette gelewer het, oorweeg word as basis vir die samesprekings. Die landbou-meesterplan behoort ook hierby ingesluit te word.

Daar moet gefokus word op beleidsimplementering en spesifiek aspekte wat 'n uitwerking op die landbousektor het, met inbegrip van die ontwikkeling van opkomende sowel as kommersiële boere. Dit beteken dat opkomende boere ondersteun moet word om toegang tot die 'stelsel' te verkry, terwyl bestaande kommersiële boere gehelp word om volhoubaar te bly, dit wil sê 'beskerm wat ons het', terwyl opkomende boere tot die sektor 'bygevoeg' word. Globale rolspelers, byvoorbeeld die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds (IMF), moet genooi word om hierdie sessie by te woon.

Gegewe die Covid-19-inperking, is daar heelwat onsekerheid oor die formaat van Agri SA se 2020-kongres. Die voorstel sal moontlik moet oorstaan tot en met die 2021-kongres.

Ekonomiese strategie vir Suid-Afrika

Die sentrum het insette gelewer op mnr Tito Mboweni se *"Economic policy paper: Economic transformation, inclusive growth, and competitiveness: towards an economic strategy for South Africa"*. Insette is ook van ander sentrums van uitnemendheid gekry en bygewerk.

Agri SA verwelkom in beginsel die Nasionale Tesourie se jongste ekonomiese beleidskrif, aangesien dit verskeie beleidsuitdagings en strukturele kwessies aanspreek en ook spesifieke oplossings aanbied wat gewoonlik afwesig is in beleidsvoorstelle. Ons stem saam met die oogmerk van en benadering tot die skep van 'n bemag-



tigende omgewing om ekonomiese groei in Suid-Afrika te steun.

DANKBETUIGING

'n Spesiale woord van dank word uitgespreek teenoor lede van boerderygemeenskappe, provinsiale affiliasies asook bedryfsorganisasies vir hul bydraes tot die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel se sukses.



SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

Grond

Tot en met November 2019 het Ernest Pringle as voorsitter gedien en Sandy La Marque as ondervoorsitter van dié Sentrum van Uitnemendheid. Tydens die November 2019-vergadering is Willem de Chavonnes Vrugt verkies as voorsitter, Sandy La Marque as ondervoorsitter en SK Makinana en Tommy Ferreira as addisionele lede. Die bestuur van die sentrum word bygestaan deur Annelize Crosby.



Willem De Chavonnes Vrugt







Gedurende die verslagperiode, naamlik Mei 2019 tot Junie 2020, was hierdie Sentrum van Uitnemendheid betrokke by die volgende aktiwiteite:

Grondonteïening teen nul Rand vergoeding

Gedurende die jaar onder hersiening is die Sentrum van Uitnemendheid se aktiwiteite weer eens oorskadu deur die debat oor onteïening en vergoeding. Ná die algemene verkiesings in Mei 2019 is 'n ad hoc-komitee aangewys wat met 'n voorgestelde bewoording ter wysiging van artikel 25 vorendag moes kom. Die Parlement het in November 2019 'n werkwinkel in die Parlement gehou oor die wysiging van artikel 25. Agri SA het tydens die werkwinkel 'n voorlegging aan die ad hoc-komitee gedoen waartydens die organisasie sy teenkanting teen die wysiging van die Grondwet weer eens duidelik gestel en gemotiveer het. Agri SA het 'n omvattende skriftelike voorlegging ingedien oor die voorgestelde bewoording ter wysiging van artikel 25 van die Grondwet. Agri SA het ook ondersteuning verleen aan affiliasies met die provinsiale verhoor wat landwyd plaasgevind het van Februarie tot Maart 2020.

Daar was deurentyd groot media-belangstelling in die debat oor die voorgestelde wysiging van die Grondwet en daar was 'n groot aantal mediaverklarings, konferensies, radio- en TV-onderhoude waaraan Agri SA se president, senior personeel, voorsitter en die beleidshoof van die sentrum deelgeneem het.

'n Senior regspan is deurgaans gekonsulteer en daar was verskeie konsultasies met advokate gedurende die oorsigtydperk. Verdere skriftelike regsmenings is ook ingewin.

Agri SA se president, Dan Kriek, is deur president Cyril Ramaphosa genooi om deel te neem aan die werksaamhede van 'n adviespaneel op grondhervorming. Annelize Crosby het Agri SA se president ondersteun met die nagaan van dokumente en formulering van insette in hierdie proses. Die adviespaneel het gedurende Junie 2019 'n verslag uitgebring. Dan Kriek het saam met Nick Serfontein, 'n medepaneellid, 'n alternatiewe verslag uitgebring. Agri SA het in die media gereageer op die aanbevelings van die adviespaneel.

WETGEWING

Onteieningswetsontwerp

Die Onteieningswetsontwerp wat in Desember 2018 gepubliseer is vir openbare kommentaar, is gedurende 2020 in gewysigde vorm in die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad, oftewel Nedlac, ingevoer, waar verteenwoordigers van besigheid, arbeid, gemeenskap en die regering moes onderhandel oor die gewysigde artikels en meer spesifiek die wysigings wat voorsiening gemaak het vir die onteïening van sekere kategorieë van grond teen nulvergoeding. Hierdie proses is teen middel Maart 2020 afgehandel.

Besigheid het standpunt ingeneem teen die eng definisie van onteïening, asook teen artikels 12(3) en (4), wat voorsiening maak vir onteïening teen nul Rand vergoeding onder sekere omstandighede. Agri SA was deel van besigheid se taakspan wat die onderhandelinge in Nedlac gevoer het. Die wetsontwerp sal na verwagting later vanjaar weer in die Parlement ter tafel gelê word.

Die organisasie het ook deelgeneem aan 'n Nedlac-proses oor gemengde finansiering, waar 'n waardeketting benadering ten opsigte van 'n kombinasie van staatsbydraes en leningfinansiering bespreek is. Gesamentlike ondernemings sal ook vir hierdie gemengde finansiering kan kwalifiseer.

BELEIDSDOKUMENTE

'n Aantal nuwe beleidsdokumente wat hulle oorsprong vind in die aanbevelings van die Presidensiële Adviespaneel, het gedurende laat 2019 en vroeg 2020 die lig gesien. Dit sluit in 'n konsepbeleid op die seleksie van begunstigdes en die toekenning van grond, 'n konsep-donasiebeleid en die nasionale raamwerk op ruimtelike ontwikkeling. Agri SA het skriftelike kommentaar op al drie beleidsdokumente voorberei en ingedien.

LITIGASIE

Melmoth-saak

Agri SA het verdere ondersteuning verleen aan die grondeienaars van Melmoth in KwaZulu-Natal wat in 'n hofstryd vir regverdige en billike vergoeding vir



hulle plase betrokke was. Waardeerders, wat onderskeidelik deur die staat en die grondeienaars aangestel is, het reeds in Maart 2018 ooreengekom dat die billike en regverdige vergoeding waarop die grondeienaars geregtig is ongeveer R760 miljoen beloop. Die waardeerder-generaal het egter die waarde van die grond op ongeveer R420 miljoen bepaal. Die minister was nie bereid om meer aan te bied as die waarde wat deur die waardeerder-generaal bepaal was nie.

'n Dag voor die aanvang van die verhoor het die minister en die Kommissie op Herstel van Grondregte 'n aanbod aan die grondeienaars gemaak om die grond vir 'n totale bedrag van R805 miljoen aan te koop. Die grondeienaars was bereid om die aanbod te aanvaar. Ingevolge die betrokke hofreëls is die dispuut tussen die staat en die grondeienaars gevolglik afgehandel op sterkte van die aanbod van die staat soos aanvaar deur die grondeienaars. 'n Verdere gevolg hiervan is dat die staat aanspreeklik is vir die grondeienaars se regskoste.

Tot kort voor die aanvang van die verhoor het die staat volgehou dat die vergoeding soos bepaal deur die waardeerder-generaal (wat gebaseer is op die omstrede Regulasies uitgevaardig in terme van die bepalings van die Wet op Eiendomswaardering) die enigste bedrag is waarop die grondeienaars geregtig is. Die grondeienaars was gereed om die getuienis van hulle deskundiges aan te bied en die staat te beveg, toe die staat die aftog geblaas het deur die bogenoemde aanbod aan die grondeienaars te maak. Die resultaat is dat die vergoeding wat die grondeienaars ontvang het, ongeveer twee keer die bedrag is wat die waardeerder-generaal as vergoeding voorheen bepaal het.

WERKGROEPE

Gedurende die Maart 2020-Sentrum vergadering is twee werkgroepe in die lewe geroep om ondersoek te doen na en te kom met aanbevelings oor twee sake van belang vir die affiliasies, naamlik finansiering vir opkomende boere op staatsgrond en titelaktes vir plaaswerkers en agri-dorpie, waar grondeienaars vrywilliglik grond wil beskikbaar stel aan plaaswerkers. Die werkgroepe het al verskeie kere vergader.

Daar is goeie samewerking met die Vryemarkstigting oor die kwessie van die oordra van titel en Annelize

Crosby het ook afsonderlik met die Vryemarkstigting en hulle regspan vergader. Die werkgroep gemoeid met finansiering op staatsgrond, het 'n zoom-vergadering met die hoof- uitvoerende beampte van die Bankvereniging (Basa) gehad. Aanbevelings ten opsigte van beide onderwerpe sal aan die Sentrum van Uitnemendheid: Grond gemaak word.

INTERAKSIE MET AFFILIASIES EN EKSTERNE BELANGHEBBENDES

Daar was gedurende die jaar onder oorsig interaksies met verskeie kundiges en rolspelers. Mike Coleman, 'n deskundige op die terrein van grondbesit, het die sentrum toegesprek oor grondbesit in kommunale gebiede. Advokaat Sandile Ngobese van die Grondeise-kommissie het ook die sentrum toegesprek oor nuwe-orde-restitusie-eise.

Verskeie kongresse en konferensies is toegesprek oor die kwessie van grondhervorming, onder meer die kongresse van Agri Oos-Kaap, Agri Limpopo en Mpumalanga Landbou. Daar was ook 'n toer deur Mpumalanga in Februarie 2020 waar grondvlaklede ingelig is oor al die jongste verwikkelinge op al die beleidsterreine wat Agri SA by betrokke is, insluitend grondhervorming.

Die voorsitter en ondervoorsitter van die sentrum van uitnemendheid, asook die hoofbestuurder van Mpumalanga Landbou en die hoof van die sentrum van uitnemendheid: Grondsake, het op 10 Maart 2020 ook met die spesiale meester op huurarbeidereise en sy span vergader. Die spesiale meester is deur die Konstitusionele Hof aangestel om toesig te hou oor die afhandeling van huurarbeider-eise.

Die spesiale meester het 'n voorlegging aan Agri SA gedoen oor hul voorgestelde werkwyse en Agri SA se span het bepaalde insette in dié verband gelewer. Daar is ooreengekom dat die partye met mekaar in kontak sal bly. Die spesiale meester beoog 'n aantal loodsprojekte om hul metodologie vir die spoedige afhandeling van hierdie tipe eise te toets.

SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

Natuurlike Hulpbronne

Wayman Kritzinger dien as voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne. Hy word bygestaan deur Willem Symington as ondervoorsitter en Cornie Swart as addisionele lid. Janse Rabie dien as funksionaris.



Wayman Kritzinger







WATERSAKE

Agri SA het oor die afgelope 12 maande sy posisie as leier in die ontwikkeling en bestuur van waterbeleid vir die landbousektor herbevestig.

Agri SA se watermandaat

(* Aanvaar tydens Agri SA se 2019-kongres)

I. Agri SA en sy geaffilieerde lede bevestig hul verbintenisse tot volle en behoorlike implementering en afdwinging van Suid-Afrika se Nasionale Waterwet en die onderliggende waardes daarvan.

II. Agri SA en sy geaffilieerde lede bevestig en erken ten volle dat:

- i. Water 'n skaars nasionale hulpbron is wat in baie verskillende vorms voorkom en deel vorm van 'n unitêre, interafhanklike siklus;
- ii. Die uiteindelige doel van waterhulpbronbestuur is om die volhoubare gebruik van water ten voordeel van alle watergebruikers te verseker;
- iii. Die nasionale regering algehele verantwoordelikheid dra vir en outoriteit het oor die nasie se waterhulpbronne en die gebruik daarvan;
- iv. Alle aspekte van waterhulpbronne op 'n geïntegreerde wyse bestuur moet word, wat waar van toepassing, die afwenteling van bestuursfunksies na streeks- of opvanggebiedsvlak vereis ten einde sinvolle deelname deur alle watergebruikers te bewerkstellig; en
- v. Beskerming van die gehalte van waterhulpbronne en behoorlike instandhouding van die infrastruktuur wat die gebruik daarvan moontlik maak, noodsaaklik is vir die volhoubaarheid van Suid-Afrika se landbousektor.

III. Agri SA en sy geaffilieerde lede is dus verbind tot aktiewe ondersteuning van en deelname aan enige en alle inisiatiewe wat ten doel het:

- i. Om te verseker dat watergebruikers deur Agri SA se geaffilieerde lede wettig is ingevolge die Nasionale Waterwet en dat onwettige gebruik van water nie aanvaarbaar is nie;
- ii. Bevordering van watergebruiksdoeltreffendheid, insluitend die gebruik van toepaslike meting en ander tegnologie ten einde waterverliese en -vermorsing tot 'n minimum te beperk;

- iii. Voorkoming van waterbesoedeling en die agteruitgang van infrastruktuur wat die gebruik daarvan moontlik maak;
- iv. Om voorsiening te maak vir en behulpsaam te wees met spoedige voltooiing van die verifiëring en geldig maak van bestaande wettige watergebruiksregte in die landbousektor;
- v. Progressiewe bevordering van 'n ten volle inklusiewe en verteenwoordigende landbousektor wat bydra tot 'n vooruitstrewende en stabiele land en streek;
- vi. Bevordering van en hulp met die identifisering en spoedige ontwikkeling van onbenutte waterhulpbronne vir transformasiedoeleindes;
- vii. Handhawing van landbougebruikers se regmatige plek in goed toegeruste en ten volle funksionele opvanggebied-bestuursagentskappe en plaaslike waterbestuurs-instellings; en
- viii. Handhawing en versterking van 'n verhouding van verantwoordelike burgerskap, toerekenbaarheid en wedersydse vertroue met die regering.

Rouwatertarief-onderhandelings

Deur aktiewe deelname aan die sektor-spesifieke en nasionale tariefkoste-beraadslagings vir ongesuiwerde water, kon Agri SA daarin slaag om voordelige tariewe vir dié water namens sy lede te beding. Met verwysing na waterhulpbronbestuurskoste, is 'n styging van 6,5% beding vir alle waterbestuursgebiede (behalwe die Oranje-bestuursgebied waar 'n toename van 15,66% beding is ingevolge die Nasionale Waterprysingstrategie). Wat waterhulpbron-infrastruktuurkoste betref, is die onderhandelde koste beperk tot 16,5% (d.w.s 10% plus PPI soos in April 2019). Aanvanklike voorstelle in hierdie verband het stygings van tot 50% ingesluit.

Vrywillige waterfonds

Agri SA bestuur 'n vrywillige waterfonds (VWF), waartoe verskeie besproeiingsrade en watergebruikersverenigings oor die land heen bydra. Die doel van die fonds is om landbouwateraangeleenthede wat 'n aansienlike impak op besproeiingslandbou het, aan te spreek, veral waar van nasionale belang.

Gedurende 2019 is fondse van die VWF aangewend om 'n bydrae te maak tot die regskoste in twee hofsake



met betrekking tot die permanente en tydelike oordrag van watergebruiksregte, 'n watergehaltetoetsing- en aksieprojek langs die Benede-Oranjerivier (Gariëpwatch) asook Agri SA se watersimposium (besonderhede hier-voor volg elders in die verslag).

Die feit dat instellings voortgaan om by te dra tot dié vrywillige fonds ten spyte van die huidige ekonomiese afswaai, beklemtoon die belangrikheid van water.

Proaktiewe oplossings vir verswak-kende watergehalte

Agri SA raak toenemend bekommerd oor die agteruitgang van watergehalte en die implikasies daarvan vir die landbou. Die besoedeling van waterhulpbronne het in 2019 baie aandag in die media geniet. Om te verseker dat die kwessie van besoedeling aangespreek word, doen Agri SA voortdurend 'n beroep op die departement van water en sanitasie (DWS) om sy monitering-, afdwinging- en verslagdoeningsfunksies ten opsigte van watergehalte oral in die land op te skerp. Implementering van hulpbronnklassifikasie, hulpbrongehalte-oogmerke en Blou Druppel- en Groen Druppel-stelsels is voorbeelde hiervan.

Agri SA is aktief betrokke by 'n projek wat handel oor die agteruitgang van watergehalte in die Benede-Oranjerivier. Deur deelname in 'n breë, inklusiewe groepering bekend as Gariëpwatch, word watergehalte oor 'n groot gedeelte van die rivier deur 'n eksterne geakkrediteerde diensverskaffer en laboratorium gemoniteer en getoets.

“ Deur deelname in 'n breë, inklusiewe groepering bekend as Gariëpwatch, word watergehalte oor 'n groot gedeelte van die rivier deur 'n eksterne geakkrediteerde diensverskaffer en laboratorium gemoniteer en getoets.

Al die betrokke belanghebbendes, insluitend georganiseerde landbou, die tersaaklike nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede en rolspelers (asook die departement van gesondheid en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering), is betrek by hierdie inisiatief wat ten doel het om bewysbare oplossings te vind vir 'n enorme probleem. Terwyl die omvang van die Gariëpwatch-inisiatief tans beperk is tot die Benede-Oranjerivier, dui die sukses van die projek op 'n werkbare model waardeur verswakkende watergehalte oral in Suid-Afrika aangespreek kan word.

Agri SA-watersimposium 2019

In Augustus 2019 het Agri SA 'n hoogs suksesvolle watersimposium in die Wes-Kaap aangebied met die tema “*Agriculture's Water Challenges: Drilling for Solutions*”. Die simposium is bygewoon deur verteenwoordigers van die regering, akademici en waterbestuursinstellings, met uitgebreide kundigheid en ervaring in bestuur, beheer, risiko en watergebruik in die landbousektor.

Die sprekers was dr Ivan Meyer (minister van landbou in die Wes-Kaap), mnr Jürgen Kögl (sameroeper vir die Spesiale Adviespaneel van die minister van menslike nedersettings, water en sanitasie), prof Mike Muller (besoekende adjunk-professor, Wits-universiteit), prof Andries Jordaan (Universiteit van die Vrystaat), mnr Anil Singh (adjunk-direkteur-generaal van die departement van water en sanitasie), me Mary-Jean Gabriel (direkteur departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling) en mnr Nic Knoetze (hoof-uitvoerende bestuurder, Suid-Afrikaanse Assosiasie van Watergebruikersverenigings).

Die simposium het 'n forum geskep vir Agri SA en die regering om hul onderskeie posisies en uitdagings ten opsigte van water vir landboudoeleindes te stel en te bespreek. Die geleentheid het ook voorsiening gemaak vir robuuste samesprekings oor water vir die sektor en het bygedra tot sterker verhoudings met sleutelbelanghebbendes.

Een van die belangrikste uitkomstes van die simposium was 'n verbintenis deur die departement van water en sanitasie (DWS) tot kwartaallikse vergaderings met Agri SA om die posisie van water vir die landbousektor te bespreek en om die verhouding tussen die regering en die organisasie te verbeter.



Versterkte verhouding met die regering

Die departement van water en sanitasie, as reguleerder en bewaarder van waterhulpbronne, is 'n noodsaaklike rolspeler in die watersektor. Oor die afgelope jaar het Agri SA onvermoeid gewerk om sy verhouding met die departement te versterk en om sy posisie as bekwame en betroubare vennoot van die regering in hierdie opsig te herbevestig. Met verloop van 2019 het hierdie verhouding gegroei en samewerking verbeter. Sprekend hiervan is die departement se deelname aan Agri SA se watersimposium en minister Lindiwe Sisulu se bywoning van Agri SA se 2019-kongres, haar boodskap aan geaffilieerde lede tydens hierdie geleentheid (en ander geleenthede) en haar verbintenis tot gereelde skakeling met Agri SA.

Goeie samewerking impliseer nie noodwendig dat ons altyd met mekaar saamstem nie. Waar ons in die afgelope jaar met die regering verskil het oor sekere aangeleenthede, is sodanige verskille uitgelig en bespreek deur middel van goeie wedersydse kommunikasie en gereelde interaksie. Hierdie benadering het die weg gebaan vir Agri SA om landboubelange te beskerm en die landbouperspektief te bevorder.

Nasionale Water- en Sanitasiemeestersplan

Op 28 November 2019 het die departement van water en sanitasie sy Nasionale Water- en Sanitasiemeestersplan (NWSMP) geloods. Die NWSMP is 'n belangrike beleidsinstrument wat die departement se visie vir waterbeheer en -bestuur tot en met 2030 en daarna uiteensit. Agri SA was aktief betrokke by die ontwikkeling van hierdie plan.

Hoewel daar beslis positiewe aspekte was, soos byvoorbeeld insigte oor wat beplan word vir die volgende dekades, met spesifieke datums daaraan gekoppel, was daar ook elemente van onsekerheid, insluitend voorgestelde nuwe institusionele ontwikkelinge. Van belang egter is dat ons deur middel van die NWSMP 'n duidelike aanduiding het van die regering se planne en die rigting waarin hy wil beweeg wat betref waterhulpbronne en infrastruktuurbestuur in Suid-Afrika, waarvoor ons vorentoe met die DWS in gesprek kan tree.

Oordraagbaarheid van watergebruiksregte

In 2017 het die departement van water en sanitasie (DWS) 'n hersiene beleidsposisie en instruksie aanvaar, naamlik dat die Nasionale Waterwet (NWA) nie sodanig vertolk kan word dat dit voorsiening maak vir privaat-verhandeling van watergebruiksregte nie. Agri SA het deurlopend volgehou dat die bepalings van artikel 25 van die NWA die aktiewe deelname van die minister van water en sanitasie vereis waar watergebruiksregte oorgedra word en dat die idee van private bilaterale transaksies nie ter sprake was nie. Sentraal tot die aangeleentheid is die doeltreffende gebruik van water deur die oorgawe van bestaande regte om meer toepaslike watergebruike deur middel van lisensiëring te bewerkstellig (d.w.s. die aktiewe deelname van die DWS is implisiet).

Agri SA het finansieel bygedra tot twee sake, naamlik:

- Tydlike oordragte van watergebruiksregte (*Witte-water Boerderye*) in die Wes-Kaapse Hoërthof; en
- Permanente oordragte van watergebruiksregte (*Doornkraal Besigheidstrust*) in die Noord-Gautengse Hoërthof.

[Finale uitspraak vir beide hierdie sake word in 2020 verwag].

OMGEWINGSAKE

Skaliegas-ontwikkeling

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne bly aan die voorpunt van die verset teen die voorgenome ontwikkeling van 'n skaliegasbedryf in Suid-Afrika. In die afwesigheid van inligting oor die beskikbaarheid van water en besonderhede oor hoe besmette grond en water behandel en van ontslae geraak sal word, kan Agri SA nie die voorgestelde ontwikkeling van 'n skaliegasbedryf in Suid-Afrika onderskryf of ondersteun nie.

Agri SA het 'n hersieningsaansoek gebring in die Hoërthof in Pretoria teen die waarnemende minister van omgewingsake se besluit om die organisasie se appél teen die toestaan van omgewingsmagtiging aan Rhino Oil & Gas vir eksplorasiebedrywighede in Noordwes, die Vrystaat,



KwaZulu-Natal en Oos-Kaap, van die hand te wys.

Terselfdertyd het die Appèlhof ook die vroeëre oorwinning in die Oos-Kaapse Hoërhof deur Agri SA se provinsiale affiliasie in daardie provinsie (Agri Oos-Kaap), wat die ongeldigheid van tegniese regulasies rakende hidrouliese breking bevestig het – soos gepubliseer deur die departement van mineraalhulpbronne – bekragtig. Die uitwerking hiervan was dat geen fisiese boorwerk vir skaliegas of die aanwending van hidrouliese brekingsmetodes toegelaat sou word voordat toepaslike tegniese regulasies deur die minister van omgewingsake, bosbou en visserie uitgevaardig is nie. Agri SA se aansoek het dus ter sprake gekom en is onttrek.

Mynbou en landbou

Agri SA en die Mynboraad van Suid-Afrika (MinCoSA) is partye tot 'n memorandum van verstandhouding wat, onder meer, beoog om 'n kommunikasieplatform te skep vir aangeleenthede van wedersydse belang. Agri SA en MinCoSA het ingevolge hierdie MoU 'n eksterne konsultant aangestel om ondersoek te doen en gebiede te identifiseer waar landbou en mynbou saam kan bestaan. Dit sluit in die voorbereiding van 'n oorlegsel-atlas wat gebruik kan word deur die departement van mineralehulpbronne wanneer 'n besluit geneem word oor mynbou in sekere hoëwaarde-landbougebiede.

Agri SA is bekommerd oor die uitbreiding van onoordeelkundige mynboubedrywighede ten koste van landbougrond. Alternatiewe strategieë, met inbegrip van dataversameling oor nuwe en bestaande myne (wat druk plaas op aandeelhouders van mynmaatskappye om aan hul omgewingsverpligtinge te voldoen), is aan ons affiliasies voorgelê en word tans geïmplementeer. Agri SA beoog ook om toepaslike mynmaatskappye te help met hul rehabilitasieverpligtinge, veral om voormalige mynvelde tot produktiewe landbougrond te rehabiliteer.

Biologiese beheer oor uitheemse- en indringerspesies

Agri SA het aktief hulp verleen aan die Sentrum vir Biologiese Beheer en Rhodes Universiteit met programme om biologiese beheermaatreëls daar te stel ten einde uitheemse- en indringerspesies te bestuur. Daar

is aanduidings dat hierdie inisiatief moontlik die weidingspotensiaal en aanwending van weiveld in Suid-Afrika dramaties kan verbeter.

LandCare en bewaringslandbou

Agri SA het aktief saamgewerk met die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling aan inisiatiewe om grondverswakking teen te werk. Dit sluit in die formulering van 'n omvattende strategie om bankrotbosindringing oor Suid-Afrika heen te bestry asook hulp aan die regering met sy formulering van 'n bewaringslandboubeleid.

Square Kilometre Array

Agri SA is 'n party tot 'n memorandum van verstandhouding met die *Square Kilometre Array* (SKA)-bestuursowerheid. Agri SA gaan voort om sy geaffilieerde lede by te staan in onderhandelings en met die oplossing van probleme wat voortspruit uit die SKA se bedrywighede in die Noord-Kaap.

“ Agri SA is 'n party tot 'n memorandum van verstandhouding met die Square Kilometre Array (SKA)-bestuursowerheid. Agri SA gaan voort om sy geaffilieerde lede by te staan in onderhandelings en met die oplossing van probleme wat voortspruit uit die SKA se bedrywighede in die Noord-Kaap.

SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

Landelike Veiligheid

Tommie Esterhuyse is die voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid, ondersteun deur Joe Scholtz as ondervoorsitter en Uys van der Westhuijzen as dagbestuurslid. Kobus Visser tree op as funksionaris.



Tommie Esterhuyse







Die ernstige veiligheidsbedreiging, wat plaasaanvalle en -moorde insluit asook algemene misdadigheid wat die landbougemeenskap beleef, maak dit noodsaaklik dat Agri SA en sy provinsiale organisasies deurlopend toegewyde aandag hieraan gee.

Die afkondiging van die inperkingmaatreëls om die verspreiding van die Covid-19-virus te beperk, het verder druk geplaas op die veiligheid van die landbougemeenskap deurdat hulle meer aandag aan hulle veiligheid in dié tydperk moes gee. Dit bly die regering se verantwoordelikheid om alle landsburgers veilig te hou, maar weens die huidige veiligheidsbedreiging en die inperkingmaatreëls speel die boerderygemeenskap 'n groter rol in hulle eie asook die gemeenskap se beveiliging.

Die Sentrum van Uitnemendheid se werksaamhede is dus toegespits op veiligheidsaspekte wat 'n uitwerking het op boerderygemeenskappe se persoonlike veiligheid en op algemene misdadigheid.

Die Sentrum van Uitnemendheid fasiliteer Agri SA se beïnvloeding van beleid, wetgewing en programme wat betrekking het op die veiligheid en sekuriteit van boerderygemeenskappe en die landelike omgewing.

Die werksaamhede van die Sentrum van Uitnemendheid word ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), Korrektiewe Dienste, Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS), wat gereeld vergaderings van die sentrum bywoon en insette lewer.

Gesprek met nasionale kommissaris van polisie

'n Versoek is tot die nasionale kommissaris van polisie gerig waarin hy versoek word vir 'n gespreksgeleentheid om oor verskeie aspekte wat die sentrum se aandag verg en waarvoor uitklarings nodig is. Van die aspekte sluit in die beskikbaarstelling van voertuie aan koördineerders van landelike veiligheid, die vestiging van snelreaksie-eenhede, die daarstel van spesialiseenhede vir landelike beveiliging, waarby ingesluit is 'n ondersoekhoedanigheid, die doeltreffende implementering van beleid oor die bekamping van betreding en grondbesettings. 'n Antwoord op die versoek word nog van die nasionale kommissaris afgewag.

Landelike Beveiligingstrategie

Die hersiene Landelike Beveiligingstrategie is deur die minister van polisie op 11 Oktober 2019 in Louis Trichardt bekend gestel. Die meerderheid insette van die sentrum is in die strategie opgeneem ter bevordering van landelike veiligheid. Tydens die bekendstelling het die minister 'n minuut van stilte vir boere en plaaswerkers wat tydens plaasaanvalle vermoor is, gehandhaaf. Die minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling het ook tydens Agri SA se kongres erkenning gegee aan die negatiewe uitwerking wat plaasmoorde op die landbou het. Dit was vir die sentrum duidelik tydens die bekendstelling dat daar 'n positiewe verandering by die regering was oor die uitwerking van plaasmoorde op die landbougemeenskap.

“ Die minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling het ook tydens Agri SA se kongres erkenning gegee aan die negatiewe uitwerking wat plaasmoorde op die landbou het. Dit was vir die sentrum duidelik tydens die bekendstelling dat daar 'n positiewe verandering by die regering was oor die uitwerking van plaasmoorde op die landbougemeenskap.

Die volgende fokus-areas word in die nuwe strategie beklemtoon:

- Die klem op georganiseerde misdaadontleding en die moontlike betrokkenheid daarvan by landelike misdaad;



- Die kwartaallikse monitering van die implementering van die strategie;
- Gemeenskapsbetrokkenheid en rolspelers se samewerking om misdaad te bekamp deur gebruik te maak onder meer van private ondersteunende tegnologie. In dié verband het Agri SA reeds hiermee gevorder met die ooreenkoms wat gesluit is met Fidelity ADT;
- Wetgewing en stelsels wat beperkend inwerk op misdaadbekamping, moet aandag geniet; en
- Die prioriteite van die strategie is die bekamping van plaasaanvalle en veediefstal met die byvoeging van die bekamping van plaasinfrastruktuurvernietiging, wat Agri SA gemotiveer het met behulp van die inligting wat hy aan die polisie kon voorlê deur sy 2018-misdaadopname.

Vuurwapenwetgewing

Die minister van polisie het 'n amnestieperiode afgekondig waarvolgens ongelisensieerde vuurwapens en ammunisie by die polisie ingehandig kan word, sonder vervolging. Die amnestie het ook voorsiening gemaak dat wapeneienaars wat nagelaat het om hulle vuurwapens betyds te herlisensieer, die wapens kan inhandig, maar binne 14 dae kan aansoek doen vir die herlisensiëring daarvan. Hierdie aankondiging van die minister van polisie is ook in lyn met 'n vorige versoek van Agri SA aan die minister. Die sentrum het lede aangemoedig om van hierdie toegewing gebruik te maak om hulle vuurwapens weer wettig gelisensieer te kry.

Dit het onder die sentrum se aandag gekom dat aangewese vuurwapenbeamptes by polisiestasies herontplooi is om ander funksies te verrig en dus nie hernuwingsaansoeke in terme van die amnestieperiode of in gevolge die bestaande wetgewing kan hanteer nie. Die beamptes kan wel vuurwapens en ammunisie ontvang vir vernietiging.

Die sentrum het die polisie genader vir uitklaring oor die prosedures wat nou gevolg behoort te word om die toegewing in die amnestieperiode te benut, asook die hernuwing van vuurwapenlisensies. In terme van die vlak 4-inperkingmaatreëls word die hernuwing van vuurwapenlisensies en bevoegdheidsertifikate as 'n essensiële diens geag. Vuurwapeneienaars mag dus hul polisiestatie nader vir die hernuwingsproses.

Reservistebeleidsraamwerk

Dit bly die Sentrum van Uitmendheid se standpunt dat 'n goed funksionerende reservistestelsel ondersteun met toepaslike opleiding, 'n voorvereiste vir die landbougemeenskap is om daarby betrokke te raak. Klem word in die hersiene Landelike Beveiligingstrategie geplaas op die belangrike rol wat reserviste sal speel om momentum te gee aan die implementering van die strategie. Die effektiewe implementering van die Reservistebeleid kom nie van die grond af nie en lei tot frustrasie by lede wat wil aansluit as 'n reservis. Dit is een van die belangrike aspekte wat die sentrum se aandag geniet en wat met die nasionale kommissaris bespreek sal word om te bepaal hoe die beleid aangepas behoort te word vir die doeltreffender inskakeling van die landbougemeenskap daarin.

Plaaswagte

Plaaswagte word in die Landelike Beveiligingstrategie erken as 'n belangrike deel van landelike veiligheid, as 'n aanvulling tot misdaadvoorkoming. Sedert die Covid-19-inperkingmaatreëls van krag geraak het, het landelike misdaad toegeneem, veral veediefstal, die onwettige slagting van vee en produkdiefstal, veral groenmielies.

“ Sedert die Covid-19-inperkingmaatreëls van krag geraak het, het landelike misdaad toegeneem, veral veediefstal, die onwettige slagting van vee en produkdiefstal, veral groenmielies.

Die inperkingregulasies maak nie voorsiening vir die funksionering van plaaswagte nie, behalwe in die geval waar hulle by die *Private Security Industry Regulatory Authority* (PSiRA) geregistreer is. Die oorgrote meerderheid plaaswagte is egter nie by PSiRA geregistreer en kan dus nie funksioneer nie. Die sentrum het ver-



soeke tot die minister van polisie en die minister van samewerkende regering en tradisionele sake gerig vir die akkommodering van plaaswagte as 'n essensiële diens in die regulasies. In Agri SA se voorlegging aan die regering rakende die hersiene risikostrategie, is die akkommodering van plaaswagte weer belig. Die aangeleentheid is tot datum nog nie opgelos nie en die sentrum gaan voort om die aangeleentheid by die regering te bevorder.

Grondbesettings

Grondbesettings in 'n verskeidenheid van vorme kom by sommige provinsies op 'n gereelde basis voor. Die oorsaak in die meeste gevalle van grondbesettings is 'n probleem van ondoeltreffende dienslewering aan gemeenskappe. Samehangend daarmee word die toepassing van nasionale instruksies in dié verband nie konsekwent deur die polisie toegepas nie. Die polisie voer nie hofinterdikte uit nie en daar bestaan 'n vermoede dat daar samespanning tussen die polisie, staatsaanklaers en die beskuldigdes is om die wetgewende proses te vertraag en om die klaer te ontmoedig om met die saak voort te gaan.

Dit is duidelik daar waar effektiewe georganiseerde landboustrukture bestaan met behoorlike skakeling met die plaaslike polisie, word gevalle van grondbesettings meer effektief en spoedig hanteer. 'n Belangrike les is uit vorige grondbesettingsake geleer naamlik dat, indien 'n perseel onbenut staan, dit omhein en gesluit behoort te wees. Hierdie optrede sal ook 'n dringende uitsettingsbevel ondersteun. Die meer effektiewe toepassing van beleid in dié verband word deur die sentrum gemonitor en sal ook met die nasionale kommissaris hanteer word.

“ 'n Belangrike les is uit vorige grondbesettingsake geleer naamlik dat, indien 'n perseel onbenut staan, dit omhein en gesluit behoort te wees. Hierdie optrede sal ook 'n dringende uitsettingsbevel ondersteun.

Gemeenskap in blou

Die doel van die polisie se beleid oor die gemeenskap in blou is die daarstel van 'n meer geformaliseerde konsep, waarbinne standaard gevestig kan word vir die funksionering van patroleerders, asook die aanmoediging van die gemeenskap om op 'n gestruktureerde wyse aan misdaadvoorkoming deel te neem. Die patroleerders sal bestuur word deur die plaaslike Gemeenskapspolisiëringforum (GPF), asook die polisiestasie. Dit is die sentrum se siening dat daar 'n wêreldtendens is om weg te beweeg van gemeenskapsbetrokkenheid by misdaadvoorkoming en eerder te fokus op intelligensiegedrewe polisiëring. Dit mag dalk nog 'n tyd neem voordat die konsep ten volle posvat in Suid-Afrika.

Wetgewing

Die sentrum het voorleggings gedoen met betrekking tot die hersiening van die Tweedehandse Goederewet, asook die Strafrekwysigingswet. Die voorleggings het gehandel oor die verbreding van die toepassing van die wetgewing en om dit moontlik te maak dat swaarder strawwe opgelê kan word wanneer persone skuldig bevind word aan 'n oortreding van die wetgewing. Die versoek vir die verbreding van die toepassing van die wetgewing het in hoofsaak gehandel oor die toename in plaasinfrastruktuurdiefstal en -vernietiging. Eersgenoemde wet se hersiening word tans deur die kabinet oorweeg en die Sentrum van Uitmendheid se aanbevelings rakende die hersiening van die Strafrekwysigingswet word deur die minister van justisie oorweeg.

Wet op Byeenkomste

'n Uitspraak in die Grondwet Hof rakende die verlening van toestemming deur 'n munisipale bestuurder vir persone om 'n protesaksie te loods, het bevestig dat dit nie meer nodig is vir toestemming indien die getal betogers 15 persone of minder is en indien die protesaksie nie gewelddadig is nie. Dit het gelei tot onsekerheid by sommige polisieledes oor hulle optrede, rakende die hantering van protesoptogte.

Navraag hieroor is by die polisie gedoen en die Sentrum van Uitmendheid is ingelig dat die polisie oor 'n staande operasionele prosedure beskik om protesoptredes te hanteer. Dit was egter vir die Sentrum van Uitmendheid duidelik dat daar verskeie gevalle is waar die



prosedure nie gevolg word nie, of waar die polisie te lank neem om die prosedure in landelike gebiede toe te pas. Hierdie optrede sal met die nasionale kommissaris bespreek word.

Fidelity ADT-ooreenkoms

Agri SA het 'n vennootskap met Fidelity ADT aangegaan om 'n reeks dienste en produkte aan sy lede en die landelike gemeenskap te bied in 'n poging om die hoë vlakke van plaasaanvalle en verwante landboumisdad aan te spreek. Gedurende die verslagtydperk is verskeie bekendstellingsgeleenthede gehou om die landbougemeenskap oor die ooreenkoms in te lig.

Die implementering van kamerastelsels is 'n nuttige hulpmiddel om 'n gebied te monitor en dien ook as 'n afskrikmiddel en andersyds help dit ook om misdadige aktiwiteite te identifiseer en toepaslike inligting aan die polisie te verskaf. Verskeie provinsies het die Sentrum van Uitnemendheid ingelig van suksesse wat behaal word met die implementering van kamerastelsels en die bydrae wat dit maak tot die arrestasie van kriminele. Samewerkingsprobleme met Sanral word in sommige provinsies ervaar oor die oprigting van kamerastelsels in die padreserwe. In dié verband is 'n brief aan Sanral geskryf om die probleem aan te spreek en waarin gevra is vir 'n gesprek om die kwessie op te los.

Oorgrensmisdad

In 'n opname wat die Sentrum van Uitnemendheid gedoen het oor die uitwerking van oorgrensmisdad op die boerderygemeenskap aan die internasionale grens, was dit duidelik dat boerderybedrywighede ernstig aan bande gelê word weens die effek van oorgrensmisdad. Dit is veral die betrokkenheid van georganiseerde misdad by veediefstal, asook die verhandeling van gesteelde vee in die grondgebied van Suid-Afrika, wat 'n ernstige probleem vir produsente is. Gebrekkige intelligensievermoë, ondoeltreffende grensbeskerming asook polisiestasies aan die grensgebied wat oor 'n beperkte vermoë beskik, is van die probleme wat in die verslag na vore gekom het.

'n Versoek is tot die president gerig om die oorgrensmisdadprobleem te bespreek met 'n verdere versoek dat die president met sy eweknieë in die buurlande die situasie sal bespreek, dat die Nasionale Skutwet spoedig afgekondig word; dat die

kapasiteit van polisiestasies aan die grens; asook die veediefstaleenhede versterk word; en dat die weermag se vermoë aan die grens uitgebrei word. Die Sentrum van Uitnemendheid is van mening dat, indien die versoeke geïmplementeer word, die oorgrensmisdadsituasie beter gehanteer sal word.

Transnet Forum

Die infrastruktuur van Transnet, sy pypleiding van Durban na Gauteng en Spoornet se spoornetwerk is in baie gevalle geleë op boere se eiendom. Groot hoeveelhede diesel word uit die pypleiding gesteel en Spoornet se infrastruktuur word vernietig om as skrootmateriaal te verkoop.

Transnet het vertroulike toeligting aan die Sentrum van Uitnemendheid verskaf rakende kabeldiefstal, asook die diefstal van diesel uit hulle pypleiding. Die pypleiding loop deur die volgende provinsies: KwaZulu-Natal, Vrystaat, Mpumalanga, Gauteng en Noordwes. Daar is die afgelope tyd 'n toename ervaar in die diefstal van diesel en optredes deur Transnet het gelei tot verskeie arrestasies en beslaglegging van eiendom.

Kommer bestaan oor die veiligheid van boere oor wie se grond die pypleiding loop en die moontlike samewerking en/of konfrontasie met kriminele elemente, omdat dit die boer se veiligheid raak. Transnet wil graag kommunikasie met die boere bevorder en vir dié doel is 'n nasionale forum gestig om kommunikasie te bevorder en toepaslike inligting uit te ruil.



Transnet wil graag kommunikasie met die boere bevorder en vir dié doel is 'n nasionale forum gestig om kommunikasie te bevorder en toepaslike inligting uit te ruil.



Internasionale fondswerwing

Die Sentrum van Uitnemendheid is ingelig dat 'n internasionale fondswerwingstrategie deur die dagbestuur in samewerking met die Agri Securitas Trustfonds ontwikkel is met die doel om internasionale bewustheid te kweek vir die veiligheidsuitdagings wat deur die landbou in Suid-Afrika ervaar word en om internasionale fondse te werf om te help met die implementering van die Landelike Beveiligingstrategie. Die proses wat voorgestel is, het die volgende ingesluit:

- 'n Gesprek met ambassadeurs het gedurende Februarie 2020 plaasgevind en dit is deur 23 ambassades en hoofde van missies bygewoon. By die geleentheid is toeligting verskaf oor landbouveiligheidsuitdagings;
- Gesprekvoering met die Amerikaanse ambassade. Verskeie gesprekke het met die ambassade plaasgevind, maar senior verteenwoordigers van die ambassade was nie ten gunste van 'n besoek deur Agri SA in Amerika nie. Die ambassade het wel te kenne gegee dat hulle sal help om fondse te ontsluit vir aanwending deur die Trustfonds om die boerderygemeenskap te help beveilig; en
- 'n Voorlegging aan die Wêreld Landbouers-organisasie (WFO) tydens sy vergadering in Mei 2020. Weens die wêreldwye Covid-19-inperking-maatreëls kon die voorlegging nie meer plaasvind nie.

Die fondse wat ingesamel word, sal deur die Agri Securitas Trustfonds geadministreer word, wat reeds 'n bewese rekord het en ook goeie korporatiewe bestuur handhaaf.

Ooreenkoms met AfriForum

Die ooreenkoms met AfriForum maak voorsiening vir die vestiging van kommunikasiekanale, die uitkakeling van duplisering en 'n onderneming om nie mededingende strukture waar plaaslike veiligheidstrukture reeds bestaan, te vestig nie. Gedurende die verslagjaar het die sentrum AfriForum se oproep tot nasionale patrollies bespreek. Hierna is 'n versoek aan AfriForum gerig om oorweging daaraan te skenk om die reëlins vir die aanbod van nasionale patrollies tydens Nasionale Prioriteitskomiteevergaderings te hanteer, waar alle rolspelers teenwoordig is en hulle samewerking verkry kan word.

Plaastoegangprotokol

Die Landelike Beveiligingstrategie gee erkenning aan die toepassing van 'n protokol vir toegang tot plase in sy regulatoriese verwysingsraamwerk. Agri SA se protokol in dié verband word wyd aanvaar as 'n geskikte protokol vir die doel. Die sentrum het gedurende die verslagjaar die streng en konsekwente toepassing van die plaastoegangsprotokol bevestig en lede versoek om toe te sien dat die protokol toegepas word.

Nasionale Non-Ferrous Crime Combatting-komitee

Die sentrum het kommentaar gelewer op die komitee se omdraaiplan. Hoewel 'n aparte misdadkode vir die rapportering van plaasinfrastruktuurvernietiging/-diefstal nie moontlik is nie, is 'n aparte kategorie op versoek van die sentrum onder die volgende misdade geskep vir die rapportering van spesifiek plaasinfrastruktuurvernietiging/-diefstal:

- Diefstal;
- Kwaadwillige saakbeskadiging; en
- Besit van gesteelde goedere.

Die kategorieë sal die polisie in staat stel om inligting van die MAS-stelsel te bekom oor watter tipe infrastruktuur gesteel of vernietig word, tendense en ook brandpuntegebiede dienooreenkomstig te bepaal, waarvolgens misdaadvoorkomingaksies geïmplementeer kan word.

Internasionale grensinfrastruktuur

In 'n brief aan die minister van openbare werke het die sentrum aan die minister die erns van oorgrensmisdad en die gepaardgaande geweld uitgewys. In dié verband is die minister versoek om die goedgekeurde infrastruktuurprojekte aan die grens so spoedig moontlik goed te keur, sodat die werk afgehandel kan word. Dit sluit in die grenspad tussen Suid-Afrika, Swaziland en Mosambiek, asook die grenspad tussen Suid-Afrika en Lesotho. 'n Verdere projek wat onder die aandag van die minister gebring is, is die afbakening van die grens tussen Suid-Afrika en Mosambiek. Die minister se antwoord in dié verband word afgewag.



“ In ’n brief aan die minister van openbare werke het die sentrum aan die minister die erns van oorgrensmisdaad en die gepaardgaande geweld uitgewys.

Landelikeveiligheidsforum

Verskeie gesprekke het gedurende die verslagjaar tussen die sentrum, TLU SA en die Veediefstalvoorkomingsforum plaasgevind, rakende die vestiging van ’n Landelikeveiligheidsforum om samewerking op die terrein van landelike misdaad en veediefstalvoorkoming te bevorder. Agri SA se direksie het op aanbeveling van die Algemene Sakekamer die nouer samewerking en die vestiging van ’n forum goedgekeur.

Die verdere doel met die forum is om uit een mond met die regering en ander belanghebbendes oor veiligheid te praat en ook gesamentlike optrede te loods, soos die uitreik van mediaverklarings. Die verwikkeling is positief ervaar deur lede van Agri SA, asook produsente in die algemeen.

Erkenning

Lede van die boerderygemeenskap, provinsiale affiliasies, asook veiligheids-verteenwoordigers, wat op verskeie vlakke bydraes lewer om die veiligheid van landelike gemeenskappe te verseker, verdien erkenning en waardering.

“ Lede van die boerderygemeenskap, provinsiale affiliasies, asook veiligheids-verteenwoordigers, wat op verskeie vlakke bydraes lewer om die veiligheid van landelike gemeenskappe te verseker, verdien erkenning en waardering.

’n Besondere woord van dank aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), Korrektiewe Dienste, en die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) vir hulle ondersteuning aan die komitee in sy poging om landelike veiligheid te bevorder.

AGRI SECURITAS TRUSTFONDS

Die raad van trustees van die Agri Securitas Trustfonds funksioneer onder voorsitterskap van Japie Grobler en Kobus Visser is die funksionaris.



Japie Grobler

AGRI SECURITAS

TrustFund | Trustfonds | 6461/01

PROTECTING THE FARMING COMMUNITY
BESKERM DIE BOERDERYGEMEENSAP



Inleiding

Die Agri Securitas Trustfonds beywer hom vir 'n veiliger landelike omgewing deur plaaslike beveiligingsprojekte te ondersteun. Verbandhoudende projekte is gerig op voorkomende maatreëls sowel as nasorg.

Die Trustfonds is daarop gerig om finansiële hulp aan boerderygemeenskappe beskikbaar te stel, ten einde die veiligheid van sodanige gemeenskappe te verbeter.

“ Die Trustfonds is daarop gerig om finansiële hulp aan boerderygemeenskappe beskikbaar te stel, ten einde die veiligheid van sodanige gemeenskappe te verbeter.

'n Belangrike aspek met die oorweging van die befondsing van projekte is die samewerking wat tussen die plaaslike gemeenskap en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) bestaan. Alle projekte wat ondersteun word, moet ook binne die wetlike raamwerk en institusionele werkwysse bedryf word. Aangesien die Trustfonds nie oor uitvoerende kapasiteit beskik nie, voer hy sy mandaat uit deur middel van ander organisasies, soos byvoorbeeld boereverenigings.

Ontstaan van die Trustfonds

